



Wes-Kaapse
Regering



Jaarverslag 2022/23

Departement van Maatskaplike



**Wes-Kaapse
Regering**

VIR JOU

Maatskaplike Ontwikkeling

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Wes-Kaap

**Begrotingspos 7
Jaarverslag
2022/2023 Boekjaar**

Vrywaring

- Die Engelse weergawe van hierdie jaarverslag word as die amptelike teks beskou. Die Afrikaanse en isiXhosa-vertalings van hierdie publikasie is op aanvraag beskikbaar.
- Die Departement kan nie aanspreeklik gehou word vir enige wanvertolkings wat tydens die vertaalproses kon voorgekom het nie.
- In geval van enige verkeerde vertalings wat tydens die vertaling van hierdie dokument kon voorgekom het, sal die Engelse weergawe as bronteks geld.
- Hierdie Jaarverslag is saamgestel deur die Hoofdirektoraat: Sakebeplanning en -strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Inhoud

| | |
|---|------------|
| Deel A: Algemene inligting | 5 |
| 1. Algemene inligting van Departement | 5 |
| 2. Afkortings en akronieme | 6 |
| 3. Voorwoord deur die Minister | 8 |
| 4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte | 10 |
| 5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die jaarverslag | 22 |
| 6. Strategiese oorsig | 23 |
| 6.1. Visie | 23 |
| 6.2. Missie | 23 |
| 6.3. Waardes | 23 |
| 7. Wetgewende en ander mandate | 24 |
| 8. Organisatoriese struktuur | 34 |
| 9. Entiteite wat aan die Minister/LUR rapporteer | 34 |
| Deel B: Prestasie-inligting | 35 |
| 1. Verslag van die Ouditeur-generaal: Voorafbepaalde doelwitte | 35 |
| 2. Oorsig oor departementele prestasie | 35 |
| 2.1 Diensleveringsomgewing | 35 |
| 2.2. Diensleweringverbeteringsplan | 37 |
| 2.3. Organisatoriese omgewing | 38 |
| 2.4. Sleutelbeleidontwikkelings en wetgewende veranderinge | 40 |
| 3. Bereiking van institutionele impak en uitkomste | 40 |
| 4. Prestasie-inligting volgens institutionele program | 43 |
| 4.1 Program 1: Administrasie | 43 |
| 4.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste | 47 |
| 4.3 Program 3: Kinders en gesinne | 54 |
| 4.4 Program 4: Herstellingsdienste | 63 |
| 4.5 Program 5: Ontwikkeling en navorsing | 74 |
| 5. Oordragbetalings | 83 |
| 5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite | 83 |
| 5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite | 83 |
| 6. Voorwaardelike toelaes | 83 |
| 6.1 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse betaal | 83 |
| 6.2 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse ontvang | 83 |
| 7. Skenkerfondse | 85 |
| 8. Kapitaalbelegging | 86 |
| 8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan | 86 |
| Deel C: Bestuurstoesig | 90 |
| Deel D: Menslikeh ulbronbestuur | 106 |
| 1. Inleiding | 106 |
| 2. Status van mensebestuur in die Departement | 106 |
| 2.1 Departementele arbeidsmagbeplanningsprioriteite | 106 |
| 2.2 Werknemerprestasiebestuur | 107 |
| 2.3 Werknemerwelstand | 107 |

| | | |
|--|---|------------|
| 2.4 | Monitering van mensebestuur | 107 |
| 3. | Oorsigstatistiek oor mensebestuur | 108 |
| 3.1 | Personeelverwante besteding | 108 |
| 3.2 | Indiensneming en vakatures | 112 |
| 3.3 | Posevaluering | 114 |
| 3.4. | Veranderinge in indiensneming..... | 116 |
| 3.5. | Diensbillikheid | 123 |
| 3.6. | Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede | 130 |
| 3.7. | Vul van SBD-poste..... | 131 |
| 3.8. | Werknemerprestasie..... | 133 |
| 3.9 | Buitelandse werkers | 135 |
| 3.10 | Verlofbenutting vir die tydperk 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022 | 136 |
| 3.11 | Gesondheidsbevorderingsprogramme, insluitende MIV en VIGS | 140 |
| 3.12 | Arbeidsbetrekkinge | 143 |
| 3.13 | Vaardigheidontwikkeling | 146 |
| 3.14 | Besering aan diens | 148 |
| 3.15 | Benutting van konsultante..... | 149 |
| Deel E: PFMA-nakomingsverslag | 151 | |
| 1. | Onreëlmataige, vrugtelose en verkwistende, ongemagtigde besteding en wesenlike verliese | 151 |
| 1.1 | Onreëlmataige besteding | 151 |
| 1.2 | Vrugtelose en verkwistende besteding | 155 |
| 1.3 | Ongemagtigde besteding | 157 |
| 1.4 | Bykomende openbaarmaking in verband met wesenlike verliese ingevolge artikel 40(3)(b)(i) en (iii), PFMA | 159 |
| 2. | Laat en/of niebetaling van verskaffers..... | 160 |
| 3. | Voorsieningskanaalbestuur | 161 |
| 3.1 | Verkryging op ander maniere | 161 |
| 3.2 | Kontrakwysigings en -uitbreidings | 163 |
| Deel F: Finansiële inligting | 164 | |
| 1. | Verslag van die Ouditeur-generaal | 165 |
| 2. | Finansiële jaarstate | 173 |
| | Bylae A: Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite | 240 |
| | Bylae B: Kontakbesonderhede | 240 |

Deel A: Algemene Inligting

1. Algemene inligting van Departement

Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Straatadres: Queen Victoria-straat 14
Kaapstad 8001

Posadres: Privaat sak X9112
Kaapstad 8000

Rig asseblief navrae oor hierdie dokument aan:

E-pos: DSDBusinessPlanning@westerncape.gov.za
Tel.: (27)21-483 5121
Tolvrye no.: 0800 220 250
Webtuiste: <http://www.westerncape.gov.za>

PR: **193/2023**

ISBN: **978-0-621-51311-0**

Titel van publikasie: Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling:
Jaarverslag 2022/23

2. Afkortings en Akronieme

| Akroniem | Verklaring |
|----------|---|
| BBSEB | Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| BGV | Beroepsgeondheid en -veiligheid |
| BRS | Basiese Rekeningkundige Stelsel |
| COIDA | Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes |
| DLVP | Diensleweringverbeteringsplan |
| DMO | Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: |
| DSA | Departement van Staatsdiens en Administrasie |
| DvdP | Departement van die Premier |
| DvGW | Departement van Gesondheid en Welstand |
| Dvl | Departement van Infrastruktuur |
| GGG | Geslagsgebaseerde geweld |
| GGO | Gemeenskapsgebaseerde Organisasies |
| GVOS | Gemeenskapsvoeding-en-ontwikkelingsentrum |
| IJM | In-jaar-monitering |
| IKB | Institutionele Kapasiteitsbou |
| IT | Inligtingstegnologie |
| KDS | Korporatiewedienstesentrum |
| KJSS | Kinder- en Jeugsorgsentrum |
| KJSW | Kinder- en Jeugsorgwerker |
| LOGIS | Logistieke Inligtingstelsel |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad |
| MBT | MIV-berading-en-toetse |
| MTBR | Mediumtermyn-bestettingsraamwerk |
| MTSR | Mediumtermyn-strategieraamwerk |
| NDMO | Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling |
| NDOO | Nie in diens, onderwys en/of opleiding |
| NRO | Nieregeringsorganisasie |
| NSS | Naskoolsorg |
| NVG | Nasionale Vervolgingsgesag |
| OGSA | Ouditeur-generaal van Suid-Afrika |
| ORB | Ondernemingsrisikobestuur |
| ORBK | Ondernemingsrisikobestuurskomitee |
| OSW | Organisasie sonder winsoogmerk |
| PAIA | Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting |
| PERSAL | Personnelsalarisstelsel |

| Akroniem | Verklaring |
|-----------------|---|
| PFD | Provinciale Forensiese Dienste |
| PFMA | Wet op Openbare Finansiële Bestuur |
| POPIA | Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting |
| PSP | Provinciale Strategiese Plan |
| PT | Provinciale Tesourie |
| RB | Rekenpligtige Beampte |
| RBS | Rekenpligtigebeamptestelsel |
| VWBSD | Besoldigde werk buite die staatsdiens |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SASSA | Suid-Afrikaanse Maatskaplikesekerheidsagentskap |
| SBD | Seniorvlakbestuursdiens |
| SEB | Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| SKOOR | Staande Komitee oor Openbare Rekeninge |
| SKP | Sakekontinuïteitsplan |
| SKP | Sakekontinuïteitsplan |
| MGS | Middelgebruikversteuring |
| SWP | Standaardwerkprosedure |
| TSS | Thuthuzela-sorgsentrum |
| UOWP | Uitgebreide Openbarewerkeprogram |
| VKB | Voorsieningskanaalbestuur |
| VKO | Vroeëkinderontwikkeling |
| VvW | Vergoeding van Werknemers |
| WGW | Werknemergesondheid en -welstand (WGW) |
| WKOD | Wes-Kaapse Onderwysdepartement |
| WKR | Wes-Kaapse Regering |

3. Voorwoord deur die Minister

Me. S.G. Fernandez

Provinciale Minister: Maatskaplike Ontwikkeling



Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, kom nou weer op die been ná die laaste onstuimige paar jaar wat deur die COVID-19-pandemie oorheers is.

Alhoewel dit lyk asof die ergste verby is, is die uitwerking oor alle regeringsektore en nieregeringsorganisasies (NRO) heen steeds beduidend. Die ekonomiese afswaai, wat deur die langtermynuitwerking van die pandemie, beurtkrag en wêreldwyse finansiële onstabilitet vererger is, sal steeds 'n negatiewe uitwerking op alle sektore hê, insluitende die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO).

Gemeenskappe oral in die Wes-Kaap is swaar getref deur die langtermynuitwerking van die pandemie. Sosio-ekonomiese uitdagings het toegeneem waarop die Departement binne 'n beperkte fiskale omgewing moes reageer. Ten spyte hiervan is ek trots om te kan sê dat DMO-personeel steeds daartoe toegewyd is om die kwesbaarste gemeenskappe in hierdie provinsie te dien, met betrekking tot die volgende fokusgebiede: geslagsgebaseerde geweld (GGG), kinderbeskerming, middelgebruikversteurings (MGS's), ouer persone en persone met gestremdhede.

Die DMO se 2022/23-Jaarverslag is aanduidend van 'n departement wat daarop gefokus is om dienste te lewer wat veilige en samehorige gesinstrukture en gemeenskappe moontlik maak.

Synde die leidende Minister ten opsigte van GGG in die provinsie, moet enige vordering wat gemaak word om die plaag van geweld teen vroue, kinders en die LGBTQIA+-gemeenskap te bekamp vermeld word. Gedurende die verslagtydperk, soos gerig deur die Provinciale Strategiese Plan (2019-2024) en die GGG-implementeringsplan, is verskeie GGG-intervensies deur die WKDMO geïmplementeer. Die agt Thuthuzela-sorgsentrums (TSS'e), in vennootskap met die Nasionale Vervolgingsgesag en die Departement van Gesondheid en Welstand, het ook geweldig bygedra tot onmiddellike sorg vir GGG-slagoffers en -oorlewendes.

Gedurende hierdie periode het die Departement 'n groter aanvraag ervaar van slagoffers wat psigososiale steundienste en hofsteundienste benodig, met 24 388 persone wat in 2022/2023 van dienste gebruik gemaak het – 'n aansienlike hoër syfer as die beplande teiken van 18 525.

Ons het ook die voortou geneem met die bekendstelling van die Wes-Kaapse Regering se transversale GGG-mediaveldtogg, "Break the Cycle", in brandpuntgebiede soos Khayelitsha en Delft. Skakeling met inwoners, veral mans, in Delft het die Departement in staat gestel om gemeenskapsgeleide oplossings te vind om GGG in hierdie gebied te verminder en te bekamp.

MGS's is groot bydraende faktore tot GGG, geweld en die ineenstorting van die gesinstruktuur. Die Departement het die opleiding en ontwikkeling van MGS-beroepslui geprioritiseer om hul prestatie, kennis en vaardighede te verbeter.

Die Departement sal voortgaan om die regte van kinders en gesinne wat sorg en beskerming benodig te ondersteun, te bemagtig en te bevorder. Wat kwesbare kinders betref, het die Wes-Kaapse DMO se dienste ten doel om hierdie kinders met die oorgang vanaf risiko na veerkrachtigheid by te staan deur bewysgebaseerde intervensies te gebruik wat beskermende hulpbronne in hul gesinne, gemeenskappe en skole mobiliseer en ontwikkel. Dit sal kinders in staat stel om as produktiewe, ambisieuse, gesonde en onafhanklike individue te ontwikkel.

Kinders met gestremdhede bly steeds 'n prioriteit. In die volgende jaar sal meer bedspasies vir kinders met gestremdhede in alternatiewe sorg in organisasies sonder winsoogmerk (OSW's) en Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) beskikbaar gestel word.

Ek bedank die OSW- en NRO-sektore dat hul voortgaan om met ons saam te werk ten spyte van geweldige finansiële beperkings. Sonder julle sou die regering beswaarlik elke behoeftige individu en gemeenskap kon dien. Die druk op dienste en hulpbronne het ernstig toegeneem, en ek aanvaar nie julle onvermoeide daaglikske ywer binne die maatskaplike diensteruimte as vanselfsprekend nie.

Ek bedank die toesighoudende entiteite, die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika, die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge en die Staande Komitee oor Maatskaplike Ontwikkeling van die Wes-Kaapse Parlement, wat verseker dat die Departement aanspreeklik gehou word en dat ons voortgaan om goeie en etiese bestuur te beoefen.

Laastens, dankie aan elke personeellid in die Departement vir jou geesdrif en toewyding om die burgers van die Wes-Kaap te dien. Diegene wat op voetsoolvlak werk en met uitdagings soos verbale en fisieke mishandeling deur kliënte te doen kry, weet gerus dat jy waardeer en ondersteun word. Dankie aan die toegewyde bestuurders en ons departementshoof, Dr. Robert Macdonald, wie dit vir my 'n eer is om mee saam te werk.



Provinciale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

Me. S.G. Fernandez

Datum: 31 Augustus 2023

4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte

Dr. Robert Macdonald

Rekenpligtige Beampte: Maatskaplike Ontwikkeling



Oorsig oor die werkzaamhede van die Departement

Ons land het met die begin van die 2022/23-boekjaar uit die nasionale ramptoestand verryk. Die pandemie en gevolglike ekonomiese en sosio-ekonomiese impak het egter 'n onuitwisbare uitwerking op die diensleweringsomgewing gehad waarbinne die Departement funksioneer. Ons gemeenskappe het meer kwesbaar vir armoede geword, aangesien werkloosheid en inflasie toegeneem het met gepaardgaande toenames in voedselosonsekerheid, haweloosheid, misdaad, geweld en GGG. Die ekonomiese toestande het ook die hulpbronne geraak wat vir die regering beskikbaar is, veral ten opsigte van begrotingsbesnoeiings wat oor die hele provinsie geïmplementeer is. Hierdie jaarverslag verteenwoordig die Departement se respons om die kwesbaarstes in ons provinsie binne 'n beperkte ekonomiese en fiskale omgewing by te staan.

Die Departement bly steeds verbind tot die versorging, welstand en beskerming van kinders sowel as hul gesinslede. Gedurende 2022/23 het die Departement op 6 916 gerapporteerde gevalle van kindermishandeling en -verwaarloosning gereageer. Alternatiewe sorgdienste is versterk met die volle implementering van die webgebaseerde Pleegsorgmoniteringstelsel. Teen einde Maart 2023 is 39 363 pleegsorggevallen op die stelsel gelaai – die totale getal pleegkinders in alternatiewe sorg. Om te verseker dat daar 'n voldoende getal opgeleide veiligheidsouers is wat tydelike veilige sorg kan bied vir kwesbare kinders wat sorg en beskerming benodig, is 220 nuwe veiligheidsouers as deel van die Departement se Veiligheidsouerprogram opgelei. Die werwing van gesikte veiligheidsouers bly egter 'n voortdurende uitdaging. Daarbenewens is ondersteuning aan 3 339 ouers en versorgers verskaf deur middel van departementeelbestuurde en departementeelbefondsde ouerskapprogramme, wat ouers voorberei en bygestaan het om met hul kinders herenig te word. Hierdie programme bied die nodige vaardighede om die gesinstruktuur te bewaar en 'n stabiele en funksionele omgewing daar te stel wat tot die welstand van alle gesinslede, veral kinders, bydra. Gemeenskapsgebaseerde dienste het 'n sleuteltoegangspunt vir kinders en hul gesinne gebly om toegang te kry tot dienste wat hul kognitiewe en fisiese gesondheid en welstand bevorder. Gedurende die oorsigjaar het 10 685 kinders deur middel van die Risihamodel toegang tot hierdie praktiese en terapeutiese dienste verkry. Daarbenewens het 6 397 kinders gebruik gemaak van naskoolse dienste wat deur die befondsde Naskoolsorgsentrus (NSS) aangebied is.

Die hoë voorkoms van geweld, veral teen vroue en kinders, het steeds 'n vernietigende uitwerking op ons maatskaplike weefsel. Die 26 befondsde GGG-skuilings het aan 2 369 vroue en hul kinders as slagoffers van misdaad en geweld toegang tot psigososiale en terapeutiese steundienste verskaf. Benewens tydelike akkommodasie het hierdie skuilings vaardigheidsontwikkelingsprogramme oor tuisversorging en rekenaargeletterdheid aan 421 vroue verskaf ter ondersteuning van hul ekonomiese onafhanklikheid wanneer hulle die skuilings verlaat. Toegang tot langtermyn-psigososiale steundienste is verder ook aan 3 939 slagoffers van seksuele misdrywe en gesinsgeweld oor die agt TSS'e in die provinsie heen verskaf. Hierdie dienste is versterk deur opleiding in terapeutiese steundienste wat aan 19 maatskaplike werkers van OSW's verskaf is. Die Departement, in vennootskap met die Saartjie Baartman-sentrum vir Vroue en Kinders in Athlone, is steeds die enigste Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in die land wat 'n OSW-gedreve model van die Khuseleka

Eenstopsentrum van stapel gestuur en geïmplementeer het. Gedurende hierdie periode kon 1 416 vroue en kinders as slagoffers van misdaad en geweld toegang verkry tot tydelike verblyf in skuilings, psigososiale steundienste, parajuridiese steundienste asook programme vir vaardigheidsopleiding en -ontwikkeling by die Sentrum. Verdere intervensies soos die Wes-Kaapse Regering (WKR) se veldtog van 365 dae teen GGG en die reeks "Courageous Conversations" wat deur provinsiale Minister Fernandez gefasilitateer is, het toenemende bewustheid rakende en toegang tot GGG-steundienste geskep. Premier Alan Winde se deelname aan die reeks "Courageous Conversations" het die Provincie se standpunt oor en prioritisering van die bekamping van GGG bevestig.

Die WKR het gedurende Oktober 2022 'n provinsiale beraad oor geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GGGV) aangebied, wat deur meer as 1 500 afgevaardigdes, sowel persoonlik as virtueel, bygewoon is. Die beraad het interaksie tussen die regering, die OSW-sektor, die private sektor en die burgerlike samelewing oor GBV-verwante kwessies soos befondsing, hulpbronbeperkings en toegang tot noodsaklike steundienste gefasilitateer. Vervolgens het 'n departementele afvaardiging aan die nasionale Presidensiële GGGV-beraad deelgeneem. Resolusies wat uit beide hierdie berade voortspruit, het gestalte gegee aan die hersiene GGG-implementeringsplan, wat in Maart 2023 aan die Provinsiale Kabinet voorgelê en goedgekeur is.

Werksaamhede ten opsigte van gesinsbewaring en -sorg het die verskaffing van herenigings- en herintegrasdienste aan haweloze volwassenes ingesluit. Hierdie dienste is uitgebrei, met die getal gesubsidieerde bedspasies in skuilings vir haweloze volwassenes wat van 2 028 in 2021/22 tot 2 398 in 2022/23 in 37 skuilings oor die provinsie heen toegeneem het. Hierdie skuilings het ook toegang tot maatskaplike dienste, voeding en vaardigheidsontwikkelingsprogramme aan kliënte gebied.

Om huishoudings waar voedselonsekerheid heers by te staan, het die departementele voedselverligtingsintervensies meer as 109 300 kwalifiserende begunstigdes van gekookte maaltye voorsien by die 111 departementele gemeenskapsvoeding-en-ontwikkelingsentrums (GVOS'e) en 512 gemeenskapskombuise oor die provinsie heen. Daarbenewens is 3 897 kospakkies aan kwalifiserende begunstigdes uitgedeel wat humanitêre hulpverlening benodig het. Tydens dieselfde periode is 4 189 geaffekteerde slagoffers van uitermatige swaarkry en rampgevalle van psigososiale steundienste en traumaberading voorsien deur maatskaplike werkers van die DMO. Kwasbare huishoudings het verdere steun ontvang deur die verskaffing van tydelike werksgeleenthede aan 1 048 deelnemers aan die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) gedurende die 2022/23-boekjaar.

Die Departement het voortgegaan om programme te implementeer wat op kwesbare jeugdiges gemik is. Dit het die uitbreiding van skoolgebaseerde misdaadvorkomingsprogramme ingesluit wat op lewensvaardighede, mentorskap, anti-afknouery, MGS, persoonlike woede en stresbestuur gefokus het om riskante gedrag onder leerders die hoof te bied. Gedurende die oorsigjaar het 11 197 leerders van Khayelitsha, Kraaifontein, Nyanga, Gugulethu, Delft, Mfuleni, Harare, Bishop Lavis, Phillipi, Phillipi-Oos, Mitchells Plain en Beaufort-Wes hierdie programme bygewoon. Psigososiale, terapeutiese en statutêre steundienste is ook aan kinders, jeugdiges en volwassenes in botsing met die gereg verskaf. Afwending- en proefdienste is versterk deur die akkreditasie van nege afwendingsprogramme wat by 67 afwendingsprogrammerreine aangebied is, sowel as die opleiding van 30 proefbeamtes oor herintegratie en nasorgdienste. Die nasionale Proefgevallebestuurstelsel is gedurende die 2022/23-boekjaar ten volle geïmplementeer. Dit het die proefbeamtes se besluitnemingsvermoëns verbeter om te verseker dat die mees toepaslike intervensies vir kinders in botsing met die gereg beskikbaar is. Daarbenewens het die Departement steeds ondersteuning verskaf in die vorm van toegang tot psigososiale steunprogramme aan GGG-slagoffers en -oortreders. Dit het 'n werksessie ingesluit wat deur 316 begunstigdes bygewoon is en wat daarop gefokus het om oortreders oor die gevolge van hul dade op te voed en hulle te help om hul gedrag te verander.

Sorg en ondersteuning ten opsigte van kinders en jeugdiges in departementele KJSS'e is gedurende 2022/23 versterk. Die upgraderings by die Outeniekwa KJSS in George, wat gedurende Junie 2022 voltooi is, het die kapasiteit van die fasilitet vanaf 80 na 140 bedspasies

verhoog vir jeugdiges in botsing met die gereg, insluitende kinders met ernstige gedragsuitdagings. Die ontwikkeling van 'n verwysingsroete vir kinders in KJSS'e, in vennootskap met die provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand (DvGW) en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), is gedurende die jaar van stapel gestuur om te verseker dat hulle geskikte sorg en steun ontvang.

Persone met gestremdhede, insluitende hul familielede, het steeds toegang tot programme en dienste ontvang wat hul welstand en waardigheid bevorder het. Werksaamhede om gemeenskapsgebaseerde dienste gedurende die verslagtydperk te versterk, het die opleiding en kapasiteitsbou van 88 personeellede in 12 befondsde organisasies ingesluit om te verseker dat hulle die nodige kennisbasis en vaardighede het om geskikte sorg en dienste aan persone met gestremdhede te lewer. Verder is 11 befondsde portuursteunstrukture tot stand gebring om gemeenskapslede en gesinne te ondersteun deur middel van berading en ouerskapvaardighedsprogramme in gebiede met geen toegang tot dienste nie. Die Departement het gedurende die jaar 'n vierde spesiaal aangepaste voertuig vir die vervoer van kinders met ernstige intellektuele gestremdhede oorhandig. Altesaam agt spesiaal aangepaste voertuie sal oorhandig word om die veilige vervoer van kinders met gestremdhede in dagsorgsentrumms te verseker, met nog vier voertuie wat in die 2023/24-boekjaar oorhandig sal word.

Die Departement het steeds sy statutêre verpligting nagekom om die regte van ouer persone te bemagtig, te beskerm en te bevorder. Dienste vir kwesbare ouer persone is gesteun met die volledige implementering van die nasionale elektroniese Register van Mishandelde Ouer Persone en opleiding van 101 maatskaplikedienspraktisyne om gevalle van verwaarloosing en vermoedelike mishandeling aan te teken en te rapporteer. Ter handhawing van die voorsiening van kwaliteitdienste, het die Departement verseker dat residensiëlesorgfasilitete en -dienssentrumms vir ouer persone geregistreer is en voldoen aan die minimum norme en standaarde soos gemandateer deur die Wet op Ouer Persone (2006).

Toelatings tot MGS-behandelingsprogramme en -dienste het in 2022/23 toegeneem namate beperkings op fasilitetskapasiteit verwyder is. Gemeenskapsgebaseerde programme het skoolgebaseerde programme ingesluit, wat aan leerders in hoërisikogebiede soos Elsiesrivier, Mitchells Plain, Ocean View, Kuilsrivier, Gugulethu en Khayelitsha aangebied is. Meer as 1 400 leerders het hierdie ondersteuningsprogramme benut, wat ontwerp is om bewustheid te skep, basiese lewensvaardighede te verskaf en opvoeders te steun rakende die beskikbaarheid van verwysingsroetes vir hierdie leerders.

Die jeug is histories en word steeds disproportioneel deur hoë werkloosheid geraak. Om die jeug by te staan, veral dié wat nie in diens, onderwys en/of opleiding (NDOO) is nie, is geleenthede vir toegang tot vaardigheid- en ontwikkelingsprogramme oral in die provinsie verskaf. Gedurende die 2022/23-boekjaar kon 14 566 jeugdiges toegang kry tot en deelneem aan akademiese en lewensvaardighedsprogramme wat by die Jeugkafees en befondsde gemeenskapsgebaseerde organisasies (GGO's) aangebied is. Daarbenewens het 346 jeugdiges toegang tot GGG-voorkoming-en-bewusmakingsprogramme gekry, wat deel gevorm het van die opleiding- en mentorskapprogramme. 'n Jeugkafee Ekspo is by die Nyanga Junction Jeugkafee as deel van die Jeugdag-herdenkings in 2022 aangebied. Benewens die bevordering van programme wat deur die Departement en OSW's aangebied word, het die Ekspo entrepreneursgeleenthede vir jongmense bekendgestel.

Die Departement het in die afgelope boekjaar voortgegaan om steun en leiding aan die OSW-sektor te voorsien. Gedurende die oorsigjaar is 61 opleidingsprogramme met 792 OSW's gefasiliteer, met 1 195 deelnemers wat dit bygewoon het. Hierdie opleidingsprogramme het op die belangrikheid van goeie bestuur, wetgewingsnakoming, organisatoriese volhoubaarheid en funksionaliteit gefokus. Daarbenewens is 13 opleiding- en kapasiteitsbousessies vir 127 departementele beampies aangebied om hul kennis en vaardighede oor OSW-wetgewing en kodes van goeie bestuur te verbeter.

Oorsig oor die finansiële resultate van die Departement

Departementele ontvangste

Tabel A: Departementele ontvangste

| Departementele ontvangste | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|---|--------------|----------------------------|---------------------------|--------------|----------------------------|---------------------------|
| | Skatting | Werklike bedrag ingevorder | (Oor-) /Onder-invordering | Skatting | Werklike bedrag ingevorder | (Oor-) /Onder-invordering |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Belastingontvangste | - | - | - | - | - | - |
| Casino's | - | - | - | - | - | - |
| Perdewedrenbelasting | - | - | - | - | - | - |
| Dranklisensies | - | - | - | - | - | - |
| Motorvoertuiglisensies | - | - | - | - | - | - |
| Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates | 895 | 895 | - | 813 | 814 | (1) |
| Oordragte ontvang | - | - | - | - | - | - |
| Boetes, strafgelde en verbeurings | - | - | - | - | - | - |
| Rente, dividende en huurgeld op grond | 42 | 274 | (232) | 27 | 27 | - |
| Verkoop van kapitaalbates | - | - | - | - | - | - |
| Finansiële transaksies in bates en laste | 321 | 815 | (491) | 352 | 1 124 | (772) |
| Totaal | 1 258 | 1 984 | (726) | 1 192 | 1 965 | (773) |

Departementele ontvangste

Eie inkomste gegenereer deur die Departement beloop 0,06% van die totale begroting. Die Departement se hoofbronne van inkomste was:

- invordering van skuld wat aan die Departement verskuldig is;
- kommissie op versekering en die aftrekking van loonbeslagorders;
- parkeerfooie en amptelike akkommodasiefooie soos volgens die beleid van die Departement van Infrastruktur (DVI); en
- verhaling van onbestede oordragbetalingsfondse van die vorige boekjare.

Die oorinvordering van inkomste vir die 2022/23-boekjaar beloop R723 duisend en is hoofsaaklik te wye aan toenames in die verhaling van skuld en huurgelde vir verblyf by fasiliteite en instansies.

Programbesteding

Tabel B: Programbesteding

| Programmaam | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|----------------------------|------------------|--------------------|-------------------------|------------------|--------------------|-------------------------|
| | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-) /Onder-besteding | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-) /Onder-besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Administrasie | 233 906 | 230 708 | 3 198 | 241 891 | 241 891 | - |
| Maatskaplikewelsynsdienste | 1 071 956 | 1 070 750 | 1 206 | 1 058 331 | 1 050 492 | 7 839 |
| Kinders en gesinne | 454 028 | 452 193 | 1 835 | 866 207 | 853 658 | 12 549 |
| Herstellingsdienste | 488 166 | 486 106 | 2 060 | 466 393 | 466 393 | - |
| Ontwikkeling en navorsing | 117 020 | 116 741 | 279 | 93 209 | 93 209 | - |
| Totaal | 2 365 076 | 2 356 498 | 8 578 | 2 726 031 | 2 705 643 | 20 388 |

Program 1:

Die program het 98.6 persent van sy begrotingstoewysing van R233.906 miljoen vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R3.198 miljoen hou verband met onderbesteding op vergoeding van werknemers (VvW) weens diensverlatings deur personeel, en die onderbesteding op goedere en dienste weens die gebruik van elektroniese platforms.

Program 2:

Die program het 99.9 persent van sy begrotingstoewysing van R1 072 miljard vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.206 miljoen hou verband met onderbesteding op oordragte en subsidies weens die vertraging in die operasionalisering van die gespesialiseerde voertuie vir persone met gestremdhede, en onderbesteding op kapitaalbates weens die vertraging in lewering van die gespesialiseerde voertuie met betrekking tot die wetlike verpligting voortspruitend uit die hofbevel rakende kinders met ernstige intellektuele gestremdhede. Die Departement het 'n aansoek om die oorrol van onbestede fondse by die Provinciale Tesourie (PT) ingedien.

Program 3:

Die program het 99.6 persent van sy begrotingstoewysing van R454.028 miljoen vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.835 miljoen hou verband met onderbesteding op VvW weens diensverlatings deur personeel.

Program 4:

Die program het 99.6 persent van sy begrotingstoewysing van R488.166 miljoen vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R2.060 miljoen hou verband met onderbesteding op VvW weens diensverlatings deur personeel.

Program 5:

Die program het 99.8 persent van sy begrotingstoewysing van R117.020 miljoen vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R279 duisend hou verband met onderbesteding op goedere en dienste weens die gebruik van elektroniese platforms, en onderbesteding op oordrag en subsidies weens uitstaande betalings ten opsigte van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA) aan UOWP-werkers. Die Departement het 'n aansoek om die oorrol van onbestede fondse by die PT ingedien.

Viremente

Tabel C: Verskaf besonderhede oor viremente in die oorsigjaar gemaak

| Hoofafdeling vanaf | Na | R'000 | Rede |
|---|--|-------------------------------------|---|
| Subprogram 1.2: Korporatiewe dienste | Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning | 536 | Die gedeeltelike betaling van Maart-rekeninge in die streke. |
| | Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning | 1 596 | Die hertoewysing van Inligtingstegnologie- (IT-)toerusting. |
| | Subprogram 2.2: Dienste aan ouer persone | 119 | Bykomende betalings is aan OSW's gemaak vir die bevordering van werksaamhede. |
| | Subprogram 2.3: Dienste aan persone met gestremdhede | 389 | Die gedeeltelike betaling van Maart-rekeninge by Sivuile Residensiële Sorgsentrum. |
| | | 2 | Die hertoewysing van IT-toerusting. |
| | Subprogram 3.3: Kindersorg en -beskerming | 9 | Styging in veiligheidsouerfooie. |
| | Subprogram 4.1: Bestuur en ondersteuning | 162 | Die hertoewysing van IT-toerusting. |
| | Subprogram 4.2: Misdaadvorkoming en -ondersteuning | 3 798 | Die gedeeltelike betaling van Maart-rekeninge en toename in brandstofverbruik vir kragopwekkers in reaksie op beurtkrag by fasiliteite. |
| | | 240 | Die hertoewysing van IT-toerusting. |
| | | 1 096 | Die gedeeltelike betaling van Maart-rekeninge en toename in brandstofverbruik vir kragopwekkers in reaksie op beurtkrag by fasiliteite. |
| Subprogram 1.3: Distrikbestuur | Subprogram 4.4: Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie | 114 | Bykomende betalings is aan OSW's gemaak vir die bevordering van werksaamhede. |
| | 19 | Die hertoewysing van IT-toerusting. | |
| | Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning | 1 465 | Vul van geprioritiseerde poste. |
| | Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning | 601 | Betaling van verlofgratifikasie vir diensverlatings deur personeel. |
| | Subprogram 2.3: Dienste aan persone met gestremdhede | 173 | Vul van geprioritiseerde poste. |

Fondse oorgerol

Tabel D: Verskaf besonderhede oor fondse oorgerol soos versoek van 2022/23 tot 2023/24

| Program | R'000 | Doel |
|---------------------------------------|-------|---|
| Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste | 1 206 | Die wetlike verpligting voortspruitend uit die hofbevel rakende kinders met ernstige intellektuele gestremdhede. Weens aansienlike prysstygings in die koste van voertuie en verwante bedryfskoste, het die Departement die oorrol van die oorblywende fondse van R1,056 miljoen vir die koste van die voertuie en R150 duisend vir die bedryfskoste versoek om die koste vir die verkryging van voertuie in die 2023/24-boekjaar te dek. |
| Program 5: Ontwikkeling en navorsing | 58 | Die betaling van uitstaande COIDA-bydraes vir UOWP-werkers. |

Inkomstebehoud

Tabel E: Verskaf besonderhede oor inkomste behou van 2022/23 tot 2023/24

| Program | R'000 | Doel |
|-------------------------------|-------|---|
| Program 3: Kinders en gesinne | 723 | Die oordrag van fondse na Risiha en instapsentrum ter ondersteuning van die implementering van die Delft-intervensieplan. |

Redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende besteding en die bedrae betrokke, sowel as stappe gedoen om dit te bekamp en herhaling te voorkom

| Redes vir vrugtelose en verkwistende besteding | Bedrag | Stappe gedoen | Voorkoming van herhaling |
|---|------------|---|--|
| Nienakoming van NTR 12.2.1. Eise teen die staat weens handelinge of versuum (artikel 76(h)) van die PFMA. J. Minyi: Metro-Noord-streek – Smart Connexion | R48 434.82 | Die voorval is as 'n vrugtelose en verkwistende saak heraangegee. Verwys vir skuldinvordering. | Die dissiplinêre proses is geïmplementeer. Kontrakbestuur vir hierdie area is hersien om te verseker dat voldoening gehandhaaf en nagekom word. |

Strategiese fokus oor die kort- tot mediumtermynperiode

Die Departement sal steeds die regte van kinders en gesinne wat sorg en beskerming benodig, ondersteun, bemagtig en bevorder. Ingevolge die mandaat van die Kinderwet (2005), om blootstelling aan uitermatige risiko's en skending van hul regte te verhoed, sluit dienste aan kwesbare kinders die volgende in: opvoeding en bewusmakingsprogramme soos ouerlike regte en verantwoordelikhede; traumaberading; psigososiale steundienste; die verskaffing van alternatiewe sorgdienste (pleegsorg en tydelike veilige sorg) sowel as ondersteuningsprogramme vir oorgangsorg en nasorg om hierdie kinders met hul gesinne of gemeenskappe van herkoms te herenig. Deur die Risiha-model en instapsentrums sal gemeenskapsgebaseerde dienste, soos basiese veiligheid en lewensvaardighede om die emosionele, fisiese en geestelike welstand van kwesbare kinders die hoof te bied, gelewer

word. NSS sal voortgaan om hierdie dienste te ondersteun deur die akademiese en voedingsbehoeftes van leerders te bevorder.

Dienste aan slagoffers van misdaad en geweld sal geprioritiseer word om veerkrachtige gesinne en veiliger gemeenskappe te bevorder. Kinders, jeugdiges en volwassenes in botsing met die geregtigheid sal toegang hê tot psigososiale steundienste, proefdienste en steundienste vir maatskaplike misdaadvorkeging. Hierdie dienste sal bestaan uit gemeenskapsgebaseerde en residensiële programme, soos gesinsbemagtiging-en-steunprogramme, proef- en afwendingsprogramme, residensiëlesekerheidsprogramme wat by die DMO aangebied word en befondsde KJSS'e sowel as 'n reeks hereniging- en nasorgintervensies.

Die Departement benadruk steeds die voorkoming van geweld teen vroue en kinders. Ter ondersteuning van hierdie benadering, sal die werksaamhede van die 26 GGG-skulings gehandhaaf word, met die verskaffing van langtermyn- psigososiale ondersteuning aan slagoffers van seksuele misdrywe en gesinsgeweld oor die agt TSS'e in die provinsie heen. Benewens toegang tot skulingdienste en psigososiale steundienste, word parajuridiese steundienste sowel as programme vir vaardighedsopleiding en -ontwikkeling by die TSS'e verskaf. Hierdie intervensies word deur die WKR se hersiene GGG-implementeringsplan gesteun.

Toegang tot MGS-behandelingsdienste sal steeds aan kliënte in gebiede met die grootste behoefte verskaf word. Hierdie dienste sal fokus op voorkoming- en vroeëintervensiedienste, wat op gemeenskapsgebaseerde of binnekasiëntvlak aangebied word. Nasorg- en herintegrasielidste is beskikbaar om kliënte suksesvol met hul gesinne te herenig.

Sorg- en steundienste sal verskaf word om kwesbare ouer persone in die provinsie te beskerm. Ter nakoming van die Wet op Ouer Persone (2006), sal alternatiewe sorg, residensiële en gemeenskapsgebaseerde sorg en steundienste ouer persone bemagtig om betekenisvolle en produktiewe lewens in hul gemeenskappe te lei.

Sleuteldienste aan persone met gestremdhede sal versterk word. In die volgende jaar sal meer bedspasies vir kinders met gestremdhede in alternatiewe sorg in OSW-KJSS'e beskikbaar gestel word. Volgehoue ondersteuning sal aan gestremdheidsdiens-en-mense-organisasies verskaf word, insluitende dagsorgsentrums en 24-uur-versorgingsfasilitete om te verseker dat die regte en welstand van kinders en volwassenes met gestremdhede gehandhaaf word.

Individue en huishoudings wat onder werksekerheid en werkloosheid gebuk gaan en nie in staat is om hulself te onderhou nie, sal toegang hê tot humanitaire noodlenigingsdienste. Hierdie begunstigdes kan baat by noodlenigingsvoordele, psigososiale steun, traumaberadingsdienste sowel as die Departement se kospakkieprojek. Daarbenewens het die UOWP ten doel om tydelike werksgeleenthede te skep in sektore wat die kwesbaarste groepe dien, d.w.s. die jeug, vroue, persone met gestremdhede en ouer persone. Voorts sal die departementele geteikende voedingsintervensie gekookte maaltye aan kwalifiserende begunstigdes by GVOS'e en gemeenskapskombuise verskaf.

Daar sal steeds op die ontwikkeling van NDOO-jeugdiges gefokus word. Dienste om hul holistiese groei en ontwikkeling te bevorder sal toegang tot digitale en aanlyn vaardighede dek, asook mentorskapprogramme deur die Jeugkafees en befondsde GGO's.

Die OSW-sektor sal steeds ondersteuning van die Departement ontvang om voldoening aan die OSW-wet te verseker. Dit sluit bystand van die OSW-hulptoontbank in om bystand te verleen met registrasie- en nakomingsaangeleenthede, asook opleidingsprogramme om goeie bestuur, aanspreeklikheid en organisatoriese volhoubaarheid te bevorder.

Openbare-private vennootskappe

Geen om te rapporteer nie.

Gestaakte aktiwiteite

Geen om te rapporteer nie.

Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Geen om te rapporteer nie.

Voorsieningskanaalbestuur

Ongevraagde bodvoorleggings aanvaar tydens die oorsigjaar

Geen ongevraagde aanbiedings is vir die verslagtydperk ontvang nie.

VKB-prosesse en -stelsels in werking om onreëlmataige besteding te verhoed

Die Rekenpligtigebeamptestelsel (RBS) wat voorsieningskanaalbestuur (VKB) en funksies vir die bestuur van roerende bates reguleer, is in werking. Die RBS sit die beleidsaspekte van voorsieningskanaalbestuur en die bestuur van roerende bates uiteen, terwyl die VKB-delegasies die besluitnemingsmag uiteensit wat uitvoering gee aan die prosesse in die RBS. Verskeie template en kontrolelyste is ook in werking wat as beheermaatreëls dien om te verseker dat die minimum verkrygingsvereistes, soos deur wetgewing bepaal, nagekom word. Die RBS tesame met sy geassosieerde delegasies en aanvullende template en kontrolelyste reël institusionele en administratiewe aksies in daagliks VKB-werksaamhede en mits dit gevvolg word, sal dit onreëlmataige besteding voorkom.

Uitdagings wat in VKB ervaar is en hoe dit hanteer is

Die VKB-eenheid het aangepas by die nuwe norm om binne 'n elektroniese omgewing te werk, aangesien die Departement innoverende maniere moes vind om sy werk tydens die COVID-19-pandemie te verrig. Die versterking en afdwinging van die gebruik van elektroniese stelsels wat reeds in werking is, is die sleutel tot die verbetering van VKB, aangesien dit verdere doeltreffendheid in die verkrygingsproses tot gevolg sal hê.

Daar is vordering gemaak met die verfyning van verkrygingsprosesse deur die RBS en sy geassosieerde delegasies te hersien. Gegewe die dinamiese VKB-omgewing, besuinigingsmaatreëls en personeel wat die Departement verlaat, is verdere verfyning van die RBS egter nodig om verkrygingsprosesse te stroomlyn ten einde meer met minder te doen.

Betreffende die wetgewende omgewing het die betwisbaarheid van die regsgeldigheid van die Regulasies oor die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2017, ná die uitspraak van die Konstitusionele Hof, tot onsekerheid in verkryging geleei. Die nuwe regulasies is op 4 November 2022 in die Staatskoerant gepubliseer met 16 Januarie 2023 as datum van inwerkingtreding. Hierdie regulasies het wysigings aan die voorkeurverkrygingsregime ingestel wat 'n provinsiewye implementeringsplan vereis het. As 'n tussentydse strategie het die Provinciale Kabinet goedgekeur dat die status quo rakende die toepassing van voorkeurverkryging gehandhaaf word, terwyl 'n tegniese hersiening van die huidige verkrygingstelsel onderneem word om 'n wettige pad vorentoe in die provinsie te bepaal wat op waarde vir geld fokus sowel as gepaste regstelling en hervorming van die huidige verkrygingstelsel mettertyd, soos gesteun deur beleidsvoorskrifte van die Provinciale Uitvoerende Bestuur.

Tabel F: Geskenke en donasies in natura ontvang van nieverwante partye

| Ontvangende instelling | Aard van donasie/geskenk/borgskap | Naam en adres van skenker | Verwantskap met personeellid | Randwaarde van geskenk/donasie |
|----------------------------------|---|--|---|--------------------------------|
| Outeniekwia KJSS | Rugbysokkies | Bookz and Bootz, Zane Kirchner | Rugbyprogram: persoonlike borg | R1 848.00 |
| Outeniekwia KJSS | Opvoedkundige boeke | Wes-Kaapse Onderwys-departement, Courtenaystraat 42, George | Vennootskap | R186 300.00 |
| Outeniekwia KJSS | Optrekbanier | DMO-streekkantoor: George, York Park-gebou, George | Departementele vennote | R1 695.00 |
| Outeniekwia KJSS | Peuselhappiepakkies | Sanca, George | Netwerkvennote: dienslewering | R6 000.00 |
| Outeniekwia KJSS | Handreiniger | Parkweg, Strandstraat, Kraaibosch, Tuinroete-inkopiesentrum 6521, George | Professioneel | R12 960.00 |
| Horizon KJSS | Sporttoerusting | Laures Sport for Good-stigting, p.a. Stellenbosch Sportakademie, Krigestraat 1, 7600 | Geen | R6 000.00 |
| Weskus-streekkantoor | De Wet-kelder Harvest Platter-geskenkbewys, filterkoffie, sjokolade, olywe, 6 x bottels druiwesap, 2 x rooiwyn, 2 x witwyn, 2 x roséwyn | Surina Burger, De Wet-kelder, Worcester | Geen | R1 176.00 |
| Outeniekwia KJSS | Gasvryheidsklere (5) | The Wilderness Hotel, Sharon Jantjies | Praktiese gasvryheids-werkservaring: vennoot | R1 157.00 |
| Eden-Karoo-streekkantoor | Geskenkbewys | Fransie Pienaar Museum, Chriessie Esterhuizen, KerkStreet 42, Prins Albert, 6930 | Gasspreker | R1 000.00 |
| Ministerie-hoofkantoor | Woolworths-koopbewys as verjaardaggeskenk | Ananda Nel, Colette Louw, Doleres Kotze, Joshua, Chigome, Chantelle Pepper | Ministeriële personeel | R1 000.00 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Herstel van lewenstekensmonitor | Vriende van Thembalethu | Geen | R2 719.75 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Pap en sagte speelgoed | Wes-Kaapse Forum vir Intellekturele Gestremdheid | Geen | R1 000.00 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Herstel van lewenstekensmonitor | Die Chaeli-veldtog, Cumweg 16, Plumstead, 7800 | Geen | R2 719.75 |

| Ontvangende instelling | Aard van donasie/geskenk/borgskap | Naam en adres van skenker | Verwantskap met personeellid | Randwaarde van geskenk/donasie |
|---|---|--|--|--------------------------------|
| Kaapse Wynlandestreekkantoor | 12 x 1,8 kg melkformule 34 x BabyThings-doeke (100) | APL CARTONS, Me. Christelle Wium | Die skenker is deel van die forum vir plaaslike sake-eienaars wat die donasie geskenk het om kinders in tydelike veilige sorg in krisis te ondersteun. | R10 019.54 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Instalering van geslotekringtelevisiekameras | Die Chaeli-veldtog, Cumweg 16, Plumstead, 7800 | Geen | R21 065.70 |
| Direktoraat: Sakebeplanning en -monitering | Radiolugtyd vir die GGG-veldtog van die Wes-Kaapse Regering | The Media Shop, Riezkah Allan, 1ste verdieping, Ebden House, Belmont Office Park, Belmontweg, Rondebosch, 7700 | Geen | R115 000.00 |
| Metro-Oos-streekkantoor | Tweedehandse klere (groot swart sak) | Mev. B. Matiwane en mnr. R Matiwane, Longostraat 16B, Nyanga | Geen | R1 00000 |
| Metro-Oos-streekkantoor | Herbruikbare klere en huishoudelike items | Mev. Nompilo Linda, Yiza Ekhaya-sopkombuis, Kuyasa, Khayelitsha | Geen | R1 200.00 |
| Metro-Oos-streekkantoor | Herbruikbare klere (3 x groot blou sakke) | Mnr. en mev. Tshendu, Harare, Khayelitsha | Geen | R1 400.00 |
| Hoofdirektoraat: Maatskaplike Welsyn en Herstellingsdienste | Kersfees-skoendose | Christopher Simson | Personeellid | R6 200.00 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Kersgeskenk | Penny Sparkman | Geen | R6 000.00 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Herstel van stoelskaal | Die Chaeli-veldtog, Cumweg 16, Plumstead, 7800 | Geen | R1 495.00 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Herstel van lewenstekensmonitor | Vriende van Thembalethu | Geen | R2 719.77 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Begrafnis | Vriende van Thembalethu | Geen | R4 180.00 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Speelgoed en lekkernye | Nuwe Lewe Familiekerk, Geministraat 68, Brackenfell | Geen | R3 500.00 |
| Sivuyile Residensiële Fasiliteit | Gebreide komberse en sokkies | Me. Botha | Geen | R2 000.00 |
| Ander | Verskeie donasies van minder as R1 000,00 elk | Verskeie skenkers | Privaat | R14 208.80 |
| Totaal | | | | R415 564.31 |

Vrystellings en afwykings ontvang van die Nasionale Tesourie

Geen om te rapporteer nie.

Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Geen om te rapporteer nie.

Ander


Geen om te rapporteer nie.

Waardering en slotwoord

Namens die senior bestuur van die Departement wil ek graag alle DMO-personeel bedank, veral diogene wat dienslewering op grondvlak verrig, vir hul onwrikbare toewyding tot dienslewering aan die armes en kwesbares in ons provinsie. Die gesamentlike inspanning van alle DMO-personeel het die voortgesette lewering van belangrike dienste verseker te midde van toenemende aanvraag en ondanks beperkte hulpbronne.

Ek wil ook graag die OSW-sektor bedank wat die afgelope jaar saam met die Departement gewerk het om die kwesbaarstes in ons gemeenskappe te dien, dikwels onder baie moeilike omstandighede.

Die toenemende kwesbaarheid in ons gemeenskappe, weens die huidige ekonomiese en sosio-ekonomiese toestande, het die behoefte aan dienste vir maatskaplike welsyn en gemeenskapsontwikkeling beklemtoon. Die Departement sal dus voortgaan om met belanghebbendes saam te werk om effektiewe, kwaliteitdienste te lewer aan almal wat dit nodig het.



Dr. Robert Macdonald
Rekenpligtige Beamppte
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Datum: 31 Augustus 2023

5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die jaarverslag

Na my beste wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag openbaar gemaak is, is konsekwent.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.
- Die jaarverslag is opgestel volgens die jaarverslagriglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die finansiële jaarstate (Deel F) is opgestel in ooreenstemming met die gewysigde kontantstandaard en die relevante raamwerke en riglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Rekenpligtige Beamppte is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat ten opsigte van hierdie inligting uitgespreek word.
- Die Rekenpligtige Beamppte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne beheer, wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf rakende die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële jaarstate.
- Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na my mening bied die jaarverslag 'n billike oorsig van die werksaamhede, prestasie-inligting, menslikehulpbroninligting en die finansiële angeleenthede van die Departement vir die boekjaar geëindig op 31 Maart 2023.

Die uwe



Rekenpligtige Beamppte
Dr. Robert Macdonald
Datum: 31 Augustus 2023

6. Strategiese Oorsig

6.1. Visie

'n Selfstandige samelewing.

6.2. Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste te verseker, wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede voorsien en bemagtig.

6.3. Waardes

Die kernwaardes van die WKR, wat deur die Departement onderskryf word, is as volg:

| | | |
|--|-------------------------|---|
| | Sorgsaamheid | Om om te gee vir diegene wat ons dien en mee saamwerk |
| | Bevoegdheid | Die vermoë en bekwaamheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is |
| | Aanspreeklikheid | Ons aanvaar verantwoordelikheid |
| | Integriteit | Om eerlik te wees en die regte ding te doen |
| | Innovering | Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en kreatiewe oplossings vir probleme op 'n vindingryke wyse te ontwikkel |
| | Responsiwiteit | Om in die behoeftes van ons landsburgers en werknemers te voorsien |

Die DMO is verbind tot die volgende **belangrike diensleweringsbeginsels**:

Innovasie: Om anders te werk te gaan

Die Departement sal daarna streef om alternatiewe en innoverende werkswyses te verken en te toets ten einde binne die kortste moontlike tyd maksimum resultate te behaal sonder om gehalte in te boet.

Oorlegpleging en insluiting

Ons sal deurlopend aandag gee aan sinvolle interaksie met ons vennote en belanghebbendes soos omskryf in die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge (2005).

Toeganklikheid

Toeganklikheid van dienste vir diegene wat dit benodig, is noodsaaklik. Die Departement sal voortgaan om oor die periode van die Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR) sy struktuur en prosesse te moderniseer, waar nodig.

Aanspreeklikheid en deursigtigheid

Goeie institutionele korporatiewe bestuur sal verseker word deur die implementering van resultaatgebaseerde monitering, evaluering en verslagdoening, grondige sakeprosesse, beleide en die opskeping van nakoming ten einde aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

7. Wetgewende en ander mandate

Grondwetlike mandate

| Wetgewing | Impak op DMO-funksionaliteit |
|--|---|
| Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 | Artikel 28(1) van die Grondwet sit kinders se regte betreffende gepaste sorg (basiese voeding, skuiling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees. |

Wetgewende mandate

| Wetgewing | Impak op DMO-funksionaliteit |
|---|---|
| Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) | <p>Hierdie wet is op 1 April 2010 deur 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <input checked="" type="radio"/> die regte en verantwoordelikhede van kinders; <input checked="" type="radio"/> die verantwoordelikhede en regte van ouers; <input checked="" type="radio"/> beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders; <input checked="" type="radio"/> die bevordering van die welsyn van kinders; en <input checked="" type="radio"/> die konsolidasie van die wette rakende die welsyn en beskerming van kinders, asook vir aangeleenthede wat daarmee verband hou. <p>Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Gautengse Hooggereghof van April 2011 rakende die korrekte vertolkning van artikel 150(1)(a) van die wet. Die hof het bevind dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <input checked="" type="radio"/> 'n versorger wat 'n regmatige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), as 'n pleegouer aangestel mag word; en <input checked="" type="radio"/> nóg die Kinderwet nóg die Wet op Maatskaplike Bystand of die regulasies daarvan 'n ondersoek na die pleegouer se inkomste vereis. Daarom moet die finansiële situasie van die kinders wat versorging en beskerming benodig, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n regmatige onderhoudsplig het nie oor die finansiële middele beskik nie, moet hulle om 'n pleegsorgtoelaag kan aansoek doen. |
| Wysigingswet op Kinders, 2016 (Wet 17 van 2016) en Tweede Wysigingswet op Kinders, 2016 (Wet 18 van 2016) | <p>Die Wysigingswet op Kinders (17/2016) wysig die Kinderwet (2005) deur, onder andere, nuwe omskrywings in te voeg; voorsiening te maak dat 'n persoon wat aan sekere misdrywe skuldig bevind is as ongesik geag word om met kinders te werk; voorsiening te maak dat die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) al die besonderhede van persone wat ongesik bevind is om met kinders te werk aan die direkteur-generaal moet deurstuur; voorsiening te maak vir die hersiening van 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwyder; die uitbreiding van die omstandighede rakende wanneer 'n kind aanneembaar is; en die uitbreiding van die gevolge van 'n aannemingsbevel deur te bepaal dat 'n aannemingsbevel nie automaties alle ouerlike verantwoordelikhede en regte van 'n ouer van 'n kind beëindig wanneer 'n aannemingsbevel ten gunste van die gade of permanente huishoudelike lewensmaat van daardie ouer toegestaan word nie en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.</p> <p>Die Wysigingswet op Kinders (18/2016) wysig die Kinderwet (2005) deur, onder andere, nuwe omskrywings in te voeg; om voorsiening te maak dat die verwydering van 'n kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel voor die verstryking van die volgende hofdag voor die Kinderhof gebring word vir hersiening; om voorsiening te maak vir die hersiening van 'n besluit om 'n kind sonder 'n hofbevel te verwyder; om voorsiening te maak dat die Provinciale Hoof van Maatskaplike Ontwikkeling 'n kind of 'n persoon van een vorm van alternatiewe sorg na 'n ander vorm van alternatiewe sorg mag oorplaas; en om voorsiening te maak dat 'n aansoek vir 'n kind om ná die ouderdom van 18 jaar in alternatiewe sorg te bly, ingedien moet word voor die</p> |

| Wetgewing | Impak op DMO-funksionaliteit |
|--|---|
| | einde van die jaar waarin die betrokke kind die ouderdom van 18 jaar bereik. |
| Wysigingswet op Kinders, 2022 (Wet 17 van 2022) | Die Wysigingswet op Kinders (17/2022) wysig die Kinderwet (38/2005) om sekere woordomskrywings te wysig en in te voeg; om die jurisdiksie van die Kinderhof uit te brei; om verder voorsiening te maak vir die versorging van weggooi- of weeskinders en bykomende aangeleenthede wat gereël mag word; om voorsiening te maak vir bykomende aangeleenthede met betrekking tot kinders in alternatiewe sorg; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. |
| Wet op Maatskaplike diensberoep, 1978 (Wet 110 van 1978), soos gewysig: 1995, 1996 en 1998 | Hierdie wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike diensberoep daargestel en omskryf die bevoegdhede en werkzaamhede van die raad vir maatskaplike dienste en die beroep. |
| Wet op Maatskaplike diensberoep, 1978 (Wet 110 van 1978): Regulasies met betrekking tot die registrasie van 'n spesialiteit in proefdienste (2013) | Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerant no. 36159 van 15 Februarie 2013, vol. 572, no. 9911, gepubliseer is, is gemik op die regulering en verbetering van proefdienste. |
| Wet op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders, 2019 (Wet 2 van 2019) | Om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n Kommissaris vir Kinders in die Wes-Kaap; vir aangeleenthede wat daarmee verband hou; en om voorsiening te maak vir sekere aangeleenthede wat op daardie amp betrekking het. Artikel 78 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, vestig die amp van 'n provinsiale Kommissaris vir Kinders en bepaal dat die Kommissaris die WKR moet bystaan om die regte, behoeftes en belang van kinders in die provinsie te beskerm en te bevorder. |
| Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (Wet 35 van 2002) | Die doel van hierdie wet is om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig ten einde die volgende woordomskrywings in te voeg: <input checked="" type="radio"/> om verder voorsiening te maak vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gemik is; <input checked="" type="radio"/> om die bevoegdhede en pligte van proefbeamptes uit te brei; <input checked="" type="radio"/> om voorsiening te maak vir die pligte van assistentproefbeamptes; <input checked="" type="radio"/> om voorsiening te maak vir die verpligte evaluering van kinders wat gearresteer is; <input checked="" type="radio"/> om voorsiening te maak vir die daarstelling van 'n proefadvieskomitee; <input checked="" type="radio"/> om voorsiening te maak vir die aanwysing van familie-opspoorders; en <input checked="" type="radio"/> om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. |
| Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet 116 van 1998) | Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen huishoudelike geweld te bied. |
| Wet op Ouer Persone, 2006 (Wet 13 van 2006) | Hierdie wet wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, het die bemagtiging en beskerming van ouer persone ten doel, insluitende hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone. Die wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning gee aan: <input checked="" type="radio"/> die wysheid en vaardighede van ouer persone; <input checked="" type="radio"/> ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede; <input checked="" type="radio"/> die regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone; en <input checked="" type="radio"/> die daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone. In teenstelling met die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967) het die klem vanaf institusionele versorging na |

| Wetgewing | Impak op DMO-funksionaliteit |
|--|--|
| | gemeenskapsgebaseerde verskuiif om te verseker dat 'n ouer persoon vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly. |
| Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 2008 (Wet 70 van 2008) | Hierdie wet maak voorsiening vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering onder alle staatsdepartemente op die gebied van middelmisbruik. Die hoofsaaklike fokus van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde programme en programme vir vroeë intervensie, sowel as die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik. |
| Wet op Kindergeregtigheid, 2008 (Wet 75 van 2008), soos gewysig | Hierdie wet maak voorsiening vir 'n strafregproses vir kinders wat van oortredings beskuldig word en het ten doel om die regte van kinders te beskerm. Dit bepaal verder die minimum ouderdom van toerekeningsvatbaarheid, insluitende bepalings met betrekking tot die besluit om 'n kind ouer as 12 jaar te vervolg. |
| Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2012 (Wet 6 van 2012) | Hierdie wet wysig die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik voorsiening te maak dat die oplegging van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. |
| Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 2013 (Wet 7 van 2013) | Hierdie wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel, veral van vroue en kinders, te voorkom, te bekamp en te straf, wat sodoende die VN-konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aanvul. |
| Wet op die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap, 2008 (Wet 54 van 2008) | Die doel van hierdie wet is om koördinering rakende aangeleenthede in verband met jeugontwikkeling te skep en te bevorder. |
| Wet op Maatskaplike Bystand, 2004 (Wet 13 van 2004) | Hierdie wet maak voorsiening vir die voorsiening van maatskaplike bystand aan persone, sowel as die meganisme vir die lewering van sodanige bystand; die instelling van 'n inspektoraat vir maatskaplike bystand; en om voorsiening te maak vir ander verwante aangeleenthede. |
| Wet op Fondsinsameling, 1978 (Wet 107 van 1978) | Hierdie wet maak voorsiening vir beheer oor die invordering van bydraes van die publiek; die aanstelling van 'n direkteur van fondsinsameling; die stigting van 'n rampnoodlenigingfonds, 'n Suid-Afrikaanse Weermagfonds en 'n vlugtelingsnoodlenigingfonds; die verklaring van sekere rampspoedige gebeurtenisse as rampe; en ander aangeleenthede wat daarmee in verband staan. |
| Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (OSW), 1997 (Wet 71 van 1997) | Die wet het ten doel om 'n bemagtigende omgewing en regulatoriese raamwerk vir OSW's te skep betreffende hul bydrae om aan die diverse behoeftes van die bevolking te voldoen en voldoende standaarde van bestuur, deursigtigheid en openbare aanspreeklikheid te handhaaf. Die OSW-wet herroep sekere gedeeltes van die Wet op Fondsinsameling, 1978. |
| Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) | Hierdie wet is die primêre wetgewing wat handel oor rampbestuur in Suid-Afrika. Die wet maak voorsiening vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuurbeleid (wat fokus op die voorkoming of vermindering van ramprisiko's, die versagting van die erns van rampe, noodgereedheid, vinnige en effektiewe reaksie op rampe en herstel ná rampe); die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrum; rampbestuurvrywilligers; en ander bykomende aangeleenthede. |
| Wysigingswet op Rampbestuur, 2015 (Wet 16 van 2015) | Hierdie wet wysig die Wet op Rampbestuur, 2002, om sekere woordomskrywings te vervang en in te voeg; om die beleidsfokus op rehabilitasie en funksionering van rampbestuursentrum duidelik te maak; om sekere funksies te bely; om voorsiening te maak vir staatsorgane om die rampbestuurstrukture by te staan; om voorsiening te maak vir 'n uitgebreide rapporteringstelsel vir staatsorgane oor inligting rakende gebeurtenisse wat tot die verklaring van rampe lei, uitgawes rakende reaksie en herstel, aksies met betrekking tot risikovermindering en |

| Wetgewing | Impak op DMO-funksionaliteit |
|---|--|
| | <p>spesifieke probleme wat ondervind word in die hantering van rampe; om verslagdoening te versterk oor die implementering van beleid en wetgewing met betrekking tot ramprisikovermindering en die bestuur van toegekende befondsing aan munisipale en provinsiale interregeringsforums wat ingevolge die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005, gestig is; om die verteenwoordiging van tradisionele leiers te versterk; om die inhoud van rampbestuurplanne uit te brei om die uitvoer van ramprisikobeoordelings vir funksionele gebiede en die kartering van risiko's, gebiede en gemeenskappe wat kwesbaar is vir rampe in te sluit; om voorsiening te maak vir maatreëls om die risiko van rampe te verminder; om voorsiening te maak vir regulasies oor rampbesturopvoeding, -opleiding en -navorsingsaangeleenthede en die verklaring en klassifikasie van rampe; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> |
| Wet op Geestesgesondheidsorg, 2002 (Wet 17 van 2002) | <p>Hierdie wet maak voorsiening vir die versorging, behandeling en rehabilitasie van persone wat geestesongesteld is; sit verskillende procedures uiteen wat gevolg moet word vir die toelating van sodanige persone; en maak voorsiening vir die versorging en administrasie van die eiendom van geestesongestelde persone.</p> |
| Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2021 (Wet 13 van 2021) | <p>Om die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007) te wysig ten einde:</p> <ul style="list-style-type: none"> <input checked="" type="radio"/> die trefwydte van die misdryf van bloedskande uit te brei; <input checked="" type="radio"/> seksuele intimidasie as nuwe misdryf in te stel; <input checked="" type="radio"/> die frase "'n persoon wat verstandelik gestremd is' of 'persones wat verstandelik gestremd is' waar die frase ook al voorkom te vervang met die frase "'n persoon met 'n verstandelike gestremdhed' of 'persones met verstandelike gestremdhede'"; <input checked="" type="radio"/> die insluiting van die besonderhede van persone in die Nasionale Register vir Seksoortreders verder te reël; <input checked="" type="radio"/> die lys van persone wat ingevolge Hoofstuk 6 van die wet beskerm moet word, uit te brei; <input checked="" type="radio"/> die lys van persone wat daarop geregtig is om aansoekte by die Registrateur van die Nasionale Register vir Seksoortreders in te dien, uit te brei; <input checked="" type="radio"/> die verwydering van die besonderhede van persone uit die Nasionale Register vir Seksoortreders verder te reël; en <input checked="" type="radio"/> die rapporteringsplig van persone wat bewus is daarvan dat seksuele misdrywe teenoor kwesbare persone gepleeg is verder te reël, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. |
| Wysigingswet op Gesinsgeweld, 2021 (Wet 14 van 2021) | <p>Om die Wet op Gesinsgeweld, 1998, te wysig ten einde sekere woordomskrywings te wysig en in te voeg; verder voorsiening te maak vir die wyse waarop handelinge van gesinsgeweld en aangeleenthede wat daarmee in verband staan, hanteer moet word; beskermingsbevele in reaksie op handelinge van gesinsgeweld verder te reël; bepalings van sekere wette te wysig; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.</p> |
| Wysigingswet op die Strafreg en Verwante Aangeleenthede, 2021 (Wet 12 van 2021) | <p>Die doel van hierdie wet is tot wysiging van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <input checked="" type="radio"/> die Wet op Landdroshowe, 1944, ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van tussengangers en die aflê van getuienis deur bemiddeling van tussengangers in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie; die eed en bevoegdheid van tussengangers; en die aflê van getuienis deur audiovisuele skakel in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie; <input checked="" type="radio"/> die Strafproseswet, 1977, ten einde die toestaan en intrekking van borgtog; die aflê van getuienis by wyse van geslotekringtelevisie of soortgelyke elektroniese media; die aflê van getuienis deur 'n getuie met fisiese, sielkundige of verstandelike gestremdheid; die aanstelling, eed en bevoegdheid van tussengangers; en die reg |

| Wetgewing | Impak op DMO-funksionaliteit |
|---|---|
| | <p>van 'n klaer in 'n gesinsverwante misdryf om aan paroolverrigtinge deel te neem, verder te reël;</p> <ul style="list-style-type: none"> ● die Strafregwysigingswet, 1997, ten einde vonnisste ten opsigte van misdrywe wat teen kwesbare persone gepleeg is, verder te reël; en ● die Wet op Hoër Howe, 2013, ten einde voorsiening te maak vir die aanstelling van tussengangers en die aflê van getuenis deur bemiddeling van tussengangers in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie; die eed en bevoegdheid van tussengangers; en die aflê van getuenis deur audiovisuele skakel in verrigtinge wat nie strafregtelike verrigtinge is nie, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. |
| Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), soos gewysig | Om finansiële bestuur in die nasionale regering en provinsiale regerings te reël; om te verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van daardie regerings doeltreffend en effektiel bestuur word; om voorsiening te maak vir die aanspreeklikheid van persone aan wie finansiële bestuur in daardie regerings toevertrou is; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband met hul verantwoordelikhede. |
| Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005) | Hierdie wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk. |

Kernfunksies van die Departement

Die Departement is verbind tot die volgende twee kernfunksies:

- 'n maatskaplike welsynsdiens aan armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies; en
- 'n gemeenskapsontwikkelingsdiens wat volhoubare ontwikkelingsprogramme verskaf wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer.

Beleidsmandate

| Beleid | Impak op DMO-funksionaliteit |
|---|--|
| Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP), 2030 (2012) | Die NOP het ten doel om armoede teen 2030 uit te wis en ongelykheid te verminder. Volgens die plan kan Suid-Afrika hierdie doelwitte verwesenlik deur die energie van sy mense te benut, inklusiewe ekonomiese groei te bevorder, vermoëns te ontwikkel, die kapasiteit van die staat te verbeter en leierskap en vennootskappe in die hele samelewing te bevorder. |
| Hersiene Mediumtermyn-strategieraamwerk (MTSR), 2019-2024 | Hierdie MTSR is die regering se implementeringsplan en moniteringsraamwerk vir die bereiking van die NOP 2030-prioriteite vir 2019-2024. Die implementeringsplan fokus op sewe prioriteite en verwante intervensies, terwyl die geïntegreerde moniteringsraamwerk op die monitering van uitkomstes, aanwysers en teikens vir die verwesenliking van prioriteite fokus. Die hersiene MTSR 2019-2024 bevorder belyning, koördinering en die volle integrasie van alle instrumente vir ontwikkelingsbeplanning binne 'n geïntegreerde raamwerk. |
| EenKaap2040: Van visie tot aksie (2012) | Die WKR het hierdie visie en strategie in Oktober 2012 aangeneem. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkrachtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie vir hoe die mense van die Wes-Kaap kan saamwerk om hul streeksekonomie en die samelewing in die algemeen te ontwikkel, en sodoeende riglyne vir beplanning en optrede te implementeer ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volgehoue langtermynvoortgang. |

| Beleid | Impak op DMO-funksionaliteit |
|---|---|
| Provinsiale Strategiese Plan (PSP), 2019-2024 | Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se visie en prioriteite uiteensit en voortbou op die grondslag wat gedurende die laaste twee ampstermyne gevestig is. Die WKR is verbind tot die bou van 'n waardegebaseerde bevoegde staat wat geleenthede skep en verantwoordelikheid in 'n veiliger Wes-Kaap bevorder. Die visie – 'n veilige Wes-Kaap waar almal voorspoed ervaar – word verwoord in die vyf visiegeïnspireerde strategiese prioriteite wat vir 2019-2024 geïdentifiseer is, naamlik veilige en samehangende gemeenskappe; groei en werkgeleenthede; bemagtiging van mense; mobiliteit en ruimtelike transformasie; en innovering en kultuur. |
| Wes-Kaapse Herstelplan (2021) | Hierdie plan is 'n erkenning van en reaksie op die COVID-19-pandemie en die negatiewe sosio-ekonomiese uitwerking daarvan op die burgers van die Wes-Kaap. Dit identifiseer die probleme wat 'n dringende reaksie van die hele samelewing verg om werk te skep, veilige gemeenskappe te bevorder en die welstand van al die inwoners van die Wes-Kaap te bevorder. Hierdie plan sal geïmplementeer word binne die bestek van die vyf visiegeïnspireerde strategiese prioriteite wat in die PSP (2019-2024) verwoord is. |
| Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk (2014) | Hierdie raamwerk dien as basis vir die koördinering, integrasie en belyning van die "grondvlak"-lewering van nasionale en provinsiale departemente programme; ondersteun munisipaliteite om hul municipale beplanningsmandaat in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas na te kom; en ondersteun en kommunikeer die regering se ruimtelikeontwikkelingsoogmerke aan die privaat sektor en burgerlike samelewing. |
| Wes-Kaapse Regering se Hele-Samelewing-Benadering tot Sosio-ekonomiese Ontwikkeling (2018) | Die hele-samelewing-benadering beoog veilige, sosiaal-verbonde, veerkragtige en bemagtigde landsburgers en gemeenskappe met gelyke toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende maatskaplike ontwikkeling binne 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die doel om ooreenkoms te bereik rakende die nuwe manier om maatskaplike ontwikkeling deur 'n "hele-samelewing-benadering" te bevorder. |
| Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) | Hierdie witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsystelsels te verskaf. |
| Witskrif oor Bevolkingsbeleid (1998) | Hierdie witskrif bevorder volhoubare mense-ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners deur die integrasie van bevolkingskwesties by ontwikkelingsbeplanning in die verskillende regeringsfere en alle sektore van die samelewing. Die Departement het 'n mandaat om die implementering van die beleid te monitor, sowel as die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamika binne die konteks van volhoubare mense-ontwikkeling. |
| Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Beleid oor die Befondsing van Organisasies sonder Winsoogmerk vir die Verskaffing van Dienste vir Maatskaplike Welsyn en Gemeenskapsontwikkeling (2015) soos gewysig in 2017 | Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige manier bestuur word wat aanspreeklikheid, toegang, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder om die DMO in staat te stel om sy missie te bereik, naamlik om 'n omvattende netwerk van dienste vir maatskaplike ontwikkeling te voorsien wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes in staat stel en bemagtig. |

| Beleid | Impak op DMO-funksionaliteit |
|---|--|
| Witskif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013) en Hersiene Witskif oor Gesinne in Suid-Afrika (2021) | <p>Die hoofdoel van hierdie witskif is om gesinswelstand aan te moedig, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk, en gesinskwesties voorop te stel in regeringswyse beleidmakingsinisiatiwe. Die Departement het 'n provinsiale plan ontwikkel vir die implementering van die Witskif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Gesinsdiensteforum aangeneem is.</p> <p>Die Hersiene Witskif oor Gesinne bou voort op die sterk punte van vorige beleidsdokumente en het ten doel om die kritiek en besware rakende die moralistiese ondertoon en eng omskrywings van die gesinslewe in Suid-Afrika in afdelings van die eerste Witskif oor Gesinne aan te roer. Hierdie hersiening belyn die beleidsdokument met die eitydse situasie van gesinne in Suid-Afrika en integreer terugvoering van staatsbelanghebbendes en die burgerlike samelewning wat aan die hersiening van die witskif deelgeneem het.</p> |
| Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013) | Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk is belyn met die Geïntegreerde Diensteweringsmodel en maak voorseeing vir 'n gestandaardiseerde proses waarvolgens generiese maatskaplikewelsynsdienste, wat van die vereiste gehalte, omvattend, geïntegreerd, regtegebaseerd en goed toegerus is, deur maatskaplike werkers gelewer sal word. |
| Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013) | Dit verskaf die maatstawwe vir die voorseeing van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste. |
| Nasionale Dwelmmaesterplan 2019-2024 (2019) | Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomsdig die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008) te koördineer. Die doel daarvan is om te verseker dat die land oor 'n eeniformige respons ten opsigte van middelmisbruik beskik. |
| Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika (2012) | Dit verskaf die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, maatskaplikewerkstudente, maatskaplikehulpwerskers, leerlingmaatskaplikehulpwerskers, maatskaplikewerkspesialiste en privaat praktisyne om bekwame professionele maatskaplikewerkprakteke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is. |
| Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (W5) (2012) | Hierdie nasionale raamwerk maak voorseeing vir 'n konsekwente stelsel en duidelike standarde vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan. |
| Nasionale Jeugbeleid 2020-2030 (NJB 2030) (2021) | Die NJB 2030 is 'n krussektorale beleid wat daarop gemik is om positiewe jeugontwikkelingsuitkomste vir jongmense op plaaslike, provinsiale en nasionalevlak in Suid-Afrika te bewerkstellig. Hierdie beleid bou voort op Suid-Afrika se 1ste en 2de NJB's wat die periode 2009-2014 en 2015-2020 onderskeidelik gedek het. Die beleid erken dat die prioritisering van hulpbronne jeugontwikkeling, jeugopvoeding, ekonomiese deelname sowel as fisiese en geestelike gesondheid moet insluit. Die gewenste uitkoms van die beleid is bemagtigde jeug wat toegerus is met inligting, kennis en vaardighede wat hulle in staat stel om geleenthede aan te gryp en effektief verantwoordelikheid te neem om 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van 'n demokratiese en welvarende Suid-Afrika te maak. |

| Beleid | Impak op DMO-funksionaliteit |
|--|---|
| Jeugontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013) | Hierdie strategie het ten doel om die Departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite te lei, te steun en te rig, en om 'n groot mate van institutionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanningsinstrument wat daarop gemik is om in die behoeftes van jongmense in die Wes-Kaap te voorsien. |
| Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013) | Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie is om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol ontwikkel in verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voorjeugfase tussen 10 en 14 jaar en die "jeug"-fase tussen 15 en 24 jaar. |
| Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Persone met Gestremdhede (2017) | Die hoofdoel is om die voorsiening van hoofstroomdienste vir maatskaplike ontwikkeling aan persone met gestremdhede te lei en te koördineer. Dit het ten doel om te verseker dat die waardigheid en regte van alle persone met gestremdhede beskerm en nagekom word deur relevante sosio-ekonomiese programme en dienste te lewer wat hul insluiting verseker. |
| Beleidsraamwerk – Dienste aan Persone met Intellektuele Gestremdhede (2015) | Die doel van die raamwerk is die lewering van gekoördineerde en gestroomlynde dienste aan persone met intellektuele gestremdhede deur verskillende provinsiale departemente/ sektore om 'n persoongesentreerde benadering tot persone met intellektuele gestremdhede en hul gesinne te verseker deur die profiel van behoeftes van persone met intellektuele gestremdhede en toepaslike departementele rolle, verantwoordelikhede en potensiële befondsingsmodelle oor sektore heen te bepaal om in die geïdentifiseerde behoeftes te voorsien. |
| Beleid oor die Oorsig, Vrylating en Herintegrasié van Gevonnisié Inwoners in DMO-Kinder- en Jeugsorgsentrus na Minder Beperkende Alternatiewe of Ouersorg (2014) | Hierdie beleid verskaf riglyne vir die oorsig, vrylating en herintegrasié van gevonnisié inwoners in KJSS'e deur uitplasings na minder beperkende alternatiewe sorg kragtens Hoofstuk 11 van die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005) en -regulasies. |
| Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Wes-Kaap se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg-en-Beskermingsdienste (2015) | Hierdie strategie is ontwikkel om risiko's wat gepaardgaan met die implementering van die statutêre vereistes, norme en standarde van die Kinderwet te mitigeer. Die strategie identifiseer die onderliggende oorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer. |
| Standaardwerkprosedures (SWP) vir Kanaliseringsdienste (2021) | Hierdie SWP voorsien streeksdirekteure en hul kinderbeskermingspersoneel van riglyne en procedures vir die toepassing van kanaliseringsdienste ten opsigte van kinders wat in die alternatiewe sorgstelsel opgeneem word of reeds daar is. Hierdie SWP is van toepassing op alle kanaliseringsbeamtes in die streek- en plaaslike kantore sowel as die Direktoraat: Fasiliteitebestuur. |
| Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Standaardwerkprocedure (SWP) vir die Verwydering van Straatkinders na 'n Plek van Veiligheid en daaropvolgende Prosesse (2015) | Hierdie SWP is as 'n stapsgewyse riglyn ontwikkel vir hoe om te werk te gaan wanneer 'n straatkind wat sorg en beskerming benodig na 'n plek van veiligheid geneem word. Dit sit die rolle en verantwoordelikhede van die Departement se personeel en ander belanghebbendes in die OSW- en polisiëringsektor uiteen. |
| Gehalteversekeringsraamwerk vir Prestasiemonitering van Maatskaplike Welsyn- en Gemeenskapsontwikkelingsdienslewering (2015) | Hierdie provinsiale raamwerk is belyn met die nasionale Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en beoog omvattende prestasiemonitering deur middel van 'n gehalteversekeringsbenadering vir gemeenskapsontwikkelings- en maatskaplike welsynsdienste in die Departement, asook in die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op die verbetering van diensleweringseuale en bepaal die |

| Beleid | Impak op DMO-funksionaliteit |
|--|---|
| | standaarde vir diensuitnemendheid en hoe dit gemonitor en bestuur moet word. |
| Gehalteversekeringsprotokol vir Kinder- en Jeugsorgsentrumms 2016-2018 (2016) | Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op administratiewe nakoming van wetgewing, goeie korporatiewe bestuur en nakoming van vereistes rakende registrasie en nasionale norme en standaarde vir KJSS'e. |
| Wes-Kaapse Proviniale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrumms (KJSS'e) (2016) | Hierdie strategie bepaal die voorsiening van die voldoende dekking van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme oral in die provinsie, wat met die Provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysings en infrastruktuurbeskikbaarheid belyn is. |
| Wes-Kaapse Regering se Strategiese Raamwerk vir Huishoudelike Voedselsekerheid en Voeding (2016) | Die Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedselsekerheid en Voeding teiken spesifieke tekortkominge in die huidige voedselstelsel om te verseker dat dit alle inwoners van die Wes-Kaap dien. Die Strategiese Raamwerk sit uitkomste en doelwitte uiteen wat programme koppel aan die vermindering van hongersnood en verbeterings in gesondheid, voeding en produktiwiteit om alle inwoners van die Wes-Kaap te ondersteun om aktiewe en produktiewe lewens te lei. |
| Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede (2015) | Hierdie witskrif onderskryf 'n hoofstroomtrajek vir die verwesenliking van die regte van persone met gestremdhede deur die totstandbrenging van 'n vrye en regverdigte samelewing wat persone met gestremdhede as gelyke landsburgers insluit. Dit bied leiding en moedig die selfverteenvoerdiging van persone met gestremdhede aan. Dit sit die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede in die breë uiteen via nege strategiese pilare wat belanghebbendes met die verantwoordelikheid ople om die volgehoute sistemiese diskriminasie en uitsluiting wat deur persone met gestremdhede ervaar word, uit te wis. Dit bied leiding aan die Wes-Kaapse DMO om hindernisvrye, gepaste, doeltreffende, doelmatige en gekoördineerde dienslewering te verskaf. |
| Hoofstroomstrategie vir Gestremdhed 2015-2020 (2015) | Die Wes-Kaapse DMO se Hoofstroomstrategie vir Gestremdhed is 'n strategiese vyfjaarplan wat leiding bied aan die Departement rakende die gebruik van 'n hoofstroomstrategie om kwessies in verband met gestremdhed die fokuspunt regdeur die Departement se dienslewering te maak. |
| Nasionale Strategiese Plan oor Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (2020) | Hierdie plan het ten doel om 'n multisекторale, samehangende strategiese beleid- en programmeringsraamwerk te verskaf vir die versterking van 'n gekoördineerde nasionale reaksie deur die regering van Suid-Afrika en die land rakende die krisis van GGG en vrouemoord. Die strategie poog om die behoeftes en uitdagings van almal wat deur die plaag van GGG in Suid-Afrika geaffekteer en geraak word, veral vroue van alle ouderdomme, seksuele oriëntasie, seksuele en geslagsidentiteite, asook spesifieke groepe soos bejaarde vroue, vroue wat met gestremdhed leef, migrerende vroue en transvroue, die hoof te bied. |

Tersaaklike hofbeslissings

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaapse Hooggeregshof/Kaapstad): tersaaklik ten opsigte van kinders met ernstige of diepgaande intellektuele gestremdheid, saaknommer 18678/2007

Uitspraak is op 11 November 2010 gelewer wat die regering gelas om redelike maatreëls vir bekostigbare, basiese gehalteonderwys vir kinders met ernstige en diepgaande intellektuele gestremdheid te voorsien. Ter nakoming van die hofbevel maak die Departement voorsiening vir die vergoeding, opleiding enakkreditering van personeel en programimplementeerders by spesialeorgsentrums. Die Departement voorsien verder die fondse vir die veilige vervoer van hierdie kinders na en van die sentrums.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinciale Afdeling – Pretoria): tersaaklik ten opsigte van kinders met ernstige of diepgaande ontwrigtende gedragsversteurings, saaknommer 73662/16

'n Hofbevel is op 2 Augustus 2018 uitgereik wat die nasionale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Onderwys gelas om voorsiening te maak vir die gepaste alternatiewe sorg, geestesgesondheidsdienste en opvoedkundige behoeftes van kinders met ernstige of diepgaande ontwrigtende gedragsversteurings. 'n Intersektorale projekbestuurskomitee is gestig om maatreëls in te stel vir die hantering van die situasie deur die ontwikkeling van 'n verwysingsroete.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaap): tersaaklik ten opsigte van slagoffers van geslagsgebaseerde geweld, saaknommer SS17/2017

Uitspraak is op 21 September 2017 gelewer wat die DMO van die WKR gelas om toepaslike langtermyndienste vir monitoring, berading en nasorg te lewer vir slagoffers van seksuele misdrywe. Daarbenewens moet die Departement verseker dat OSW's wat hierdie dienste lewer en befondsing van die Departement ontvang hul kontraktuele verpligtinge nakom.


Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinciale Afdeling – Pretoria): tersaaklik ten opsigte van die pleegsorgstelsel, saaknommer 55477/2020

Uitspraak is op 12 November 2020 gelewer wat die nasionale en provinsiale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling sowel as die Suid-Afrikaanse Maatskaplikesekerheidsagentskap (SASSA) gelas om die betaling en bestuur van pleegsorgbevele wat sedert November 2019 en vroeër verval het voort te sit. Die Noord-Gautengse Hooggeregshofbevel is op 8 November 2022 vir 'n verdere 12 maande verleng. Die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (NDMO) is gelas om (binne 12 maande ná die verlenging van die hofbevel) die nodige wysigings aan die Kinderwet (2005) voor te berei en in werking te stel. Die NDMO is gelas om 'n Pleegsorgaksieplan vir die implementering van die wysigings aan die Kinderwet, 2005 (Wet 38 van 2005), saam te stel en voor te lê. Die wysigings aan die Kinderwet is op 5 Januarie 2023 deur die President bekragtig. Verder is enige pleegsorgbevel wat ten tyde van hierdie hofbevel verval het, geag geldig en in werking te wees vir 12 maande vanaf die datum van die verlenging van die hofbevel of totdat die kind 18 jaar oud word, watter ook al eerste plaasvind. Daarbenewens is alle provinsiale DMO's gelas om kwartaalverslae by die NDMO en die Noord-Gautengse Hooggeregshof in te dien rakende vordering met die aangeleentheid ingevolge die Hooggeregshofbevel.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaap – Kaapstad): tersaaklik ten opsigte van die sluiting van 'n ongeregistreerde behandelingsentrum vir middelmisbruik, saaknommer 1997/2022

Die Wes-Kaapse Hooggeregshof het op 8 Februarie 2023 'n hofbevel uitgereik vir die onmiddellike sluiting van 'n behandelingsentrum vir middelmisbruik wat onwettig bedryf is. Die Hooggeregshofbevel is uitgereik in die afwesigheid van wetgewende leiding oor die sluiting van 'n onwettige behandelingsentrum vir middelmisbruik, gegewe die potensiële risiko vir diensgebruikers wat toegang tot die diens kry. Hierdie hofbevel skep 'n geregtelike precedent tot tyd en wyl wetgewing voorsiening kan maak vir die sluiting van onwettige behandelingsentrums vir middelmisbruik.

8. Organisatoriese struktuur¹



9. Entiteite wat aan die Minister/LUR rapporteer

Nie van toepassing nie.

¹ Soos op 31 Maart 2023.

Deel B: Prestasie-inligting

1. Verslag van die Ouditeur-generaal: Voorafbepaalde doelwitte

Die OGSA voer tans sekere auditprosedures ten opsigte van die prestasie-inligting uit om redelike gerusstelling in die vorm van 'n auditbevinding te verskaf. Die auditbevinding oor die prestasie ten opsigte van voorafbepaalde doelwitte word in die verslag aan die bestuur ingesluit, met geen wesenlike bevindinge wat onder die opskrif "Voorafbepaalde doelwitte" in die afdeling oor ander wetlike en regulatoriese vereistes van die ouditeursverslag gerapporteer word nie.

Verwys na bladsy 164 van die Verslag van die Ouditeur-generaal, gepubliseer as Deel F: Finansiële inligting.

2. Oorsig oor departementele prestasie

2.1 Diensleweringssomgewing

COVID-19 het 'n beduidende sosio-ekonomiese impak gehad op gemeenskappe wat deur die Departement gedien word, met veranderinge aan die bevolking en sosiale dinamika van die provinsie sowel as die struktuur van huishoudings wat waargeneem is. Die impak van die pandemie op medium en lang termyn het verskerpte sosio-ekonomiese uitdagings meegebring, waarop die Departement binne 'n beperkte ekonomiese en fiskale omgewing gereageer het.

Die Wes-Kaapse bevolking word geraam op 7.3 miljoen in 2023², wat uit meer as 2.2 miljoen huishoudings met 'n gemiddelde huishoudinggrootte van 3.3 lede bestaan. In die eerste kwartaal van 2020 was die gemiddelde werkloosheidskoers in die provinsie 20.9 persent. Ondanks onlangse verbetering is werkloosheid steeds bo vlakke voor COVID-19. Teen die einde van die eerste kwartaal van 2023 was die werkloosheidsvlak op 21.6 persent³. Hoë werkloosheidvlakke het die kapasiteit van huishoudings om vir hul lede te sorg negatief beïnvloed. Volgens die Algemene Huishoudelike Opname 2021⁴ het huishoudings in die Wes-Kaap met onvoldoende toegang tot voedsel hoog gebly (12.6 persent). Besorgdheid oor voedselosnese in huishoudings is veral kommerwekkend met betrekking tot kwesbare persone soos kinders, ouer persone, persone met gestremdhede en huishoudings met vroue aan die hoof. Meer as 200 000 kwesbare persone het maaltye by departementele GVOS'e en befondsde voedingspersele oral in die provinsie ontvang. Bewyse van die ineenstorting of onvermoë van gesinne en huishoudings om vir hul primêre lede te sorg was merkbaar op verskeie vlakke van die samelewing, soos 'n gerapporteerde toename in die getal haweloze volwassenes, kinders wat op straat woon, kinders wat die risiko loop van verwaarloosning, huishoudings wat die risiko loop van voedselosnese, asook waglyste vir plasings in KJSS'e in die provinsie. Die waglys vir die plasing van kinders wat sorg en beskerming benodig, word gereeld hersien en bygewerk om te verseker dat kinders betyds in DMO-befondsde en eie KJSS'e geplaas word. Doeltreffende bestuur van die waglys word aangevul deur die KJSS-sentraletoelatingsproses om vertragings met plasings te minimaliseer.

'n Geraamde 2 miljoen kinders⁵ tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar woon in die Wes-Kaap, wat ongeveer 'n derde van die bevolking uitmaak. Kinders in die provinsie se kwesbaarste gebiede word blootgestel aan 'n hoë risiko van mishandeling en geweld, soos weerspieël in die voorkoms van kindermoord⁶ en seksuele viktimasie⁷. Die kwesbaarheid van hierdie kinders het tydens die inperking verskerp weens hoë vlakke van voedselosnese in huishoudings⁸, wat gelei het tot 'n groter risiko van groeibelemmering by kinders, wanvoeding en verwaarloosning, in vergelyking met die periode voor COVID-19. Benewens sosio-ekonomiese ondersteuning het ouers in hoërisikogebiede

² Statistieke Suid-Afrika (2022). *Halfjaarbevolkingskattings (MYPE) 2022*.

³ Statistieke Suid-Afrika (2022). *Kwartaallikse Arbeidsmagopname (QLFS) K1:2023*.

⁴ Statistieke Suid-Afrika (2022). *Algemene Huishoudelike Opname 2021*.

⁵ Statistieke Suid-Afrika (2022). *Enkelouderdomme volgens distrikte 2002-2027*.

⁶ Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO), 2019. *Interne Ontleding van SAPD se Kindermoorddata in die Wes-Kaap 2013-2018*.

⁷ Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2018). *'n Evaluering van Psigososiale Steundienste, befonds deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, by sekere Thuthuzela-sorgsentrum in die Wes-Kaap vir Slagoffers van Seksuele Misdrywe*. Interne verslag saamgestel deur Petro Brink en Faheemah Esau.

⁸ Direktoraat: Navorsing, Bevolking en Kennisbestuur (2020). *Groei hongersnood as gevolg van COVID-19? – Die DMO-ervaring*. Ongepubliseerde verslag.

toegang tot ouerskapprogramme en maatskaplikesteundienste benodig om hul versorgingsvermoë te versterk. Tussen April 2022 en Maart 2023 het 3 339 ouers en versorgers ouerskapprogramme voltooi wat deur die DMO verskaf of befonds is.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2.5 miljoen⁹ jongmense tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar. Jongmense in hoërisikogebiede van die provinsie is blootgestel aan 'n reeks sosio-ekonomiese uitdagings, soos swak onderwysuitkomste en beperkte werkgeleenthede in die konteks van maatskaplike benadering soos ongevoelige ouerskap, toksiese groepsdruk, blootstelling aan en ervaring van GGG, middelmisbruik, misdaad en geweld. Jongmense is ernstig deur die pandemie geraak weens krimpende werkgeleenthede. Hierdie risikofaktore het die welstand van die jeug in die provinsie geaffekteer en beklemtoon die belangrikheid van die Departement se fokus op jeugontwikkeling en -ondersteuning. Werksaamhede in hierdie verband sluit die volgende in: die verskaffing van vaardigheid- en persoonlike ontwikkeling, opleiding en digitale geleterdheid, sowel as werksprofielsamestelling van jongmense wat gemeenskapsgebaseerde organisasies en Jeugkafees bywoon. Die UOWP is verder ook 'n belangrike intervensieprogram wat vaardighedsopleiding en inkomsteverlaging deur middel van tydelike werk vir werkloses op die kort tot medium termyn verskaf. In 2022/23 is 1 048 UOWP-werkgeleenthede in die OSW-sektor geskep.

Jongmense in botsing met die gereg is 'n kernbekommernis vir die provinsie, veral jongmense wat by geweldsmisdaad betreffende bendeaktiwiteite betrokke is. Nege polisiekantore in die provinsie is ingesluit in die lys van die top-30-polisiekantore in die land vir die rapportering van moord in die tweede kwartaal van 2022/23 en nege vir gewone aanranding. Die meeste van hierdie polisiekantore is in die Kaapse Metro¹⁰. 'n Toename in jongmense in botsing met die gereg is in die Eden Karoo-streeksdistrik (d.w.s. Knysna, Oudtshoorn en Beaufort-Wes) waargeneem. Om kwesbare jongmense te ondersteun verskaf die Departement toegang tot psigososiale, terapeutiese en statutêre steundienste, soos skoolgebaseerde misdaadvorkomingsprogramme wat op lewensvaardighede, mentorskap, anti-afknouery en die bewustheid en voorkoming van middelgebruikversteurings fokus. Die uitbreiding van die Outeniekwaa KJSS in George het voorts ook die fasilitet se kapasiteit vir ondersteuning vanaf 80 tot 140 jeugdiges in botsing met die gereg verhoog.

Betreffende ouer persone het die Wes-Kaap na raming 804 850 persone van 60 jaar en ouer (in 2023), waarvan 58 persent vroue is. Dit sal na verwagting toeneem tot 1.084 miljoen teen 2031¹¹ en byna verdriedubbel tot 2.044 miljoen teen 2050¹². Toegang tot maatskaplikesteundienste van gehalte vir ouer persone die afgelope jaar is deur die voorsiening van selfsorg- en hulpsorgverblyf, verswakte sorg en geskikte gemeenskapsgebaseerde intervensies gefasiliteer. Verdere werk het ingesluit om te verseker dat die waardigheid en regte van ouer persone gehandhaaf word.

Regstellingsintervensies ter ondersteuning van persone met gestremdhede sluit in die vooropstelling, ondersteuning en bevordering van die regte, welstand en die sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hul gesinne en versorgers sodat hulle 'n gelyke geleentheid kan hê om aan alle lewensfere deel te neem. Hierdie intervensies word verder ondersteun deur toegang tot residensiële fasilitete van gehalte, gemeenskapsgebaseerde versorgingsprogramme sowel as beskermende werksessiedienste te verskaf.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap is steeds kommerwekkend. Onlangse data oor misdaad het aangedui dat die vermindering in misdaad gedurende die inperkingstydperk van tydelike en kunsmatige aard was weens die ramptoestandbeperkings soos die verbod op alkohol en die aandklokreël. Die getal gerapporteerde sake van moord in die provinsie het toegeneem van 2 308 in 2010/11 tot 4 074 in 2021/22 (SAPD, 2022) met 'n voorkomssyfer van 40.3 (vir 2010/11) en 57.3 (vir 2021/22) per 100 000 van die bevolking.

Die kwesbaarheid van vroue rakende verskeie vorms van GGG is tydens die pandemie en in die nasleep daarvan beklemtoon. Lang periodes van afsondering saam met potensiële oortreders het die risiko van gesinsgeweld verhoog, gekombineer met die spanning wat geskep is deur die verhoogde werkloosheidskoers, onveilige vervoer en behoorlike ondersteuning om by ekonomiese

⁹ Statistieke Suid-Afrika (2022). *Halfjaarbevolkingskattings (MYPE-reeks) 2022*.

¹⁰ Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), 2022. *Misdaadstatistieke vir Tweede Kwartaal 2022/23*.

¹¹ Statistieke Suid-Afrika, 2022. *Halfjaarbevolkingskattings (MYPE) 2021, Enkelouderdomme volgens Distrik WK 2011-2031 Beta*.

¹² Statistieke Suid-Afrika, (2021). *Enkelouderdomme volgens Provinse 2002-2050, MYPE-reeks 2020*.

geleenthede betrokke te raak. Berigte van 'n toename in GGG, spesifiek gesinsgeweld gedurende die inperkingstydperk, het die kwesbaarheid van vroue vir geweld uitgelig. GGG-intervensies wat deur die Departement geïmplementeer is, het die aanstelling van 26 maatskaplike werkers wat in GGG spesialiseer by DMO-streekkantore ingesluit om die beskikbaarheid van terapeutiese ondersteuning aan slagoffers van seksuele misdaad te verhoog, sowel as die voortgesette befondsing van 26 skuilings vir mishandelde vroue en hul kinders. Die acht TSS'e, in vennootskap met die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en die DvGW, het ook geweldig bygedra tot onmiddellike sorg vir slagoffers van GGG. Slagofferbemagtigingsdienste sluit ondersteuning vir slagoffers van mensehandel en slagoffers van gesinsgeweld in.

Seksuele misdrywe¹³ het 7 persent (7 163) van kontakmisdade gedurende die 2021/22-boekjaar behels. Verdere ontleiding van die SAPD se misdaadstatistieke vir 2021/22 het aangedui dat die nasionale koers vir seksuele misdrywe 88,0 per 100 000 van die bevolking is (52 694 insidente) terwyl die Wes-Kaapse koers heelwat hoër is teen 101 per 100 000 (7 163 insidente) van die bevolking¹⁴. Van verdere kommer was die SAPD se verslag oor misdaadstatistieke (2022)¹⁵ wat aangedui het dat 15 polisiekantore op die lys van die top-30-polisiekantore in die land vir die rapportering van seksuele aanranding in die Wes-Kaap is. Dit is van uiterste belang dat psigososiale dienste vir slagoffers van GGG geprioritiseer word. 'n Gefokusde kommunikasiestrategie en bewusmaking tydens die WKR se veldtag van 365 dae teen GGG het daar toe gelei dat 34 persent meer kliënte van psigososiale steudienste gebruik het as wat verwag is.

Geweld teen vroue en kinders word dikwels deur middelmisbruik aangeblaas. Die Departement verskaf 'n reeks MGS-dienste, insluitende voorkoming, vroeë intervensie, behandeling en nasorgdienste om die effektiewe herintegrasie van kliënte in hul gemeenskappe van herkoms en die samelewning in die algemeen te verseker. Die Departement ondersteun verder inisiatiewe om die nadelige gevolge van fetale alkoholspektrumversteuring by kinders die hoof te bied. Die Departement verskaf ook MGS-voorkoming-en-behandelingsprogramme by al sy KJSS'e en het hierdie dienste na GGG-skuilings uitgebrei.

Die uitwerking van die energiekrisis en verlengde tydperke van beurtkrag hou 'n wesenlike risiko vir dienslewering in oor alle programme heen. Die DMO se eie fasiliteite wat inwoners op 'n 24-uur-grondslag akkommodeer, benodig betroubare elektrisiteitsvoorsiening om die optimale funksionering van sekuriteit- en waterpompstelsels sowel as mediese toerusting te verseker. Die toenemende afhanklikheid van dieselpompwekkers het wesenlike koste-implikasies vir die Departement ingehou.

2.2. Diensleweringverbeteringsplan

As gevolg van die hersiening van die Diensleweringverbeteringsplan (DLVP), 2008, se direktief deur die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA), het die DPSA deur DLVP-omsendbrief 1 van 2020/21, soos uitgereik op 24 Maart 2021, en die daaropvolgende DLVP-omsendbrief 14 van 2022, soos uitgereik op 25 April 2022, gelas dat daar nie van nasionale en provinsiale departemente vereis word om 'n goedgekeurde DLVP gedurende die 2022/23-boekjaar te ontwikkel of te implementeer nie.

Alhoewel dit nie vir verslagdoening vereis word nie, bly die monitering van diensleweringverbeteringsareas in die beste belang van die Departement. Die Departement het dus voortgegaan om voorheen geïdentifiseerde diensleweringverbeteringsareas te monitor.

¹³ SAPD 2022. Jaarlikse Misdaadstatistieke 2021/2022 gekombineer en intern ontleed deur die Direktoraat: Navorsing en Inligtingsbestuur.

¹⁴ Statistieke Suid-Afrika, 2020. *Halfjaarbevolkingskattings (MYPE), Enkelouderdomme volgens Provinse 2002-2050 (2020)*.

¹⁵ SAPD 2022. Jaarlikse Misdaadstatistieke 2021/2022 gekombineer en intern ontleed deur die Direktoraat: Navorsing en Inligtingsbestuur.

2.3. Organisatoriese omgewing

Met die oog op doeltreffende, effektiewe en responsiewe dienslewering het die Departement verskeie verbeterings aan die organisatoriese struktuur, streng kostbeperkingsmaatreëls en verbeterings aan bestuurstelsels, besigheidsprosesse en -strategieë geïmplementeer. Prosesse vir organisatoriese ontwikkeling wat geïnisieer is om die doeltreffendheid van die organisatoriese struktuur te verbeter, sluit die volgende in:

- die sentralisering van die VKB-verkrygingsfunksie by Hoofkantoor, spesifiek die menslikehulpbronvereistes vir die sentralisering van die funksie; en
- die belyning van streekstrukture met norme en standarde vir maatskaplike werk en die administratiewe ondersteuningspersoneel wat nodig is om aan hierdie norme en standarde te voldoen.

Om organisatoriese funksionaliteit te verbeter is die mikrostrukture van die Hoofdirektorate: Kinders, Gesinne en Kwesbare Groepe; Maatskaplike Welsyn en Herstellingsdienste; en Gemeenskap- en Venootskapontwikkeling versterk deur die passing en plasing van personeel, voorheen in 'n gesentraliseerde eenheid georganiseer, wat oordragbefondsing oor alle subprogramme heen administreer. Hierdie integrasie van die oordragbefondsingsfunksie by programimplementering en -administrasie het bykomende kapasiteit binne hierdie hoofdirektorate geskep en meer doeltreffende OSW-kontrakbestuur moontlik gemaak.

Die veiligheid en welstand van personeel is noodsaaklik. Frontliniepersoneel wat in hoërisikogebiede werksaam is, word toenemend aan misdaad en geweld blootgestel. Die Departement het dus verskeie maatreëls ingestel om hierdie risiko te verminder, insluitende om venootskappe met die SAPD, die Departement van Polisieoorsig en Gemeenskapsveiligheid en die Provinciale Gesamentlike Bedryfskomitee aan te gaan om personeelsekuriteit in hoërisikogebiede te verbeter, sowel as die installering van veiligheid- en sekuriteitstoerusting as deel van alle kapitaal- en instandhoudingsprojekte onder toesig van die Dvl.

Teen 8 persent aan die einde van Maart 2023 het die departementele vakaturekoers¹⁶ onder die Departement van Staatsdiens en Administrasie se norm van 10 persent gebly. Vakaturekoerse in sekere beroepsgroepe, soos kinder- en jeugsorgwerkers, opvoeders en professionele verpleegkundiges by KJSS'e, bly egter 'n uitdaging. Benewens begrotingsbeperkings het personeelverlies weens bedankings, bevorderings en aftrede in die afgelope boekjaar 'n impak gehad op die Departement se vermoë om dienste te lewer. Die Departement het dus poste geïdentifiseer wat geprioritiseer sal word om die impak op dienslewering te versag. Hierdie maatreël is egter onvoldoende gegewe die impak van die huidige stand van die ekonomie op ons dienste en die gebrek aan voldoende befondsing ter ondersteuning van statutêre dienste. Die moontlike sluiting van OSW's sal ook die druk op die Departement verhoog om hierdie dienste te lewer.

Menslikehulpbronbestuur

Indiensneming en vaktures

Die Departement het 128 befondsde vakante poste binne die goedgekeurde departementele organisatoriese struktuur gevul en het 139 maatskaplikewerkgegradeerde, wat NDMO-maatskaplikewerkbeurse gehad het, op kontrak aangestel. Personeellede wat bykomend tot die diensstaat aangestel is¹⁷, is as gevolg van vorige herstrukturieringsprosesse.

Die Departement het organisasie-ontwerpprosesse gedurende die 2019/20-prestasiesiklus geïnisieer wat deur die Korporatiewedienstesentrum gedurende die 2020/21-prestasiesiklus voorlopig uitgestel is. Soos ten tyde van die 2022/2023-prestasiesiklus is die Funksionele Optimaliseringshersiening van die Direktoraat: VKB in die finale stadium, terwyl werk aan die

¹⁶ Die vakaturekoers is gebaseer op befondsde, gevulde poste en sluit interns uit.

¹⁷ Personeel wat bykomend tot die diensstaat aangestel is, maak 1% van die totale diensstaat uit.

Funksionele Optimaliseringshersiening van die ses streekkantore nog nie begin het nie. Werk aan laasgenoemde sal in die 2023/24-boekjaar voortgesit word. Die intervensie rakende frontliniedienslewering in Milnerton het gedurende die boekjaar begin, met beperkte vordering.

Personeelopleiding

Namate die land uit die inperkingstydperk gekom het, is 'n hibriede program van virtuele en persoonlike opleiding gedurende die boekjaar onder oorsig verskaf.

Leerprogramme wat vir maatskaplikedienspraktisyne en ondersteuningspersoneel aangebied is, het die volgende ingesluit: die Kinderwet, Traumaberading en -ontlasting, Opstel van Hofverslae, Hanteringsvaardighede, Etiese Kode vir Maatskaplike Werkers, Hersiene Administratiewe Hulpmiddels in Maatskaplike Welsyn vir Maatskaplike Werkers, Bedrogbewustheid, Verpligte Induksieprogram en Staatsdiensinduksie, Sosiale Media, Kontrakbestuur, Beskerming van Persoonlike Inligting, Beroepsgesondheid en -veiligheid, en Mensehandel.

Die verskaffing van opleidingsgeleenthede is steeds 'n prioriteit vir die Departement om 'n hoogs geskoolde professionele arbeidsmag te verseker wat in staat is om gehaltdiens aan ons kliënte en begunstigdes te lewer. Gedurende die oorsigjaar het 1 390 personeellede opleiding deur 194 opleidingsintervensiës bygewoon.

Die Departement het 70 personeelbeurse in verskeie studievelds toegeken, insluitende gespesialiseerde rigtings waar daar 'n tekort aan vaardighede is, soos verslawingsorg, kinder- en gesinstudies, kliniese maatskaplike werk en proefdienste. Verder is 14 MGS-beurse aan mense buite die Departement toegeken. Dit is om die beskikbaarheid van toepaslik opgeleide persone in hierdie veld te verhoog.

Die Departement het begin met die implementering van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), Wet 4 van 2013, en sal oor die komende maande voortgaan om te verseker dat die wet sowel as die regulasies ten volle in die Departement geïmplementeer word. 'n Inligtingsbeampte en adjunkinligtingsbeampte is aangestel. Die handleiding tot die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) is bygewerk om POPIA in te sluit, en die Departement het 'n privaatheidsbeleid en privaatheidskennisgewing ontwikkel. Impakbeoordelings rakende persoonlike inligting is in 2022/23 begin om databeskermingsrisiko's te identifiseer en te minimaliseer. Die Departement het ook met 'n kommunikasie- en voorspraakveldtog begin om alle personeel in te lig en op te lei rakende POPIA en departementele beleide oor persoonlike inligting.

Tegnologiese omgewing

Tegnologie speel 'n toenemende rol in die doeltreffende funksionering van organisasies. Ten spyte van 'n beperkte begroting het die Departement stelselimplementering geprioritiseer om op hoogte te bly van tegnologiese ontwikkelings en om die beskikbaarheid van bestuursinligting te verbeter. Die betalingsmodule van die OSW-bestuurstelsel is in die proses om geleidelik geïmplementeer te word en verskeie verbeterings is aangebring om betalingsrisiko's te verminder. Die Departement het voortgegaan om die opleiding en -implementeringsplan vir die OSW-bestuurstelsel in werking te stel en het verbeterings geïnisieer om doeltreffendheid te verhoog. Bykomende modules is in ontwikkeling en/of word verbeter en sal oor die volgende twee jaar geïmplementeer word.

Die Departement het voortgegaan om die gebruik van die elektroniese MyContent-inhoudbestuurstelsel te bevorder om te verseker dat die rekords daarin maklik toeganklik is vir personeel. 'n Elektroniese inhoudbestuurtoestemmingstruktuur is ook in die Departement geïmplementeer om nakoming van POPIA te verseker en rekenaarhardware vir vervanging om die WKR se upgradering na Windows 10 te akkommodeer is geherprioritiseer.

Die Departement het konnektiwiteit vir sy frontliniepersoneel en kantore wat nie deur middel van breëband gekoppel is nie, suksesvol gehandhaaf deur sy e-Mobiliteit-oplossing. In afwagting van die huidige Cell C-kontrak wat in Julie 2023 tot 'n einde gekom het, het die Departement begin met die proses om voorleggings/tenders aan te vra ingevolge die

Nasionale Tesourie se RT15 2021-kontrak vir die aanstelling van 'n e-Mobiliteit-diensverskaffer. Die NDMO het stelsels geïmplementeer soos die Proefgevallebestuurstelsel met 'n eindpuntkennisgewingfunksie wat konnektiwiteit en data vereis. Die Departement se e-Mobiliteit word ook vir hierdie stelsel gebruik, veral vir nauurse werk wat dikwels die geval is vir proefbeamptes.

Om departementele data te beskerm, word InTune-enkripsiesagteware steeds op alle persoonlike rekenaars, veral skootrekenaars, geïnstalleer. Dit maak die toestelle ook minder werd vir diewe. Die InTune-projek het gedurende die laaste deel van die 2020/21-boekjaar begin en sal deur die loop van die 2023/24-boekjaar voortduur. Om die sukses van hierdie projek te verseker, het die Departement ook met 'n proses begin om te verseker dat alle persoonlike rekenaars na Windows 10 met Office 365 opgegradeer word, wat 'n voorvereiste vir die InTune-installering is. Persoonlike rekenaars en skootrekenaars wat nie met Windows 10 versoenbaar is nie, is vir vervanging geprioritiseer.

Die Departement het goede vordering met sy digitale transformasie gemaak. Digitale tegnologieë vereis egter 'n betroubare bron van elektrisiteit. Die laaste deel van 2022/23 was 'n groot uitdaging met verhoogde vlakke van beurtkrag wat ondervind is. Die Departement sal voortaan sy sakekontinuïteitsplanne moet herevalueer in die lig van langer tydperke en verhoogde vlakke van beurtkrag.

Laastens het die Departement voortgegaan om toegang tot opleiding en kapasiteitsbou rakende inligtingsskommunikasietegnologie aan personeel te verskaf, insluitende die verskaffing van sagtewareopleiding vir aanlyn eindgebruikers.

2.4. Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

Wysigings aan die Wet op Kindergeregtigheid, 2008 (Wet 75 van 2008), het die minimum ouderdom van toerekeningsvatbaarheid vir kinders van 10 jaar tot 12 jaar verhoog. Hierdie wet maak voorsiening vir 'n strafregproses vir kinders wat van oortredings beskuldig word en wat ten doel het om die regte van hierdie kinders te beskerm. Dit bepaal die minimum ouderdom van toerekeningsvatbaarheid, insluitende bepalings met betrekking tot die vervolging van 'n kind van 12 jaar of ouer. Derhalwe mag 'n kind onder die minimum ouderdom van toerekeningsvatbaarheid van 12 jaar nie meer deur die SAPD gearresteer of aangekla word nie en nie vir 'n strafbare oortreding vervolg word nie.

3. Bereiking van institusionele impak en uitkomste

Die Departement se vordering met die bereiking van die vyfjaarteikens ten opsigte van die uitkomsaanwysers:

| Uitkomste | Uitkomsaanwysers en vordering |
|--|--|
| DMO-topprioriteit Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | 1.1 Getal kinders, hul ouers, versorgers en gesinslede wat gebruik maak van maatskaplike welsyn, gesinsondersteuning, kindersorg en -beskerming en herstellingsdienste per jaar. Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan: Die Departement was steeds verbind tot die verskaffing van herenigings- en herintegrasiedienste aan haweloze volwassenes. Hierdie dienste is verder uitgebrei, met die toename in die getal bedspasies in befondsde skuilings oral in die provinsie. Hierbenewens het hierdie skuilings ook verseker dat haweloze volwassenes toegang tot maatskaplike dienste, voeding en vaardigheidsontwikkelingsprogramme het. Alternatiewe sorgdienste is versterk deur middel van die volle implementering van die webgebaseerde Pleegsorgbestuurstelsel, wat maatskaplike werkers van 'n vroeë kennisgewing voorsien ten opsigte van pleegsorghofbevele wat gaan verval of verstryk. Verder, as deel van die departementele veiligheidsouderprogram, het nuwe veiligheidsouders opleiding ontvang, wat die voldoende beskikbaarheid van opgeleide veiligheidsouders verseker. |

| Uitkomste | Uitkomsaanwysers en vordering |
|--|--|
| | <p>Die Departement het deur die Risiha-model steeds toegang verskaf tot gemeenskapsgebaseerde dienste, wat dienste gelewer het om die kognitiewe en fisiese gesondheid en welstand van kinders te bevorder.</p> <p>Departementele residensiële fasiliteite is versterk weens die upgraderings aan die Outeniekwa KJSS in George. Hierdie opknappings het die fasilitet se kapasiteit versterk vir ondersteuning vanaf 80 tot 140 jeugdiges in botsing met die gereg, wat kinders met ernstige gedragsuitdagings insluit.</p> <p>Die Departement het die werksaamhede van die 26 GGG-skulings oral in die provinsie gehandhaaf. Hierdie skulings het voortgegaan om vroue en hul kinders van tydelike veilige verblyf te voorsien. Die Departement was steeds die enigste provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in die land om 'n OSW-gedrewe model van die Khuseleka-eenstopsentrum van stapel te stuur, wat maatskaplike en regsdienste aan vroue verskaf.</p> <p>Skoolgebaseerde MGS-behandelingsprogramme is in hoërisikogebiede gehandhaaf, wat ondersteuning aan leerders, hul gesinne en opvoeders bied.</p> |
| | <p>1.2 Getal gesinne en/of huishoudings wat gebruik maak van maatskaplike noodleniging en gesinsondersteuningsdienste.</p> <p>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</p> <p>Die Departement het voortgegaan om ondersteuning te verskaf aan slagoffers van uitermatige swaarkry en rampgevalle, veral aan kwesbare groepe soos kinders, ouer persone en persone met gestremdhede, met toegang tot maatskaplike werkers van die DMO wat psigosiale steudienste en traumaberading verskaf het.</p> <p>Daarbenewens het die departementele voedselnooddelenigingstrategie verseker dat kospakkies voorsien is aan kwalifiserende begunstigdes wat humanitaire noodleniging benodig.</p> |
| DMO-veiligheidsprioriteit Kwesbare kinders en jeugdiges word geïdentifiseer en bygestaan met psigosiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag teenwerk. | <p>2.1 Getal kinders in botsing met die gereg, wat na afwendingsintervensies verwys is, wat verhoorafwagtend en/of gevonnis is, wat van die vereiste herstellingsdienste (spesifiek ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid; Wysigingswet op Proefdienste) voorsien is.</p> <p>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</p> <p>Die Departement het sy skoolgebaseerde misdaadvorkomings-programme na stedelike en landelike brandpuntgebiede oral in die provinsie uitgebrei.</p> <p>2.2 Getal skole in 11 polisiegebiede met die hoogste risiko en/of WKR-veiligheidsplanareas waar DMO en/of DMO-befondsde maatskaplike werkers kwesbare kinders en jeugdiges vir gespesialiseerde intervensies identifiseer, assesseer, verwys en opvolg.</p> <p>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</p> <p>Beperkte toegang tot geïdentifiseerde skole het tot onderprestasie ten opsigte van hierdie aanwyser geleid.</p> |
| Arm, kwesbare ouer persone leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings. | <p>4. Getal kwesbare ouer persone wat gebruik maak van ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste.</p> <p>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</p> <p>Ter ondersteuning van die volledige implementering van die nasionale elektroniese Register van Mishandelde Ouer Persone is 101 maatskaplikedienspraktisyne opgelei om gevalle van mishandeling en vermoedelike mishandeling van kwesbare ouer persone aan te teken en te rapporteer.</p> |

| Uitkomste | Uitkomsaanwysers en vordering |
|---|--|
| Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings. | <p>5. Getal persone met gestremdhede, hul gesinne en/of versorgers wat gebruik maak van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynsdienste.</p> <p>Vordering ten opsigte van die Strategiese Plan:</p> <p>Die Departement het voortgegaan om sy ouer- en portuurondersteuningstrukture te versterk om persone met gestremdhede en ouers van kinders met gestremdhede te bemagtig. 11 befondsde portuurondersteuningstrukture is bewerkstellig.</p> |
| Kwesbare mense het voedingsondersteuning en werkgeleenthede. | <p>6. Getal kwesbare persone wat gebruik maak van voedingsondersteuning en werkgeleenthede.</p> <p>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</p> <p>Deur die departementele voedselnoodlenigingsintervensies het meer as 109 300 kwalifiserende begunstigdes toegang gekry tot gekookte maaltye by die 111 departementele GVOS'e en 512 gemeenskapskombuise oor die provinsie heen.</p> |
| Jeugdiges maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter. | <p>7. Getal jeugdiges wat gebruik maak van jeug- en vaardighheidsonwikkelingsprogramme.</p> <p>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</p> <p>Die stygende vraag na en versterking van jeugontwikkelingsprosesse het die toegang van 14 566 jeugdiges tot vaardighheidsonwikkelingsprogramme by befondsde Jeugkafees en gemeenskapsgebaseerde organisasies gefasiliteer.</p> |
| Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering. | <p>8. Skoon audit verkry vir die boekjaar geëindig Maart 2025.</p> <p>Vording ten opsigte van die Strategiese Plan:</p> <p>Skoon audit verkry vir die boekjaar geëindig Maart 2023.</p> |

4. Prestasie-inligting volgens institusionele program

4.1 Program 1: Administrasie

Doel

Hierdie program omvat die strategiese bestuur- en ondersteuningsdienste op alle vlakke van die Departement, d.w.s. provinsiale, streeks-, distrik- en fasiliteit-/institusionele vlak.

Let wel: Die Korporatiewedienstesentrum (KDS) wat in die Departement van die Premier (DvdP) gesetel is, verskaf ondersteuningsdienste vir menslikehulpbronbestuur aan die Departement.

Subprogramme

- 1.1. Kantoor van die LUR
- 1.2. Korporatiewe bestuursdienste
- 1.3. Distrikbestuur¹⁸

Uitkomste

Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

- Die Departement was steeds daartoe verbind om 'n inklusiewe en toeganklike werksomgewing vir alle personeellede te skep, veral vir persone met gestremdhede. Die departementele Gestremdhedsforum is gestig ingevolge die Wes-Kaapse DMO-hoofstroomstrategie vir Gestremdheid. Hierdie forum bied aan personeellede 'n veilige omgewing waarin hulle hul bekommernisse en uitdagings kan deel en terugvoer kan gee oor die verskaffing van redelike aanpassings en toegang tot beskikbare en gesikte hulpbronne. Daarbenewens het die Departement 'n Vroue- en Mansforum gestig, wat personeellede 'n platform bied om hul uitdagings en bekommernisse te opper, en te werk om 'n inklusiewe en ondersteunende werksomgewing te skep.

¹⁸ Die opskef Distrikbestuur word ingevolge die nasionale begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO is egter werksaam deur middel van streekkantore.

| Subprogram 1.2: Korporatiewe bestuursdienste | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|----------------------------------|----------------------------|--|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlike teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering. | Kapasiteitsbou van maatskaplikewerken verwante beroepe. | 1.2.1.1 Getal opleidings-intervensies vir maatskaplikewerken maatskaplikewerk verwante beroepe. | 29 | 29 | 29 | 29 | 0 | Teiken behaal. |
| | | 1.2.1.2 Getal beurse toegeken. | 146 | 86 | 109 | 123 | 14 | Handhawing van bestaande beurse wat in vorige jare toegeken is, waarvan 14 eksterne beurse is. |
| | Maatskaplike werkers is in diens van DMO. | 1.2.1.3 Getal maatskaplike werkers in diens van die DMO gedurende 'n boekjaar ¹⁹ . | 948 | 961 | 876 | 904 | 28 | Bykomende maatskaplikewerkgegradeerde is op vastterminynkontrakte aangestel ter nakoming van hul beursverpligtinge. |
| | Tydige betaling van fakture. | 1.2.1.4 Persentasie fakture wat binne 30 dae aan DMO-diensverskaffers betaal is. | 99.9% | 99.96% | 100% | 99.93% | -0.07% | 20 fakture is nie binne die tydperk van 30 dae betaal nie. |

¹⁹ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Verhoog die getal maatskapliedienbseroepsli in die staatsdiens".

| Subprogram 1.2: Korporatiewe bestuursdienste | | | | | | | | |
|---|---|--|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|---------------------|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering. | Om goeie korporatiewe bestuur ter ondersteuning van lewering van dienste van gehalte te bevorder. | 1.2.1.5 Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) se mening oor die audit van finansiële state en verslag rakende die bruikbaarheid en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie-inligting. | Skoon audit | Skoon audit | Skoon audit | Skoon audit | - | - |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die Departement het 'n vooraudit-moniteringsmatriksmodule geïmplementeer om uitstaande fakture na te spoor. Hierdie model is gebaseer op die werklike verpligtingsverslag, wat fakture aandui wat nog nie vir betaling ontvang is nie. Hierdie module het ten doel om te verseker dat fakture binne 30 dae betaal word. Die Departement het verder 'n generiese e-posadresstelsel geïmplementeer, wat verskaffers toelaat om hul fakture in te dien en as 'n nasporingsmeganisme dien om die verwerking van fakture te verbeter. Aanvullend tot hierdie intervensie is 'n protokol vir vroeë kennisgewing wat die weeklikse nasporing van fakture moontlik maak.

Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met gemeenskaplike funksies

Nie van toepassing nie. Die maatskaplikeontwikkelingsektor is nie doelgemaak nie en het dus nie gestandaardiseerde sektoraanwysers nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die program het 98.6 persent van sy begrotingstoewysing van R233 906 miljoen vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R3 198 miljoen hou verband met onderbesteding op VvW weens diensverlatings deur personeel, en die onderbesteding op goedere en dienste weens die gebruik van elektroniese platforms.

Tabel G: Subprogrambesteding

| Subprogramnaam | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|------------------------------|------------------|--------------------|------------------------|------------------|--------------------|------------------------|
| | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)/Onder-besteding |
| Administrasie | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Kantoor van die LUR | 7 684 | 7 644 | 40 | 7 430 | 7 430 | - |
| Korporatiewe bestuursdienste | 143 504 | 141 295 | 2 209 | 142 641 | 142 641 | - |
| Distrikbestuur | 82 718 | 81 769 | 949 | 91 820 | 91 820 | - |
| Totaal | 233 906 | 230 708 | 3 198 | 241 891 | 241 891 | - |

4.2 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Doel

Verskaffing van geïntegreerde ontwikkelingsgerigte maatskaplikewelsynsdienste aan armes en kwesbare in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

Subprogramme

Subprogram 2.1: Bestuur en Ondersteuning

Subprogram 2.2: Dienste aan Ouer Persone

Subprogram 2.3: Dienste aan Persone met Gestremdhede

Subprogram 2.4: MIV en VIGS

Subprogram 2.5: Maatskaplike Noodleniging

Uitkomste

Arm, kwesbare ouer persone leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.

Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers lei aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings.

Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

Jeugdiges maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter.

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 2.2: Dienste aan ouer persone

- Die Departement het voortgegaan om die mentorskapmodel te implementeer om residensiële fasiliteite te ondersteun en by te staan. Altesaam ses residensiële fasiliteite is ondersteun om hul bestuur en finansiële strukture te versterk. Twee van hierdie fasiliteite was verder in staat om 'n direksie te verkies en daar te stel wat voldoening aan voorgeskrewe minimum norme en standarde vir die verskaffing van gehaltdienste aan ouer persone sal verseker.
- Die nasionale elektroniese Register van Mishandelde Ouer Persone is ten volle geïmplementeer gedurende die oorsigjaar. Om die implementering van die elektroniese register te ondersteun, is 101 maatskaplikedienspraktisyns opgelei om gevalle van mishandeling en vermoedelike mishandeling van ouer persone aan te teken en te rapporteer.

Subprogram 2.3: Dienste aan Persone met Gestremdhede

- Opleiding- en kapasiteitsbousessies is met 12 befondsde organisasies en 88 van hul personeellede oor die provinsie heen gehou om die bekwaamheid, ten opsigte van vaardighede en kennis, en die uitvoering van dienste aan persone met gestremdhede te verbeter.
- Die Departement het voortgegaan om sy ouer- en portuurondersteuningstrukture te versterk om persone met gestremdhede en ouers van kinders met gestremdhede te bemagtig. 11 befondsde portuurondersteuningstrukture het steeds gemeenskapslede en gesinne ondersteun deur middel van berading en ouerskapvaardigheidsprogramme in gebiede met geen toegang tot dienste nie.

Subprogram 2.5: Maatskaplike Noodlening

- Die Departement het voortgegaan om ondersteuning te bied aan slagoffers van uitermatige swaarkry en rampgevalle in die provinsie. Gedurende die boekjaar het 4 189 geaffekteerde slagoffers toegang gehad tot DMO-maatskaplike werkers wat psigososiale steundienste en traumaberading verskaf het. Daarbenewens het die departementele voedselnoodlenigingsintervensie verseker dat 3 897 kospakkies voorsien is aan kwalifiserende begunstigdes wat humanitêre noodlening benodig.
- Teen die einde van Maart 2023 het die Sanitary Dignity-projek 27 817 bokse sanitêre doekies aan 302 skole oral in die provinsie versprei. Dit het verspreiding aan leerders by plaasskole, spesiale skole en KJSS'e van die DMO ingesluit. Die Departement het verder met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOSOB) saamgewerk aan die veilige en higiëniese wegdoening van sanitêre doekies, wat 'n assessering ingesluit het om die veiligste opsie vir die wegdoening van sanitêre doekies te identifiseer.

| Subprogram 2.2: Dienste aan Ouer Persone | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Arm, kwesbare ouer persone leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings. | Residensiële sorgdienste/-fasilitete is vir ouer persone beskikbaar. | 2.2.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in residensiële sorgfasilitete vir ouer persone. | 5 000 | 4 993 | 4 993 | 4 940 | -53 | Begrotings besnoeiings in oordrag befondsing het daar toe gelei dat residensiële sorgfasilitete nie leë bedspasies kon vul nie. |
| | Gemeenskaps-gebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste is vir ouer persone beskikbaar. | 2.2.1.2 Getal subsidies na gemeenskaps-gebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste vir ouer persone oorgedra. | 16 396 | 17 029 | 13 887 | 13 119 | -768 | Minder ouer persone kon gemeenskaps-gebaseerde versorging- en ondersteuningsdienste bywoon weens begrotings besnoeiings in oordrag befondsing van die vervoerdienst na en van dienssentrum. |
| | Hulpsorg- en selfsorgfasilitete is vir ouer persone beskikbaar. | 2.2.1.3 Getal gesubsidieerde beddens in hulpsorg- en selfsorgfasilitete vir ouer persone. | 740 | 755 | 740 | 728 | -12 | Begrotings besnoeiings in oordrag befondsing het daar toe gelei dat hulpsorg- en selfsorg fasilitete nie leë bedspasies kon vul nie. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Beperkte begrotings het die Departement se vermoë beperk om al sy teikens te behaal. Die Departement sal voortgaan om met die OSW-sektor te skakel om OSW-volhoubaarheid te verbeter en te versterk.

| Subprogram 2.3: Dienste aan Persone met Gestremdhede | | | | | | | | |
|---|--|---|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Persone met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings. | Residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede is beskikbaar. | 2.3.1.1 Getal gesubsidieerde beddens in befondsde OSW-residensiëlesorgfasiliteite vir persone met gestremdhede. ²⁰ | 1 673 | 1 674 | 1 674 | 1 647 | -27 | Begrotings besnoeiings in oordragbefondsing het daar toe gelei dat residensiëlesorgfasiliteite nie leë bedspasies kon vul nie. |
| | | 2.3.1.2 Getal persone met gestremdhede wat toegang tot DMO-residensiële fasiliteite verkry. ²⁰ | 119 | 116 | 110 | 113 | 3 | Behoefte aan plasing in residensiële fasiliteite vir persone met gestremdhede en spesiale behoeftes. |
| | Dienste in befondsde beskermende werksessies is vir persone met gestremdhede beskikbaar. | 2.3.1.3 Getal subsidies oorgedra aan gemeenskap-gebaseerde dagsorgfasiliteite vir persone met gestremdhede.. | 2 863 | 2 958 | 2 961 | 2 655 | -306 | Begrotings besnoeiings in oordragbefondsing het daar toe gelei dat minder persone met gestremdhede van beskermende werksessies gebruik maak. |

²⁰ Hierdie uitsetaanwyser is gedisaggregeer vanaf die 2020/21-boekjaar.

| Subprogram 2.3: Dienste aan Persone met Gestremdhede | | | | | | | | |
|--|---|--|--|--|--|-----------------------------------|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Personne met gestremdhede en hul gesinne en/of versorgers leef aktiewe lewens in veilige, beskermde en ondersteunende omgewings. | Befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme is beskikbaar vir personne met gestremdhede. | 2.3.1.4 Getal subsidies oorgedra aan gemeenskapsgebaseerde dagsorgsentrumse vir personne met gestremdhede. | 1 003 | 1 054 | 1 049 | 1 033 | -16 | Begrotings besnoeiings in oordragbefondsing het daar toe geleid dat minder personne met gestremdhede van gemeenskapsgebaseerde dagsorgsentrumse gebruik maak. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Beperkte begrotings het die Departement se vermoë beperk om al sy teikens te behaal. Die Departement sal voortgaan om met die OSW-sektor te skakel om OSW-volhoubaarheid te verbeter en te versterk.

| Subprogram 2.4: MIV en VIGS |
|---|
| MIV/VIGS-intervensies en -begroting word binne die kindersorg- en beskermingsprogram geïntegreer. |

| Subprogram 2.5: Maatskaplike Noodleniging | | | | | | | | |
|---|---|--|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Gevalle van uitermatige swaarkry geassesseer. | 2.5.1.1 Getal gevalle van uitermatige swaarkry (huishoudings) geassesseer. | NVT | NVT | 1 073 | 2 938 | 1 865 | Oorprestasie weens 'n toename in die getal kliënte vir assessering vir uitermatige swaarkry weens hoë vlakke van armoede en werkloosheid. |
| | Rampgevalle geassesseer. | 2.5.1.2 Getal rampgevalle (huishoudings) geassesseer. | NVT | NVT | 945 | 1 251 | 306 | 'n Toename in die getal oorstromings en brande wat gedurende die jaar aangemeld is, het daar toe geleid dat meer huishoudings vir assessering verwys is. |
| Jeugdiges maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter. | Bokse sanitêre doekies word na geïdentifiseerde skole en fasilitete versprei. | 2.5.1.3 Getal bokse sanitêre doekies na geïdentifiseerde skole en fasilitete versprei. | NVT | NVT | 26 215 | 27 817 | 1 602 | Oorprestasie weens bykomende skole wat gedurende die boekjaar geïdentifiseer en van sanitêre doekies voorsien is. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met gemeenskaplike funksies

Nie van toepassing nie. Die maatskaplikeontwikkelingsektor is nie doelgemaak nie en het dus nie gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die program het 99.9 persent van sy begrotingstoewysing van R1 072 miljard vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.206 miljoen hou verband met onderbesteding op oordragte en subsidies weens die vertraging in die operasionalisering van die gespesialiseerde voertuie vir persone met gestremdhede, en onderbesteding op kapitaalbates weens die vertraging in lewering van die gespesialiseerde voertuie met betrekking tot die wetlike verpligting voortspruitend uit die hofbevel rakende kinders met ernstige intellekturele gestremdhede. Die Departement het 'n aansoek om die oorrol van onbestede fondse by die PT ingedien.

Tabel H: Subprogrambesteding

| Subprogrammaam | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|--------------------------------------|------------------|--------------------|------------------------|------------------|--------------------|------------------------|
| | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)/Onder-besteding |
| Maatskaplikewelsynsdienste | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bestuur en ondersteuning | 609 810 | 609 810 | - | 580 287 | 580 287 | - |
| Dienste aan ouer persone | 246 034 | 246 034 | - | 259 544 | 259 544 | - |
| Dienste aan persone met gestremdhede | 199 656 | 198 450 | 1 206 | 204 743 | 198 453 | 6 290 |
| Maatskaplike noodleniging | 16 456 | 16 456 | - | 13 757 | 12 208 | 1 549 |
| Totaal | 1 071 956 | 1 070 750 | 1 206 | 1 058 331 | 1 050 492 | 7 839 |

4.3 Program 3: Kinders en gesinne

Doeleind

Verskaffing van omvattende kinder- en gesinsorg en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

Subprogramme

- Subprogram 3.1: Bestuur en Ondersteuning
- Subprogram 3.2: Sorg en Dienste aan Gesinne
- Subprogram 3.3: Kindersorg en -beskerming
- Subprogram 3.4: VKO en Gedeeltelike Sorg
- Subprogram 3.5: Kinder- en Jeugsorgsentrum
- Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde Versorgingsdienste aan Kinders

Uitkomste

Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 3.2: Sorg en Dienste aan Gesinne

- Bedspasies in skuilings vir hawelose volwassenes het van 2 028 in 2021/22 tot 2 398 in 2022/23 toegeneem. Die 37 befondsde skuilings verskaf verblyf, voedsame maaltye, vaardighedsontwikkelingsprogramme sowel as dienste vir gesinshereniging en -herintegrasie. Daarbenewens kon hierdie befondsde skuilings werk aan 25 maatskaplikehulpwerkers verskaf. Verder het 32 skuilinggebaseerde maatskaplike werkers opleiding oor die riglyne vir herenigingsdienste aan gesinne ontvang.
- Gedurende die oorsigjaar het die Departement die verskaffing van noodsaklike gemeenskapsgebaseerde dienste deur middel van die Risiha-model aan 10 685 kinders en hul gesinne verseker. Die model stel kinders in staat om toegang te kry tot dienste wat op die verbetering van hul geestes-, emosionele en fisiese gesondheid fokus.

Subprogram 3.3: Kindersorg en -Beskerming

- Die Departement het voortgegaan om alternatiewe sorgdienste te versterk deur middel van die volle implementering van die webgebaseerde Pleegsorgmoniteringstelsel. Benewens die stelsel wat 'n rekord verskaf van alle pleegsorggevalle in die provinsie, stel dit maatskaplike werkers in kennis van hofbevele wat gaan verstryk. Dit stel maatskaplike werkers in staat om gevalle te monitor, na te spoor en te hersien en uitgereikte pleegsorghofbevele doeltreffend te bestuur sowel as die agterstand in die provinsie.
- As deel van die Veiligheidsouerprogram is 220 nuwe veiligheidsouers gedurende die 2022/23-boekjaar opgeleei. Hierdie program verseker dat daar opgeleide veiligheidsouers beskikbaar is om tydelike veilige sorg te verskaf vir kwesbare kinders wat sorg en beskerming benodig.

Subprogram 3.4: VKO en Gedeeltelike Sorg

- Gedurende die 2022/23-boekjaar het 6 397 kinders toegang verkry tot dienste by befondsde NSS-fasilitete. Hierdie dienste sluit huiswerk- en studieprogramme, etes en ontspanning- en skoolvakansieprogramme in. NSS-fasilitete het 'n veilige leer- en ontspanningsruimte vir hierdie kinders gebied.

Subprogram 3.5: Kinder- en Jeugsorgsentrums

- Die opknappingswerk by die Outeniekwaland KJSS in George is in Junie 2022 voltooi. Hierdie opknappings het tot 'n toename gelei in die fasiliteit se kapasiteit vanaf 80 tot 140 jeugdiges in botsing met die geregtigheid, insluitende kinders met ernstige gedragsuitdagings. Die fasilitetsverbeterings het verder veiligheid- en sekuriteitsverbeterings by die sentrum ingesluit.
- Om te verseker dat kinders en jeugdiges in KJSS'e bemagtig en ondersteun word, is 'n individuele ontwikkelingsplan vir elke kind, wat sport insluit, ontwikkel en geïmplementeer. Met behulp van die mentorskap en leiding van die kinder- en jeugsorgwerkers het ses kinders vir die Kaapse Metro en Boland Skole Landloopatletiekproewe gekwalifiseer en die Wes-Kaap by die Suid-Afrikaanse Skoleatletiek Nasionale Landloopbyeenkoms verteenwoordig.
- Daarbenewens is 146 kinders wat deur die Kinderhof verwys is en gedragsuitdagings toon sowel as hul versorgers van misdaadvoorkomingslewensvaardighede voorsien om te verhoed dat hulle na die stadium beweeg waar hulle kinders in botsing met die geregtigheid word.

Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde Versorgingsdienste aan Kinders

- Gedurende die 2022/23-boekjaar is 167 hulpkindersorg- en hulpjeugsorgwerkers (HKJSW's) opgeleei. Hierdie gekwalifiseerde HKJSW's het geregistreerde KJSW's gesteun in die verskaffing van ontwikkelingsorg.

| Subprogram 3.2: Sorg en Dienste aan Gesinne | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlike teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermd gesinsomgewings. | Gesinsherenigingsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde gesinne. | 3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is ²¹ . | 514 | 602 | 550 | 768 | 218 | Die aanstelling van maatskaplikehulpwerkers het maatskaplike werkers in staat gestel om met meer gesinne te skakel en vir hereniging voor te berei, sowel as om meer met belanghebbendes te skakel om diensleweringssuitdagings by skuilings te identifiseer en uit die weg te ruim. Hierdie maatreëls het tot die toename in kliënte wat met hul gesinne herenig is, bygedra. |

²¹ Hierdie aanwyser tel die getal volwassenes in DMO-befondsde skuilings vir haweloses wat met hul gesinne herenig is.

| Subprogram 3.2: Sorg en Dienste aan Gesinne | | | | | | | | |
|---|---|--|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermd gesinsomgewings. | Gesubsidieerde beddens in skuilings vir haweloze volwassenes is beskikbaar vir volwassenes wat dit benodig. | 3.2.1.2 Getal gesubsidieerde beddens in skuilings vir haweloze volwassenes. | 2 031 | 2 208 | 2 500 | 2 398 | -102 | Daar is gevind dat sommige skuilings nie aan norme en standaarde voldoen nie en dié skuilings kon dus nie befonds word nie. Die oorblywende befondsde skuilings kan nie voorsiening maak vir bykomende bedspasies nie. |
| | Gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde gesinne. | 3.2.1.3 Getal gesinne wat gebruik maak van gesinsbehoud- en ondersteuningsdienste. | 14 471 | 19 563 | 18 000 | 19 428 | 1 428 | Hoë vraag na dienste, vroeër identifisering van gesinne wat die diens benodig en verbetering in die gehalte van die programme wat geïmplementeer is, het tot die oorprestasie bygedra. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan om met die OSW-sektor te skakel om OSW-voldoening aan norme en standaarde te verbeter en te versterk.

| Subprogram 3.3: Kindersorg en -beskerming | | | | | | | | |
|--|---|--|---|---|----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlike teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Pleegsorgplasingsdienste is beskikbaar vir kinders wat versorging en beskerming benodig. | 3.3.1.1 Getal kinders wat in pleegsorg geplaas is. | 2 892 | 3 492 | 2 936 | 3 966 | 1 030 | Toenemende behoefte vir kinders om in pleegsorg geplaas te word. |
| | Herenigingsdienste is beskikbaar vir geaffekteerde kinders, hul gesinne en alternatiewe versorgers. | 3.3.1.2 Getal kinders wat met hul gesinne of alternatiewe versorgers herenig is. | 238 | 280 | 297 | 260 | -37 | Die omstandighede van baie gesinne en alternatiewe versorgers was nie bevorderlik vir die hereniging nie. Die proses op sigself is ook lank en nie alle prosesse sal moontlik gedurende die boekjaar aangehandel word nie. |

| Subprogram 3.3: Kindersorg en -beskerming | | | | | | | | |
|--|--|--|---|---|----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlike teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Opvoeding- en opleidingsprogramme vir ouers is beskikbaar vir geaffekteerde ouers en versorgers. | 3.3.1.3 Getal ouers en versorgers wat opvoeding- en opleidingsprogramme vir ouers voltooi het. | 1 972 | 3 035 | 3 110 | 3 339 | 229 | Toenames in gerapporteerde gevalle van kinderverwaarloosing, tesame met verbeterde bewusmaking oor die kwessie, en die integrasie van ouerskap met pleegsorgbestuur en gesinsherenigingsplanne het beteken dat meer ouers en versorgers die program kon voltooi. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan om maatskaplikewerkintervensies en -programme aan te bied wat ouers en kinders toerus, voorberei en aanmoedig om te herenig.

| Subprogram 3.4: VKO en Gedeeltelike Sorg | | | | | | | | |
|--|---------------------------------|---|---|---|------------------------------------|----------------------------|--|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplaande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | NSS-fasilitete is geregistreer. | 3.4.1.1 Getal geregistreerde Naskoolsorgfasilitete (NSS). | NVT | NVT | 100 | 120 | 20 | Hulp met herregistrasie is op versoek aan NSS-fasilitete verskaf. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

| Subprogram 3.5: Kinder- en Jeugsorgsentrum | | | | | | | | |
|--|--|---|---|---|------------------------------------|----------------------------|--|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplaande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Residensiëlesorgdienste is beskikbaar vir kinders wat alternatiewe sorg benodig. | 3.5.1.1 Getal kinders in residensiële sorg in befondsde OSW-KJSS'e ingevolge die Kinderwet. | 2 498 | 2 605 | 2 880 | 2 578 | -302 | Verbetering in die plasing van kinders in alternatiewe sorg of hereniging met hul gesinne. Verdere onwilligheid om tieners toe te laat weens hul dikwels uitdagende en ontwrigtende gedrag. |

| Subprogram 3.5: Kinder- en Jeugsorgsentrums | | | | | | | | |
|--|---|--|---|---|----------------------------------|----------------------------|--|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlike teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Residensiëlessorgdienste is beskikbaar vir kinders wat alternatiewe sorg benodig. | 3.5.1.2 Getal kinders in eie befondsde KJSS'e ingevolge die Kinderwet. | 620 | 619 | 500 | 577 | 77 | Toenemende behoefte aan plasing van kinders met uitdagende of ontwrigtende gedrag wat sorg en beskerming benodig. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal ondersteuning bied aan befondsde KJSS'e ten opsigte van die plasing van kinders, veral tienermeisies tussen die ouerdomme van 14-16 jaar met uitdagende en ontwrigtende gedrag, deur paneelvergaderings met 'n multidissiplinêre span en rolspelers te hou om die mees gesikte plasing vir die kind te bepaal.

| Subprogram 3.6: Gemeenskapsgebaseerde Versorgingsdienste aan Kinders | | | | | | | | |
|--|---------------------------------------|--|---|---|----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlike teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Opgeleide kinder- en jeugsorgwerkers. | 3.6.1.1 Getal kinder- en jeugsorgwerkers wat opgelei is. | 8 | 9 | 10 | 0 | -10 | Logistiese uitdagings het die voltooiing van opleiding in die huidige boekjaar verhinder. Opleiding sal in die volgende boekjaar voltooい word. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal die OSW-sektor monitor om te verseker dat deelnemers die opleidingsprogram voltooi, ten einde hul eie vermoëns en kapasiteit en dié van hul gemeenskappe te verbeter.

Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met gemeenskaplike funksies

Nie van toepassing nie. Die maatskaplikeontwikkelingsektor is nie doelgemaak nie en het dus nie gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die program het 99.6 persent van sy begrotingstoewysing van R454.028 miljoen vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1.835 miljoen hou verband met onderbesteding op VvW weens diensverlatings deur personeel.

Tabel I: Subprogrambesteding

| Subprogrammaam | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|-----------------------------|------------------|--------------------|-----------------------|------------------|--------------------|-----------------------|
| | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)Onder-besteding | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)Onder-besteding |
| Kinders en gesinne | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bestuur en ondersteuning | 4 814 | 4 687 | 127 | 4 533 | 4 533 | - |
| Sorg en dienste aan gesinne | 108 154 | 106 446 | 1 708 | 106 385 | 106 385 | - |
| Kindersorg en -beskerming | 212 240 | 212 240 | - | 222 419 | 222 419 | - |
| VKO en gedeeltelike sorg | 17 162 | 17 162 | - | 424 212 | 411 663 | 12 549 |
| Kinder- en jeugsorgsentrum | 111 658 | 111 658 | - | 108 658 | 108 658 | - |
| Totaal | 454 028 | 452 193 | 1 835 | 866 207 | 853 658 | 12 549 |

4.4 Program 4: Herstellingsdienste

Doeleind

Verskaffing van geïntegreerde ontwikkelingsgerigte dienste ten opsigte van maatskaplikemisdaadvoorkoming en middelgebruikversteurings aan die mees kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies.

Subprogramme

Subprogram 4.1: Bestuur en Ondersteuning

Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en -ondersteuning

Subprogram 4.3: Slagofferbemagtiging

Subprogram 4.4: Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie

Uitkomste

Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings.

Kwesbare kinders en jeugdiges word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag teenwerk.

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en -ondersteuning

- Skoolgebaseerde misdaadvoorkomingsprogramme is na stedelike en landelike brandpuntgebiede uitgebrei, naamlik Khayelitsha, Kraaifontein, Nyanga, Gugulethu, Delft, Mfuleni, Harare, Bishop Lavis, Phillipi, Phillipi-Oos, Mitchells Plain en Beaufort-Wes, gedurende die 2022/23-boekjaar. Hierdie programme sluit lewensvaardighede, mentorskap, anti-afknouery, middelgebruikversteuring, persoonlike woede en stresbestuur in, ten einde riskante gedrag van leerders in hierdie hoërisikogemeenskappe die hoof te bied. Altesaam 11 197 kinders oor die provinsie heen het toegang tot hierdie programme gekry en daarby baat gevind.
- Afwending- en proefdienste wat aan kinders, jeugdiges en volwassenes in botsing met die geregtigheid verskaf is, is gedurende die oorsigjaar versterk. Dit het die akkreditasie van nege afwendingsprogramme ingesluit wat by vier afwendingsprogrammeringe oral in die provinsie aangebied is. Verder het 30 proefbeamptes opleiding ontvang oor herintegrasie en nasorgdienste en 43 assistentproefbeamptes het opleiding ontvang oor tuisgebaseerde toesigprogramme.
- Die nasionale Proefgevallebestuurstelsel is in 2022/23 ten volle in die provinsie geïmplementeer. Ter ondersteuning van die stelselimplementering het 575 proefbeamptes aanlyn opleiding en ondersteuning oor die gebruik van die stelsel ontvang. Hierdie opleiding sal hul vermoëns verder verbeter om te verseker dat toepaslike intervensies vir kinders in botsing met die geregtigheid beskikbaar is.

- Bykomend tot afwendingsprogramme vir volwassenes het die Departement steeds toegang tot psigososiale ondersteuningsprogramme aan GGG-slagoffers en -oortreders voorsien. Dit het 'n werksessie ingesluit wat deur 316 begunstigdes bygewoon is en wat daarop gefokus het om oortreders oor die gevolge van hul dade op te voed en hulle te help om hul gedrag te verander.

Subprogram 4.3: Slagofferbemagtiging

- Die 26 DMO-befondsde GGG-skulings het terapeutiese ondersteuning aan 2 369 vroue en hul kinders verskaf wat in 2022/23 slagoffers van misdaad en geweld was. Toegang tot korttermynskulingdienste is ook aan vroulike ouer persone en persone met gestremdhede verskaf wat tydelike verblyf in 'n veilige plek benodig het. Verder het 421 vroue toegang tot vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede gekry, wat tuisversorging en rekenaargeletterdheidsvaardighede ingesluit het. Skulingdienste is ook ingesluit as deel van die verwysingsroetes vir die slagoffers wat behandeling vir middelgebruikversteurings benodig het.
- Gedurende die 2022/23-boekjaar het die NVG 'n nuwe TSS by die Victoria-hospitaal in Wynberg geopen, wat die totale getal TSS'e in die provinsie tot agt verhoog het. Die Departement het die afgelope jaar voortgegaan om toegang tot langtermyn- psigososiale steudienste by alle TSS'e te verskaf, wat traumaberading en terapeutiese ondersteuning aan 5 376 slagoffers van seksuele misdrywe en gesinsgeweld ingesluit het. Hierdie dienste is verder versterk deur die opleiding van 19 DMO-befondsde maatskaplike werkers. Kliënte en hul gesinne is ook van berading voorsien sowel as hof- en regsondersteuningsdienste.
- Die Departement is die enigste provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in die land om 'n OSW-gedrewe model van die Khuseleka-eenstopsentrum van stapel te stuur en te implementeer. Dit is in samewerking met 'n befondsde OSW, die Saartjie Baartman-sentrum vir Vroue en Kinders in Athlone, behaal. Die sentrum het aan 1 416 vroue en hul kinders as slagoffers van misdaad en geweld steudienste verskaf. Hierdie dienste het die volgende ingesluit: skulingdienste, psigososiale steudienste, parajuridiese steudienste sowel as vaardigheidsopleiding en -ontwikkeling.
- Daarbenewens het die Departement, saam met die Verenigde Nasies se Kantoor oor Dwelms en Misdaad (Suid-Afrikaanse Streek), die HAWKS en NVG, gesamentlik 'n opleidingswerksessie oor mensehandel gefasiliteer. Die werksessie is vir 145 Wes-Kaapse SAPD-beamptes aangebied en het gefokus op belangrike regsraamwerke, begrip van die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (PACOTIP), Wet 71 van 2013 van Suid-Afrika, asook die identifisering, assessering en verwysing van slagoffers.

Subprogram 4.4: Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie

- Die opleiding en ontwikkeling van beroepschlui ten opsigte van middelgebruikversteurings om hul prestasie, kennis en vaardighede te verbeter, is steeds gedurende die oorsigbaar geprioritiseer. Dit het nege maatskaplike werkers ingesluit wat 'n opleidingsprogram goedgekeur deur die Afrika-unie in 'n universele behandelingskurrikulum vir MGS's voltooi het. 'n Verdere 48 maatskaplike werkers en 10 maatskaplikehulpwerkers het opleiding ontvang oor sifting- en assesseringsinstrumente vir MGS en programme vir kognitiewe gedragsterapie.
- Skoolgebaseerde programme het steeds toegang tot voorkomings- en vroeëintervensiedienste aan leerders in hoërisikogebiede voorsien. 1 400 leerders van gebiede soos Elsiesrivier, Mitchells Plain, Ocean View, Kuilsrivier, Gugulethu en Khayelitsha het toegang tot leerderondersteuningsprogramme gekry wat bewusmaking van MGS's verhoog het en basiese lewensvaardighede verskaf het. Hierdie programme het verder ook opvoeders ondersteun ten opsigte van die beskikbaarheid van verwysingsroetes vir leerders met MGS's.

| Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en -ondersteuning | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermd gesinsomgewings. | Afwendingsprogramme vir volwassenes in botsing met die geregt wat na afwendingsprogramme verwys is. | 4.2.1.1 Getal volwassenes in botsing met die geregt wat na afwendingsprogramme verwys is. | 4 728 | 8 080 | 5 787 | 9 035 | 3 248 | Prestasie hang af van verwysings van die howe. 'n Toename in die pleging van geringe misdade het geleid tot bykomende hofverwysings na afwendingsprogramme vir volwassenes. |
| | | 4.2.1.2 Getal volwassenes in botsing met die geregt wat afwendingsprogramme voltooi het. | 3 345 | 5 413 | 5 068 | 5 770 | 702 | Oorprestasie weens hoë getalle verwysings na afwendingsprogramme en personeel wat volwassenes aanmoedig om programme te voltooi. |

| Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en -ondersteuning | | | | | | | | |
|--|---|--|---|---|----------------------------------|----------------------------|--|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlike teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en jeugdiges word geïdentifiseer en bygestaan met psigosiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag teenwerk | Afwendingsprogramme vir kinders in botsing met die gereg is beskikbaar. ²² | 4.2.1.3 Getal kinders in botsing met die gereg wat geassesseer is. | 3 992 | 4 744 | 3 650 | 5 396 | 1 746 | Toename in getal verwysings vanaf die SAPD vir assessering. |
| | | 4.2.1.4 Getal kinders in botsing met die gereg wat na afwendingsprogramme verwys is. | 767 | 981 | 980 | 986 | 6 | Toename in verwysings vanaf die howe. |
| | | 4.2.1.5 Getal kinders in botsing met die gereg wat afwendingsprogramme voltooi het. | 387 | 625 | 813 | 923 | 110 | Positiewe gedrag en verbeterde persoonlike omstandighede het daar toe gelei dat meer kinders afwendingsprogramme voltooi het. |

²² Volgens die 2018/19-jaarverslag oor die implementering van die Wet op Kindergeregtigheid in 2010 was daar 'n afname in die getal kinders wat deur die SAPD gearresteer en aangekla is; vandaar die laer teikens vir hofverwysings.

| Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en -ondersteuning | | | | | | | | |
|--|---|--|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en jeugdiges word geïdentifiseer en bygestaan met psigosiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag teenwerk | Geregistreerde residensiële fasiliteite wat aan die Wet op Kindergeregtigheid voldoen, is beskikbaar vir verhoorafwagtende en gevonnisse kinders. | 4.2.1.6 Getal kinders wat ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid tot veilige sorg in KJSS'e ingevolge op gevonnis is. | 130 | 115 | 110 | 120 | 10 | Afhanglik van plasings soos verwys deur die howe. 'n Toename in kinders wat geplaas is ingevolge artikel 174 van die Kinderwet 38/2005 (voorlopige oordrag vanaf alternatiewe sorg) het geleid tot meer plasings gedurende die boekjaar. |
| | | 4.2.1.7 Getal kinders wat met die geregtigheidsbets wat verhoor-afwagting in veilige sorg van KJSS'e is ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid. | 836 | 832 | 850 | 857 | 7 | Afhanglik van hofversoeke vir KJSS-plasing. |

| Subprogram 4.2: Misdaadvoorkoming en -ondersteuning | | | | | | | | |
|---|--|---|--|--|--|-----------------------------------|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kwesbare kinders en jeugdiges word geïdentifiseer en bygestaan met psigososiale en gespesialiseerde intervensies wat vervreemding en uitdagende gedrag teenwerk | Kwesbare kinders en jeugdiges in die 11 hoërisikogebiede word van toepaslike gespesialiseerde intervensies voorsien. | 4.2.1.8 Getal skole in 11 polisiegebiede met die hoogste risiko en/of WKR-veiligheidsplanareas waar DMO en/of DMO-befondsde maatskaplike werkers kwesbare kinders en jeugdiges op 'n weeklikse basis vir gespesialiseerde intervensies identifiseer, assesseer, verwys en opvolg. | 3 | 2 | 26 | 2 | -24 | Prestasie hang af van skole se vraag na dienste, asook toegang tot skole. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan om met die WKOD te skakel om leerdertoegang tot maatskaplike dienste by skole in hoërisikogebiede te verbeter, asook om verwysingsroetes te versterk.

| Subprogram 4.3: Slagofferbemagtiging | | | | | | | | |
|--|---|--|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Psigososiale steundienste is beskikbaar vir slagoffers van misdaad en geweld. | 4.3.1.1 Getal slagoffers van geslagsgebaseerde geweld (GGG) wat toegang tot psigososiale ondersteuningsdienste verkry. | 17 933 | 21 878 | 18 525 | 24 388 | 5 863 | Bewusmakingsaktiwiteite, verbeterde interdepartementele verwysing deur GGG-forums en slagofferversoekte vir hofondersteuning wanneer om beskermingsbevele aansoek gedoen word, het daar toe geleid dat toenemende getalle GGG-slagoffers gebruik maak van psigososiale steundienste. |
| | | 4.3.1.2 Getal slagoffers van misdaad en geweld wat toegang tot ondersteuningsdienste vir slagoffers verkry. . | 588 | 677 | 600 | 1 525 | 925 | Toename in verwysings vir ondersteuningsdienste vir slagoffers vanaf die SAPD. |
| | Maatskaplike dienste is beskikbaar vir slagoffers van mensehandel. | 4.3.1.3 Getal slagoffers van mensehandel en hul kinders wat toegang tot maatskaplike dienste verkry. | 13 | 13 | 20 | 11 | -9 | Afhanklik van identifisering van slagoffers van mensehandel en verwysings vanaf die SAPD. |

| Subprogram 4.3: Slagofferbemagtiging | | | | | | | | |
|--|---|---|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Verskaffing van veilige verblyf aan slagoffers van misdaad en geweld. | 4.3.1.4 Getal slagoffers van misdaad en geweld toegang verkry tot dienste in befondsde skuilings van die Program vir Slagofferbemagtiging ²³ . | 1 963 | 1 903 | 1 900 | 2 369 | 469 | Toename in die vraag na skuilingdienste. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal voortgaan om opleiding- en vaardigheidsprogramme te versterk en verwysingsroetes tesame met belanghebbendes, insluitende die SAPD, te ontwikkel om slagoffers van mensehandel en hul kinders toegang tot dienste te bied.

²³ Herbenoem vanaf "Getal slagoffers van misdaad en geweld wat gebruik maak van skuilingdienste in befondsde Slagofferbemagtigingsprogramdienssentrum".

| Subprogram 4.4: Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie | | | | | | | | |
|--|--|---|---|---|-----------------------------------|----------------------------|---|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v werklike prestasie 2022/23 | Redes vir awfykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Befondsde behandelingsdienste vir binnekasiënte is beskikbaar. | 4.4.1.1 Getal diensgebruikers wat binnekasiënte-behandelings dienste voltooи het by befondsde behandelingsentrum van OSW's, die DMO-behandelingsentrum en DMO-KJSS'e. ²⁴ | 692 | 922 | 1 126 | 1 166 | 40 | Toename in die behoefte aan en verwysings na binnekasiëntbehandeling, sowel as diensgebruikers wat behandelingsprogramme voltooи. |
| | Gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste is beskikbaar. | 4.4.1.2 Getal diensgebruikers wat toegang tot gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste verkry. ²⁴ | 2 100 | 3 141 | 2 500 | 3 001 | 501 | Toename in getal diensgebruikers wat behandelingsklusse in gemeenskapsgebaseerde behandelingsprogramme en skoolgebaseerde programme gebruik en voltooи. Toeganklikheid van gemeenskapsgebaseerde behandelingsopsies is verder verbeter deur terreine na landelike gebiede uit te brei. |

²⁴ Hierdie aanwysers is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal slagoffers van middelmisbruik wat gebruik maak van ondersteuningsprogramme".

| Subprogram 4.4: Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie | | | | | | | | |
|--|---|---|---|---|-----------------------------------|----------------------------|---|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kinders en persone is veilig en woon in beskermde gesinsomgewings. | Vroeë intervensiedienste vir middelmisbruik is beskikbaar. | 4.4.1.3 Getal diensgebruikers wat vroeëintervensiedienste vir middelmisbruik ontvang. ²⁵ | 4 320 | 6 081 | 4 042 | 6 040 | 1 998 | Toename in verwysings en vraag na dienste. Die vul van vakante poste vir maatskaplike werkers het ook 'n toename in toelatings tot vroeëintervensie-programme moontlik gemaak. |
| | Nasorg- en herintegrasiedienste rakende middelmisbruik is beskikbaar. | 4.4.1.4 Getal diensgebruikers wat nasorg- en herintegrasiedienste vir middelmisbruik ontvang. ²⁶ | 1 595 | 1 816 | 1 282 | 1 921 | 639 | Meer kliënte het binnepasiënt- en gemeenskapsgebaseerde behandelingsdienste voltooï en toe gebruik gemaak van nasordienste wat op terugvalvoorkoming gefokus is. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

²⁵ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Toename in die getal mense wat gebruik maak van voorkomingsprogramme".

²⁶ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal slagoffers van middelmisbruik wat gebruik maak van ondersteuningsprogramme".

Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met gemeenskaplike funksies

Nie van toepassing nie. Die maatskaplikeontwikkelingsektor is nie doelgemaak nie en het dus nie gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die program het 99.6 persent van sy begrotingstoewysing van R488.166 miljoen vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R2.060 miljoen hou verband met onderbesteding op VvW weens diensverlatings deur personeel.

Tabel J: Subprogrambesteding

| Subprogrammaam | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|---|------------------|--------------------|------------------------|------------------|--------------------|------------------------|
| | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)/Onder-besteding |
| Herstellingsdienste | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bestuur en ondersteuning | 5 966 | 5 966 | - | 5 612 | 5 612 | - |
| Misdaadvoorkoming en -ondersteuning | 305 314 | 305 314 | - | 283 376 | 283 376 | - |
| Slagofferbemagtiging | 68 299 | 68 299 | - | 66 495 | 66 495 | - |
| Middelmisbruik, -voorkoming en -rehabilitasie | 108 587 | 106 527 | 2 060 | 110 910 | 110 910 | - |
| Totaal | 488 166 | 486 106 | 2 060 | 466 393 | 466 393 | - |

4.5 Program 5: Ontwikkeling en navorsing

Doeleindes

Voorsien volhoubare ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van gemeenskappe faciliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting.

Subprogramme

Subprogram 5.1: Bestuur en Ondersteuning

Subprogram 5.2: Gemeenskapsmobilisering

Subprogram 5.3: Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's

Subprogram 5.4: Armoedevertrekking en Volhoubare Lewensbestaan

Subprogram 5.5: Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning

Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling

Subprogram 5.7: Vroue-ontwikkeling

Subprogram 5.8: Bevordering van Bevolkingsbeleid

Uitkomste

Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering.

Kwesbare mense het voedingsondersteuning en werkgeleenthede.

Jeugdiges maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter.

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

Subprogram 5.3: Institusionele kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's

- Die Departement het voortgegaan om die OSW-sektor by te staan en te versterk op die gebied van goeie bestuur, wetgewingsnakoming sowel as organisatoriese volhoubaarheid en funksionaliteit. Gedurende 2022/23 is 61 opleidingsprogramme met 792 OSW's gefasiliteer, met 1 195 deelnemers wat dit bygewoon het. Verder is sewe induksiewerkessies met 129 nuutgeregistreerde OSW's gefasiliteer, wat bygestaan en van leiding voorsien is om te verseker dat hierdie organisasies aan die OSW-wet voldoen.
- Opleiding- en kapasiteitsbousessies is vir departementebeamptes aangebied om hul kennis en vaardighede ten opsigte van die OSW-sektor te verbeter. 13 van hierdie sessies is aangebied met 127 beamptes wat dit bygewoon het. Daarbenewens het die Departement 'n opleidingsprogram in vyf dele geïnisieer, wat beamptes ingelig en leiding gebied het oor dele van OSW-wetgewing en kodes van goeie bestuur.

Subprogram 5.4: Armoedeeverligting en Volhoubare Lewensbestaan

- Ondersteuning is gebied aan huishoudings waar voedselonsekerheid heers deur die voorsiening van voedselnoodlenigingsintervensies by die Departement se 111 voedingsterreine, sowel as die 512 gemeenskapskombuise wat deur die Departement ondersteun word. Teen Maart 2023 kon meer as 109 300 kwalifiserende begunstigdes toegang kry tot gekookte maaltye en kospakkies deur middel van departementele ondersteunde voedselnoodlenigingsintervensies.
- Spesiale projekte wat deur die Departement onderneem is, het ten doel gehad om die lewensgehalte van begunstigdes te verbeter deur hulle te help om van afhanklikheid na selfstandigheid te vorder. Hierdie projekte sluit die volgende in: 'n naaldwerk kursus vir 16 vroue wat 'n sertifikaat ontvang het na suksesvolle voltooiing en wat voorsien is van 'n wegspringpak (met materiaal) en ondersteuning van gevestigde organisasies, sowel as 'n barista-opleidingskursus wat deur 16 jeugdiges voltooi is en wat ook van fondse voorsien is vir 'n wegspringpak en ondersteuning van gevestigde organisasies om hul eie koffiewinkel te begin.
- Die program het 'n opleiding- en kapasiteitsbouprogram van drie dae vir 20 befondsde organisasies aangebied. Hierdie program het ten doel gehad om organisasies te help om hul administrasie, rekordbestuur, finansiële beheer, verslagdoening en inligtingsbestuur te versterk om goeie bestuurspraktyke te bevorder en te handhaaf. Daarbenewens het die program pasgemaakte hulpmiddelstelle verskaf om hierdie organisasies ten opsigte van hul spesifieke vereistes by te staan.
- Deur middel van kapasitasie- en bemagtigingsprogramme is agt GGO's ontwikkel tot volle funksionerende GVOS'e. Dit het hierdie GVOS'e in staat gestel om maaltye aan kwalifiserende begunstigdes te verskaf sowel as ontwikkelingsgeleenthede rakende werkgereedheid, tuinmaak, persoonlike sorg en higiëne, asook bewusmakingsaktiwiteite oor GGG en middelgebruikversteurings.
- Die Departement kon tydelike werksgeleenthede aan 1 048 UOWP-deelnemers in die loop van die 2022/23-boekjaar verskaf. Daarbenewens was die plasing van hierdie UOWP-deelnemers aanvullend tot die Departement se bestaande gemeenskap- en skoolgebaseerde dienste aan kwesbare kinders, ouer persone en persone met gestremdhede. Verder is agt UOWP-deelnemers daarna in diens geneem deur die organisasie waar hulle geplaas is.
- Die program het opleiding- en kapasiteitsbouwerksessies vir OSW's sowel as UOWP-deelnemers gefasiliteer. OSW's het opleiding ontvang oor nakomingsbestuurprogramme om gesonde bestuurspraktyke te verbeter en te handhaaf. 100 UOWP-deelnemers en ses OSW's het opleiding ontvang oor hul rolle en verantwoordelikhede soos uiteengesit in die UOWP-handleiding.

Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling

- GGO's het deur middel van die Jeugkafees intervensies in verband met GGG-voorkoming verskaf as deel van die gespesialiseerde opleiding- en mentorskapondersteuningsprogramme. Dit het 346 jongmense toegang gegee tot omvattende seksuele opvoeding, bewusmakingsaktiwiteite oor die voorkoms van GGG in gemeenskappe, asook die ontwikkeling van noodsaklike leierskap- en lewensvaardighede. Daarbenewens het meer as 500 jeugdiges en volwassenes deelgeneem aan programme oor seksuele gesondheid en welstand wat deur befondsde organisasies aangebied is.
- Pogings om entrepreneurskap onder die jeug te bevorder en aan te moedig het die DMO Jeug-ekspo, wat by die Nyanga Junction Jeugkafee aangebied is, ingesluit. Die doel van die Jeug-ekspo was om jongmense te inspireer en te fokus op die beskikbaarheid van programme oor werkgereedheid, entrepreneurskapsopleiding en vaardigheidsontwikkeling wat aangebied word om hul indiensneembaarheid te verhoog.

Ander geleenthede vir die jeug het die deelname aan en voltooiing van dievlak 6-geakkrediteerde NDMO-sakebestuurkursus deur 38 jongmense ingesluit.

- Verder het die Departement voortgegaan om die ontwikkeling van leerders wat die naskoolprogramme by die Jeugkafees bygewoon het te ondersteun. Meer as 2 500 leerders het by toegang tot akademiese en lewensvaardighedsprogramme gebaat.

Subprogram 5.8: Bevordering van bevolkingsbeleid

- As deel van bevolkingsvoorspraak en -verspreiding het die Departement drie Wes-Kaapse Proviniale Bevolkingsforums (WKPBF) aangebied, sowel as 'n seminaar oor seksuele en voortplantingsgeregte in samewerking met die nasionale DMO.
- Die Departement het verder opleiding oor menseregte, migrasie en verstedeliking vir plaaslike munisipaliteite in die Wes-Kaap gefasiliteer. Verder is 'n kapasiteitsbousessie ten opsigte van demografiese oorsig en tendense in die Overbergstreek van die Kaapse Wynlande gefasiliteer.
- Statistiese ondersteuning en kapasiteitsbou rakende StatsSA-data oor die Halfjaarbevolkingskatting is aan 'n afvaardiging van die Departement van Samewerkende Regering en Traditionele Sake (COGTA) verskaf, wat ingesluit het hoe die data vir beplanning en besluitneming in die Wes-Kaap gebruik word.
- 'n Kwantitatiewe ruimtelike ondersoek rakende bevolkingsveranderinge oor tyd vanaf 2001, 2011 tot 2021 tussen stedelike en landelike gebiede in die Wes-Kaap is voltooi. Die finale navorsingsverslag sowel as statistiese data is aan WKR-departemente verskaf om te help met die identifisering van gebiede met hoë groei en om geteikende dienslewering te steun.
- Die demografiese profiele wat oor die afgelope boekjaar voltooi is, sluit die volgende in:
 - bygewerkte data en 'n verslag vir die karteringsprojek van die Kindersorg-en-beskermingsdienste, wat geografiese gebiede spesifiek op laer vlak identifiseer wat nie deur befondsde OSW's bedien word nie;
 - kwantitatiewe GGG-profiel om geloofwaardige databronne te identifiseer en moontlike bevindings binne 'n (ruimtelike) DMO-diensleweringkonteks saam te stel en te verken;
 - kwantitatiewe profiel oor tiener-/adolessenteswangerskappe om gebiede te identifiseer waar adolessente-/tienerswangerskappe en -geboorte die meeste in 'n (ruimtelike) DMO-diensleweringkonteks voorkom;
 - twee profiele oor dienslewerdingsdruk vir die Metro-Oos- en Wynlande Overbergstreek, met behulp van statistiese geprojekteerde bevolkingsyfers wat met sosio-ekonomiese data saamgestel is;
 - gekarteerde, saamgestelde en ruimtelik-geanaliseerde informele nedersettings vir elk van die 45 departemente SOG's oor die provinsie heen.

Subprogram 5.2: Gemeenskapsmobilisering

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.3: Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's

| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
|---|---|---|--|--|--|-----------------------------------|---|---|
| Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering. | OSW's is gekapasiteer. | 5.3.1.1 Getal OSW's gekapasiteer. ²⁷ | 330 | 569 | 393 | 1 021 | 628 | Toename in die vraag na OSW-opleiding en -ondersteuning. |
| | OSW's word met registrasie bygestaan. | 5.3.1.2 Getal OSW's wat met registrasie bygestaan. ²⁷ | 701 | 1 727 | 798 | 1 735 | 937 | Toename in die vraag na bystand met nuwe registrasies en ondersteuning met registrasiенakoming. |
| | Bestuurondersteuning-opleiding is beskikbaar vir OSW's. | 5.3.1.3 Getal OSW's wat voor en ná evaluering aangedui het dat hul kennis verbeter het nadat hul bestuurondersteuning-opleiding deurloop het. | 12 | 13 | 12 | 12 | 0 | Teiken behaal. |

²⁷ Hierdie aanwysers is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal OSW's gekapasiteer".

| Subprogram 5.3: Institusionele Kapasiteitsbou (IKB) en Ondersteuning vir OSW's | | | | | | | | |
|--|--|--|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering. | 'n Mentorskaprogram is beskikbaar vir OSW's. | 5.3.1.4 Getal kwesbare OSW's wat 'n mentorskaprogram deurloop het, wie se kennis, stelsels en vermoëns verbeter het. | 0 | 24 | 12 | 10 | -2 | Onderprestasie weens een organisasie wat aan die program ontrek het en 'n ander organisasie wie se deelname beëindig is weens nienakoming. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Die Departement sal 'n nuwe metodologie en instrumente implementeer wat sal fokus op die verskaffing van organisatoriese spesifieke opleiding wat in spesifieke OSW-behoeftes voldoen. Hierdie benadering maak voorsiening vir uitgebreide opleiding wat daarop gemik is om die algehele volhoubaarheid, bestuur, aanspreeklikheid en deursigtigheid van OSW's te verbeter.

| Subprogram 5.4: Armoedeverligting en Volhoubare Lewensbestaan | | | | | | | | |
|---|--|---|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|--|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Kwesbare mense het voedingsondersteuning en werksgeleenthede. | Kwesbare persone ontvang daaglikske maaltye. | 5.4.1.1 Getal kwesbare persone wat van gesubsidieerde maaltye by departementele befondsde terreine en GVOS'e voorsien is. ²⁸ | 14 685 | 13 102 | 9 620 | 15 922 | 6 302 | Meer begunstigdes is bereik weens bykomende hulpbronne wat vir voedingondersteuningsprogramme toege wys is. |
| | UOWP-werksgeleenthede. | 5.4.1.2 Getal UOWP-werksgeleenthede geskep. ²⁹ | -30 | 2 123 | 1 886 | 1 048 | -838 | Onderprestasie weens die migrasie van VKO en gepaardgaande werksgeleenthede na WKOD, en oordragbegroting-verminderings wat daartoe geleei het dat OSW's gesukkel het om die minimum daaglikske toelae te betaal. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

- Om die skep van korttermynwerksgeleenthede te steun sal die Departement, in samewerking met sy OSW-vennote, 'n programmatiese benadering volg, wat daarop gemik is om 'n instaatstellingsomgewing te skep deur 'n roete te bied vir toegang tot werksgeleenthede, asook om kommunikasie- en verslagdoeningsmeganismes te verbeter.

²⁸ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwysers "% van voedselonsekere kwesbare huishoudings wat toegang kry tot kos deur middel van voedsel- en sekerheidsinisiatiwe" en "% van individue wat kwesbaar is vir honger wat toegang kry tot kos deur middel van voedsel- en voedingsekerheidsinisiatiwe".

²⁹ Hierdie aanwyser is gekoppel aan die MTSR-aanwyser "Getal UOWP-werksgeleenthede geskep deur DMO-programme".

³⁰ Aanwyser is nie oor gerapporteer in JPP gedurende die 2020/21-boekjaar nie; prestasies is gemeet en gerapporteer via die OUWP Nasionale Verslagdoeningstelsel.

Subprogram 5.5: Gemeenskapsgebaseerde Navorsing en Beplanning

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

Subprogram 5.6: Jeugontwikkeling

| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
|---|---|--|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|---|
| Jeugdiges maak positiewe, gesonde lewenskeuses wat hul welstand verbeter. | Jeugvaardigheidsontwikkelingsprogramme is beskikbaar. | 5.6.1.1 Getal jeugdiges wat aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem. | 12 229 | 12 615 | 10 000 | 14 566 | 4 566 | Hoë aanvraag van jeugdiges vir vaardigheidsontwikkelingsprogramme sowel as verbeterde werwingsprosesse. 'n Vennootskap met die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor om opleiding oor finansiële geletterdheid te implementeer het verder tot die oorprestasie bygedra. |
| | Befondsde Jeugkafees is in gebruik. | 5.6.1.2 Getal befondsde Jeugkafees. | 12 | 12 | 12 | 12 | 0 | Teiken behaal. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

Subprogram 5.7: Vroue-ontwikkeling

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

| Subprogram 5.8: Bevordering van Bevolkingsbeleid | | | | | | | | |
|---|--|--|---|---|-----------------------------------|----------------------------|--|---------------------|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken t.o.v. werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde korporatiewe bestuur en dienslewering. | Demografiese navorsing en profiel samestelling onderneem om die bevolking- en ontwikkelingsituasie te ontleed. | 5.8.1.1 Getal bevolkingnavorsingsprojekte voltooi. | 1 | 1 | 1 | 1 | 0 | Teiken behaal. |
| | | 5.8.1.2 Getal demografiese profielprojekte voltooi. | 6 | 6 | 6 | 6 | 0 | Teiken behaal. |
| | Programme word geïmplementeer om bewustheid van en begrip vir bevolking- en ontwikkelingskwessies te bevorder. | 5.8.1.3 Getal bevolkingskapasiteitontwikkelingssessies wat uitgevoer is. | 6 | 4 | 4 | 4 | 0 | Teiken behaal. |
| | Voorspraak-, inligting-, opvoeding- en kommunikasie-(IOK)-aktiwiteite word geïmplementeer. | 5.8.1.4 Getal bevolkingsvoorspraak-, inligting-, opvoeding- en kommunikasie-aktiwiteite (IOK) wat geïmplementeer is. | 4 | 4 | 4 | 4 | 0 | Teiken behaal. |

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

Nie van toepassing nie.

Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met gemeenskaplike funksies

Nie van toepassing nie. Die maatskaplikeontwikkelingsektor is nie doelgemaak nie en het dus nie gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers nie.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die program het 99.8 persent van sy begrotingstoewysing van R117.020 miljoen vir die 2022/23-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R279 duisend hou verband met onderbesteding op goedere en dienste weens die gebruik van elektroniese platforms, en onderbesteding op oordrag en subsidies weens uitstaande COIDA-betelings vir UOWP-werkers. Die Departement het 'n aansoek om die oorrol van onbestede fondse by die PT ingedien.

Tabel K: Subprogrambesteding

| Subprogrammaam | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|--|------------------|--------------------|------------------------|------------------|--------------------|------------------------|
| | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)/Onder-besteding | Finale begroting | Werklike besteding | (Oor-)/Onder-besteding |
| Ontwikkeling en navorsing | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bestuur en ondersteuning | 7 310 | 7 310 | - | 6 891 | 6 891 | - |
| Institutionele kapasiteitsbou (IKB) en ondersteuning vir OSW's | 3 097 | 3 096 | 1 | 2 270 | 2 270 | - |
| Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan | 86 430 | 86 288 | 142 | 62 094 | 62 094 | - |
| Jeugontwikkeling | 17 007 | 16 919 | 88 | 18 031 | 18 031 | - |
| Bevordering van bevolkingsbeleid | 3 176 | 3 128 | 48 | 3 923 | 3 923 | - |
| Totaal | 117 020 | 116 741 | 279 | 93 209 | 93 209 | - |

5. Oordragbetalings

5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite

Nie van toepassing nie.

5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite

Verwys asseblief na Bylae A: Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite.

6. Voorwaardelike toelaes

6.1 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse betaal

Geen om te rapporteer nie.

6.2 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse ontvang

Die Departement het 'n toewysing van R321.137 miljoen vir die 2022/23-boekjaar ontvang.

Voorwaardelike toelaes

Maatskaplike Sektor se UOWP-aansporingstoelae vir Provincies

Die Maatskaplike Sektor se UOWP-aansporingstoelae vir Provincies van R4.978 miljoen is aan die Departement toege wys. Hierdie toelae verskaf befondsing aan presterende programme om die dekking en reikwydte van die maatskaplike sektor se UOWP-programme uit te brei en om terselfdertyd die getal langtermynwerksgeleenthede wat geskep word om hierdie dienste te steun uit te brei. Die onbestede fondse van R58 duisend was weens uitstaande COIDA-betalings vir UOWP-werkers.

Geoormerkte Fondse

Persones met Gestremdhede

'n Geoormerkte toewysing van R57.020 miljoen is ontvang vir dienste aan persones met gestremdhede, insluitende die wetlike verpligting voortspruitend uit die hofbevel rakende kinders met ernstige intellektuele gestremdhed. Die onbestede fondse van R1.206 miljoen was weens die versuim om een bykomende aangepaste voertuig vir ernstig gestremde kinders te bekom weens aansienlike prysstyngs.

Indiensneming van Maatskaplike Werkers

Die geoormerkte bedrag van R16.514 miljoen is aangewend om die behoefté aan maatskaplike werkers die hoof te bied en om die agterstand te verminder in die getal gegradeerde in maatskaplike werk wat steeds werkloos is ná voltooiing van hul staatsgesubsidieerde opleiding.

Toevoeging van Maatskaplike Werkers

'n Geoormerkte toewysing van R21.915 miljoen is in 2022/23 ontvang om die indiensneming van maatskaplike werkers te handhaaf, veral in gebiede met 'n hoë voorkoms van GGG, MGS's en kwessies wat kinders raak.

Projek vir Sanitêre Waardigheid

'n Bedrag van R10.911 miljoen is in 2022/23 geoormerk vir die projek vir sanitêre waardigheid. Die projek het ten doel gehad om behoeftige vroulike leerders in graad 4 tot 12, wat skole in kwintiel 1 tot 5 bywoon, toegang tot basiese sanitêre produkte te bied.

MIV-voorkomingsprogramme (Programme vir Maatskaplike En Gedragsverandering)

'n Bedrag van R6.150 miljoen is in 2022/23 ontvang vir voortgesette ondersteuning van OSW's wat programme vir maatskaplike en gedragsverandering implementeer, as deel van die strategie om maatskaplike en strukturele drywers van MIV, TB en SOI's, sowel as GGG, die hoof te bied.

Inkontraktering van werksaamhede by KJSS'e: VvW

'n Bedrag van R14.728 miljoen is in 2022/23 ontvang vir die aanstelling van personeel wat benodig is by die Horizon en Clanwilliam KJSS'e.

Geweld teen vroue

R18.723 miljoen is in die 2022/23-boekjaar geoormerk vir die uitbreiding van die Slagofferbemagtigingsprogram om geweld teen vroue en kinders te bekamp.

Skuilings vir haweloses

R3 miljoen is in die 2022/23-boekjaar geoormerk vir die omskepping van die Robbie Nurock Gemeenskapsgesondheidskliniek in 'n skuiling vir haweloses.

Voedselnoodlenigingsfunksieverskuiwing, voedselverspreidingsentrums en gemeenskapsvoedingontwikkeling

'n Bedrag van R15.286 miljoen is in 2022/23 geoormerk om die voorstelling van voedingsondersteuning aan kwesbare persone deur middel van provinsiale voedselverspreidingsentrums en GVOS'e te versterk.

Maatskaplike nood (voedselnoodleniging/voeding)

'n Bedrag van R25 miljoen is in 2022/23 geoormerk om voedselnoodlenigingsmaatreëls ter ondersteuning van die Wes-Kaapse Herstelplan te versterk.

Toename in ondersteuning vir gesinne weens die impak van COVID-19, GGG, ens.

'n Bedrag van R7.5 miljoen is in 2022/23 geoormerk om gesinne wat maatskaplike dienste benodig weens ongewenste omstandighede wat deur COVID-19 en GGG veroorsaak is verder te ondersteun.

Voorwaardelike toelaes en geoormerkte toewysings

| Voorwaardelike toelaes en geoormerkte toewysings | Bedrag toegewys R'000 | Werklike besteding R'000 | Onder / (Oor) R'000 |
|---|-----------------------|--------------------------|---------------------|
| Voorwaardelike toelaes | | | |
| Maatskaplike Sektor se UOWP-aansporingstoelae vir Provincies | 4 978 | 4 920 | 58 |
| Geoormerkte befondsing | | | |
| Persone met gestremdhede | 57 020 | 55 814 | 1 206 |
| Indiensneming van maatskaplike werkers | 16 514 | 16 514 | - |
| Toevoeging van maatskaplike werkers | 21 915 | 21 915 | - |
| Projek vir sanitêre waardigheid | 10 911 | 10 911 | - |
| MIV-voorkomingsprogramme (programme vir maatskaplike en gedragsverandering) | 6 150 | 6 150 | - |
| Inkontraktering van werksaamhede by KJSS'e: VvW | 14 728 | 14 728 | - |
| Geweld teen vroue | 18 723 | 18 723 | - |
| Skuilings vir haweloses | 3 000 | 3 000 | - |
| Voedselnoodlenigingsfunksieverskuiwing, voedselverspreidingsentrums en gemeenskapsvoedingontwikkeling | 15 286 | 15 286 | - |
| Maatskaplike nood (voedselnoodleniging/voeding) | 25 000 | 25 000 | - |
| Toename in ondersteuning vir gesinne weens die impak van COVID-19, GGG, ens. | 7 500 | 7 500 | - |

Bevestiging dat alle oordragte in die geakkrediteerde bankrekening van die Provinciale Tesourie gedeponeer is

Die Provinciale Tesourie het bevestig dat alle oordragte in die geakkrediteerde bankrekening van die PT gedeponeer is.

Tabel M: Voorwaardelike toelae

| | |
|--|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur |
| Doel van die toelae | Vir die skep van UOWP-werksgeleenthede in bestaande en nuwe programme. |
| Verwagte uitsette van die toelae | <ul style="list-style-type: none"> ■ Sakeplan is goedgekeur. ■ Toelae-ooreenkoms is goedgekeur. ■ Skep van 144 werksgeleenthede. ■ Aanstelling van implementeringsvennote. ■ Voltooiing van in-jaar-monitering (IJM) om inkomste en besteding weer te gee. ■ Rapportering van werksgeleenthede via nasionale verslagdoeningstelsel. ■ Samestelling van kwartaallikse vorderingsverslae. ■ Lyn- en prestasiemonitoring van implementeringsvennote. |
| Werklike uitsette behaal | 200 werksgeleenthede geskep |
| Bedrag ingevolge gewysigde DORA | R4 978 000 |
| Bedrag ontvang (R'000) | R4 978 000 |
| Redes indien bedrag ingevolge DORA nie ontvang nie | NVT |
| Bedrag deur die Departement bestee (R'000) | R4 920 000 |
| Redes vir onbestede fondse deur die entiteit | Uitstaande COIDA-betאלings vir UOWP-werkers. |
| Redes vir afwykings van prestatie | 'n Hersiene befondsingsbenadering het voorsiening gemaak vir die skep van bykomende werksgeleenthede. |
| Maatreëls getref om prestatie te verbeter | Nie van toepassing nie. |
| Moniteringsmeganisme deur die ontvangende departement | <p>Die provinsiale Departement dien die volgende verslae by die nasionale Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur en die Provinciale Tesourie (PT) in:</p> <ul style="list-style-type: none"> ■ maandelikse IJM-verslag om besteding te monitor; ■ kwartaallikse vorderingsverslag om jongste prestatie oor aansporingstoelae te verskaf; ■ jaareindverslag om jaarlikse prestatie(s), besteding en uitdagings wat ervaar is te rapporteer; en ■ bywoning van die NDMO-koördineerdersforum om opdaterings te verskaf oor die provinsiale status rakende die aansporingstoelae en beleidsake. |

7. Skenkerfondse

Geen om te rapporteer nie.

8. Kapitaalbelegging

8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

Vordering gemaak met implementering van die kapitaal-, belegging- en batebestuursplan

Die Departement se kapitaalbeleggings bestaan hoofsaaklik uit roerende bates ten opsigte van rekenaartoerusting, meubels, motorvoertuie en ander toerusting. Die bateregister word onmiddellik met verkrygings, verkope en enige ander batebewegings bygewerk. Inligtingstegnologiebates sluit in 'n vyfjaarwaarborg in geval 'n bate onklaar raak.

Die Departement is uitsluitlik op die Dvl aangewese vir sy infrastruktuur- en instandhoudingsbehoeftes aangesien die begroting gesentraliseer is en projekbestuur by die Dvl berus. Departementele infrastruktuur- en instandhoudingsprojekte word in ooreenstemming met die departementele Gebruikersbatebestuursplan geïmplementeer en deur middel van maandelikse skakelings met die Dvl gemonitor.

Infrastruktuurprojekte (huidig en aan die gang)

- Die geskeduleerde instandhouding, in ooreenstemming met beroeps gesondheid en -veiligheid (BGV), by die Bonnytoun KJSS is tans aan die gang, met konstruksie geskeduleer om teen Maart 2024 voltooi te wees.
- Metaalplate sal die bestaande dak by die Outeniekwaland KJSS vervang, met konstruksie geskeduleer om teen April 2024 voltooi te wees.
- Die geskeduleerde instandhouding, in ooreenstemming met BGV, by die Kensington-behandelingsentrum is tans aan die gang. Die konstruksie van die bykomende fasilitet vir vroue by die sentrum is geskeduleer om in Januarie 2024 te begin.
- Die beplande opgraderings en die konstruksie van 'n bykomende slaapsaal by die Siyakatala KJSS is aan die gang, met konstruksie geskeduleer om in Januarie 2024 te begin.
- Die konstruksie van die bykomende slaapsaal by die Clanwilliam KJSS is aan die gang, met die voltooiing geskeduleer vir Mei 2023.
- Die beplande opknappings en opgraderings by die Sivuyile Residensiële Fasilitet is aan die gang, met konstruksie geskeduleer om in Junie 2023 te begin.

Planne om enige huidige fasilitete te sluit of af te gradeer

Daar is geen planne om enige huidige fasilitete te sluit of af te gradeer nie.

Vordering gemaak met die instandhouding van infrastruktuur

Daaglikse instandhouding word deur die Dvl gedoen wanneer dit deur die Departement vereis word. Die Dvl het van die instandhoudingsagterstand gedurende die verslagtydperk uit die weg geruim.

Ontwikkelings in verband met bogenoemde wat na verwagting 'n impak op die Departement se lopende besteding sal hé

Bogenoemde sal geen impak op die Departement se lopende besteding hé nie aangesien die koste deur die Dvl gedra is.

Veranderinge ten opsigte van batebesit

Die Departement se totale kapitaalbatebesit (onroerende tasbare bates, ontasbare bates en roerende tasbare bates) teen koste is R84 042 905.64 soos op 31 Maart 2023. Die jaarlikse voorraadopname is op 31 Maart 2023 voltooi. Alle batebesonderhede is in die bateregister vasgelê en is akkuraat, betroubaar, korrek geklassifiseer en verklaar. Alle verouderde, onbruikbare en beskadigde bates is van die hand gesit soos vereis en op 'n deursigtige wyse.

Ingesluit by die totale kapitaalbatebesit is 157 kapitaalkorte wat ondersoek word, hetsy deur die Direktoraat: Voorsieningskanaal- en Batebestuur of die Subdirektoraat: Interne Beheer, ten bedrae van R2 575 813.23, met 'n boekwaarde van R683 399.53, wat teen koste 3.06 persent van die totale kapitaalbatebesit verteenwoordig.

Tabel N: Die uiteensetting van die vernaamste (kapitaal-)batebesit is as volg:

| Bergplek | Kosprys R |
|---------------------------|----------------------|
| Hoofkantoor | 17 595 036.18 |
| Metro-Suid | 9 208 380.53 |
| Metro-Oos | 8 445 304.97 |
| Metro-Noord | 7 872 985.12 |
| Eden-Karoo | 8 151 777.74 |
| Kaapse Wynlande: Overberg | 8 212 610.00 |
| Weskus | 4 727 446.50 |
| Fasiliteite | 19 829 364.60 |
| Totaal | 84 042 905.64 |

Bates gedurende die 2022/23-boekjaar van die hand gesit

Altesaam 775 kapitaalbates ter waarde van R11 270 102.18 is gedurende die 2022/2023-boekjaar van die hand gesit. Die bates wat van die hand gesit is, hou verband met die volgende:

- 658 kapitaalbates, ter waarde van R8 164 835.18, is in die gewone loop van sake van die hand gesit;
- 2 motorvoertuie, ter waarde van R1 453 855.37 is aan OSW's geskenk;
- 7 kapitaalbates, ter waarde van R103 870.39 is afgeskryf as goedgekeurde verliese kragtens die verliesbeheerregister; en
- 108 kapitaalbates, ter waarde van R1 547 541.24 is ingevolge artikel 42 van die PFMA na die WKOD oorgedra.

Altesaam 2 734 klein bates ter waarde van R3 874 897.34 is gedurende die 2022/2023-boekjaar van die hand gesit. Die klein bates wat van die hand gesit is, hou verband met die volgende:

- 2 323 klein bates, ter waarde van R3 123 221.87, is in die gewone loop van sake van die hand gesit;
- 30 klein bates, ter waarde van R33 788.39, is afgeskryf as goedgekeurde verliese kragtens die verliesbeheerregister; en
- 381 klein bates, ter waarde van R717 887.08, is ingevolge artikel 42 van die PFMA na die WKOD oorgedra.

Maatreëls getref om te verseker dat die Departement se bateregister bygehou word

Bates word in die departementele bateregister op die datum van ontvangs daarvan in die LOGIS-stelsel aangeteken. Maandelikse rekonsiliasies word tussen die BRS en LOGIS uitgevoer om te verseker dat die bateregister volledig is deur die batebesteding te belyn met die BRS-proefbalans en die bateregister, insluitende die batekategorieë.

Die eenheid vir die bestuur van roerende bates doen 'n maandelikse ontleding van die bateregister en die "alles-in-diens-lysting" wat van die DvdP ontvang is om beamptes te identifiseer wat moontlik die Departement verlaat het weens aftrede, bedanking, ontslag, ens., en waar bates dalk steeds aan daardie beamptes toegeken is. Daar word van alle kostesentrums verwag om 'n kwartaallikse bateverifikasie van bates per batehouer en batekontroleur onder hul beheer uit te voer en enige veranderinge wat tydens die proses geïdentifiseer is aan die hoofkantoor te rapporteer. Dit maak voorsiening vir onmiddellike bywerking van die departementele bateregister. 'n Jaarlikse bateverifikasie word ook deur die eenheid vir die bestuur van roerende bates vir die hoofkantoor, streke en fasiliteite uitgevoer om te verseker dat die bateregister volledig en op datum is.

Die huidige stand van die Departement se kapitaalbates

Die huidige stand van die Departement se kapitaalvoorraad is as volg:

- 45 persent is in 'n goeie (bruikbare) toestand;
- 50 persent is in 'n redelike (bruikbare) toestand; en
- 5 persent van bates is in 'n swak toestand en sal vir wegdoening oorweeg word.

Groot instandhoudingsprojekte wat onderneem is

Groot instandhoudingsprojekte wat deur die Dvl onderneem is, sluit die volgende in:

- Geskeduleerde instandhouding, in ooreenstemming met BGV, by die Clanwilliam KJSS is tans aan die gang, met konstruksie geskeduleer om teen Mei 2023 voltooi te wees.
- Geskeduleerde instandhouding, in ooreenstemming met BGV, by die Horison KJSS is tans aan die gang. Die konstruksie van die bykomende slaapsaal is geskeduleer om teen Oktober 2023 voltooi te wees.
- Geskeduleerde instandhouding, in ooreenstemming met BGV, by die Vredelus KJSS is tans aan die gang, met konstruksie geskeduleer om teen November 2023 voltooi te wees.
- Opknapping van die Khayelitsha SOG (1 en 2) is geskeduleer om teen Julie 2023 voltooi te wees.

Vordering gemaak om die instandhoudingsagterstand uit die weg te ruim

Gedurende hierdie verslagtydperk het die Dvl daarin geslaag om van die instandhoudingsagterstand uit die weg te ruim. Daar is egter steeds beduidende agterstande by fasiliteite, met baie projekte in beplanning- of konstruksiefases. Instandhoudingswerk wat onderneem is terwyl fasiliteite ten volle in gebruik is, het in sommige gevalle bygedra tot vertragings in die voltooiing van die projekte.

Tabel O: Infrastruktuurprojekte

| Infrastruktuurprojekte | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|--|------------------------|--------------------------|------------------------------|------------------------|--------------------------|------------------------------|
| | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor-)/Onder-besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor-)/Onder-besteding R'000 |
| Nuwe en vervangingsbates | - | - | - | - | - | - |
| Bestaande infrastruktuurbates | | | | | | |
| • Opgraderings en aanbouings | - | - | - | - | - | - |
| • Rehabilitasie, opknappings en opgraderings | - | - | - | - | - | - |
| • Instandhouding en herstelwerk | - | - | - | - | - | - |
| Infrastruktuuroordrag | | | | | | |
| • Lopend | - | - | - | - | - | - |
| • Kapitaal | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | - | - | - | - | - | - |

Deel C: Bestuurstoesig

1. Inleiding

Die Departement se verbintenis tot die handhawing van die hoogste standarde van staatsbestuur is onderliggend aan die bestuur van openbare finansies en die toerekenbaarheid van hulpbronne. Die gemeenskap wil die versekering hê dat die Departement goeie bestuurstrukture in werking het om staatshulpbronne effektief, doeltreffend en ekonomies aan te wend, wat deur die belastingbetaler gefinansier word.

2. Risikobestuur

Die Rekenpligtige Beamppte (RB) vir die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aanvaar verantwoordelikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se Risikobestuursraamwerk vir die Openbare Sektor (PSRMF), en die Direktoraat: Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die DvdP verskaf 'n gesentraliseerde diens aan die Departement.

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBKOM) gestig om die Rekenpligtige Beamppte (RB) by te staan in die uitvoering van sy verantwoordelikhede ten opsigte van risikobestuur.

Ondernemingsrisikobestuur-en-etiekkomitee (ORBKOM): Verantwoordelikheid

Die Departement het op 8 April 2021 'n Ondernemingsrisikobestuursbeleid vir die 2021/22-2024/25-boekjare aangeneem. Hierdie beleid verwoord die risikobestuursfilosofie en omvat, op 'n hoë vlak, die rolle en verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers. Dit verskaf die grondslag vir die risikobestuursproses wat met die detail in die strategie aangevul word.

Die strategie- en implementeringsplan vir Ondernemingsrisikobestuur (ORB) sit die manier uiteen waarop die Departement te werk sal gaan om die ORB-beleid te implementeer wat deur die Rekenpligtige Beamppte (RB) aangeneem is. Hierdie ORB-strategie word gesteun deur die Provinciale Beleid en Strategie vir Ondernemingsrisikobestuur (PERMPS) sowel as sy eie ORB-beleid en risikoprofiele.

ORBKOM: Verantwoordelikheid

Die ORBKOM rapporteer dat sy verantwoordelikhede nagekom is soos voortspruitend uit artikel 38 (1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en die Staatsdiensregulasies van 2016, hoofstuk 2, deel 1, 2 en 3. Die ORBKOM rapporteer verder dat dit die toepaslike formele opdrag (soos goedgekeur deur die ORBKOM-voorsitter op 14 Februarie 2019) aangeneem het en aangeleenthede gereël het ter nakoming van hierdie opdrag en dat alle verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom is.

ORBKOM: Lede

Die ORBKOM bestaan uit die RB, topbestuur en gekose lede van die Departement se bestuurspan. Ingevolge sy opdrag het die ORBKOM vier keer gedurende die oorsigjaar vergader. Alle vergaderings is deur lede of sy/haar verteenwoordiger bygewoon.

Die tabel hier onder verskaf tersaaklike inligting oor ORBKOM-lede:

| Lid | Pos | Vergaderings bygewoon | Datum aangestel |
|------------------|---|-----------------------|-----------------|
| Dr. R. Macdonald | Rekenpligtige Beamppte (Voorsitter) | 3 | 31/03/2017 |
| Mnr. J. Smith | Hoofdirekteur: Finansiële Bestuur (HFB en risikokampvegter) | 3 | 30/03/2017 |
| Mnr. C. Jordan | Hoofdirekteur: Kinders, Gesinne en Kwesbare Groepe | 2 | 30/03/2017 |

| Lid | Pos | Vergaderings bygewoon | Datum aangestel |
|--------------------|---|-----------------------|-----------------|
| Mev. M. Johnson | Hoofdirekteur: Sakebeplanning en -strategie | 1 | 30/03/2017 |
| Mnr. M. Hewu | Hoofdirekteur: Gemeenskap- en vennootskapsontwikkeling | 2 | 30/03/2017 |
| Mev. A. van Reenen | Hoofdirekteur: Dienstleweringsbestuur en -koördinering | 3 | 01/07/2021 |
| Mev. L. Goosen | Hoofdirekteur: Maatskaplike Welsyn en Herstellingsdienste | 3 | 17/11/2020 |
| Me. R. Patel | Direkteur: Operasionele Bestuursteun | 1 | 01/01/2022 |

Die volgende is 'n aanduiding van ander beampies wat die ORBKOM-vergaderings tydens die oorsigjaar bygewoon het:

| Naam | Pos | Vergaderings bygewoon |
|------------------|---|-----------------------|
| Mnr. D. Arendse | Adjunkdirekteur: Interne Beheer | 3 |
| Mnr. S. Abrahams | Waarnemende Assistentdirekteur: Interne Beheer | 2 |
| Me. D. West | Staatsrekenmeester: Interne Beheer | 3 |
| Mnr. G. Miller | Direkteur: Navorsing en Bevolking | 2 |
| Me. M. Manuels | Staatsrekenmeester: Interne Beheer | 1 |
| Mev. A. Haq | Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP) | 3 |
| Mnr. S. Africa | Hoofrisiko-adviseur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP) | 3 |
| Mev. M. Natesan | Adjunkdirekteur: Proviniale Forensiese Dienste (DvdP) | 3 |
| Me. P. Pillay | Proviniale Forensiese Dienste (DvdP) | 3 |
| Mnr. S. Malan | Direkteur: Interne Oudit | 2 |
| Me. T. Maphisa | Proviniale Forensiese Dienste | 3 |

Ondernemingsrisikobestuurskomitee: Belangrike aktiwiteite

Die RB is die voorstander van die ORBKOM en die HFB is die risikokampvechter vir die Departement. In die uitvoering van sy werkzaamhede het die ORBKOM die volgende belangrike aktiwiteite tydens die jaar verrig:

- hersiening van die Departement se strategie- en implementeringsplan voor aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die RB;
- monitering en hersiening van risiko's in vasgestelde gegroepeerde kategorieë van aptytvlakke, hersiening en toepassing van gesikte risikoaptjt en toleransies ingeval die PERMPS soos aangeneem deur die provinsiale topbestuur;
- rapportering aan die RB oor enige wesenlike veranderinge aan die risikoprofiel van die Departement;
- bevestiging van die Departement se burgergesentreerde strategiese risiko's, wat die Departement se pogings illustreer om die bydraende faktore en uitwerkings wat direk met burgers verband hou die hoof te bied;
- ontvangs en oorweging van verslae oor risiko-intelligenste en tendense;

- identifisering van ontluikende risiko's;
- hersiening van risiko's buite die toleransievlakte vir verdere optrede/aandag;
- monitering van die implementering van die Bedrog-en-korruksievoorkomingsimplementeringsplan;
- monitering van die implementering van die departementele ORB-beleid, -strategie en -implementeringsplan;
- evaluering van die doeltreffendheid van versagtingstrategieë om die wesenlike risiko's ten opsigte van etiek en ekonomiese misdaad die hoof te bied; en
- verskaffing van toesig rakende etiekbestuur in die Departement.

Belangrike risiko's gedurende die jaar oorweeg en hanteer

Die volgende is belangrike strategiese risiko's vir die Departement wat gedurende die jaar hersien is, insluitende die assesserung van bestaande en bykomende versagtingsmaatreëls in werking:

1. **"Onvermoë om die kapasiteitsbeperkings van OSW's doeltreffend die hoof te bied".** Die moontlike permanente sluiting van diensleverende OSW's is steeds 'n belangrike beperkende faktor, insluitende befondsing as 'n bydraende faktor ten opsigte van die risiko. Alhoewel die Departement geen absolute beheer oor die risiko het nie, moet dit die statutêre dienste oorneem wat deur hierdie OSW's aan WKR-burgers gelewer word. Kritieke poste vir gemeenskapsontwikkelingspraktisyne is geadverteer vir streke om te vul. Gedurende die vierde kwartaal se oorsig is daar gerapporteer dat onderhoude vir hierdie poste afgehandel is en nominasies aan die Departementshoof (DH) vir goedkeuring voorgelê is.
2. **"Toename in hongersnood in huishoudings in baie gemeenskappe binne die WK".** Alhoewel befondsing 'n beperkende faktor ten opsigte van die risiko is, het die Departement daarin geslaag om 'n toewysing van R25 miljoen vir voedselhooftleniging gedurende die 2022/23-aansuiweringsbegroting te bekom. Daar moet egter kennis geneem word dat die verskaffing van kospakkies nie die Departement se mandaat is nie, maar dié van SASSA. Gegewe die hoë vlakke van werkloosheid en gevolglike voedselonsekerheid en toename in haweloosheid, bly die Departement steeds daartoe verbind om tydelike verblyf en dienste aan hawelose volwassenes te voorsien. Die Departement se geteikende voedingsbenadering het gekookte maaltye aan kwalifiserende begunstigdes by departementele GVOS'e en voedingsterreine oor die provinsie heen verskaf.
3. **"Veiligheid- en sekuriteitsbedreigings ten opsigte van die DMO se personeel, kliënte/inwoners, roerende en onroerende bates".** Die inherente aard van die werksfunksies van maatskaplike werkers beteken dikwels dat hulle in lewensgevaarlike situasies verkeer, of dat hulle van hul persoonlike besittings beroof word, insluitende roerende bates wat deur die Departement aan hulle voorsien word. Die risiko is in die derde kwartaal omvattend hersien en die gradering daarvan is steeds hoog omdat dit 'n ernstige bedreiging vir die werksaamhede van fasilitate/plaaslike kantore inhoud, insluitende die ligging van sekere fasilitate. Die Departement is nie in totale beheer van die risiko nie en sekere DMO-dienste kan nie gelewer word nie, bv. die middelmisbruikprogram kan nie verifikasies van ongeregistreerde behandelingsentrums uitvoer nie omdat die lewens van personeel in gevaar is. 'n Aantal aksieplanne vir implementering is deur die Departement geïdentifiseer om 'n mate van beheer toe te pas.
4. **"Onvoldoende menslike hulpbronne (binne die DMO) om die Departement se strategiese mandaat na te kom".** Die beperkende VvW-begroting, insluitende die niefinalisering van prosesse rakende organisatoriese ontwerp (OO), is steeds die belangrikste bydraende

faktore ten opsigte van hierdie risiko. Die ORBKOM het bevestig dat daar geen verdere vordering gemaak is ten opsigte van die finalisering van die OO-ondersoeke nie. Die risiko word verder vererger deur 'n deurlopende vraag na DMO-dienste deur die kwesbaarste burgers in die provinsie. Die ORBKOM het verder bevestig dat die Departement met uitdagings te make het rakende VvW en die vul van poste en, indien dit nie opgelos word nie, die situasie vinnig kan vererger. As versagtingsmaatreël steun die Departement steeds die vul van kritieke poste en die VvW-begroting.

5. **"Ondoeltreffende kontrakbestuur van OSW's (organisasies sonder winsoogmerk)".** Departemente diensvoorsienings kan in die gedrang kom weens die moontlikheid dat OSW's dienste van swak gehalte aan die kwesbaarste burgers in die provinsie lewer. Die Departement het goeie vordering gemaak met die ontwikkeling en implementering van die OSW-bestuurstelsel, wat die proses ten opsigte van verskeie kontrakte rakende finansiële inligting bestuur. Dit beoog verder om die eenvormige befondsingsiklusbetalings van OSW's te bestuur, insluitende die monitering en evaluering van die OSW's wat geldige oordragbetalingssooreenkomste met die Departement het.
6. **"Nielewering van dienste deur die Maatskaplikesekerheidsagentskap (SASSA) aan begunstigdes wat deur die DMO (spesifieke maatskaplike noodleniging) verwys word".** Die Departement het absoluut geen beheer oor hierdie risiko nie en is hoogs afhanglik van SASSA om begunstigdes wat deur die Departement verwys word van die nodige dienste te voorsien. Daar was geen positiewe beweging vir die risiko gedurende die oorsigjaar nie.
7. **"Nienakoming van statutêre vereistes ingevolge wetgewing".** Hierdie risiko is gedurende die eerste en tweede kwartaal omvattend hersien, wat tot 'n verhoging in die oorblywende gradering geleid het weens die gebrek aan voldoende befondsing om statutêre dienste te ondersteun. Die impak van die moontlike permanente sluiting van OSW's, tesame met 'n toename in die vraag na eie dienste, veral op die gebied van kinderbeskerming en middelmisbruik, is ook oorweeg. Beheermaatreëls sluit die herprioritisering van fondse, die herprioritisering van die werwing van eie personeel en die beperking van die vermindering van befondsing in brandpuntgebiede in.

Belangrike ontluikende risiko's vir die volgende boekjaar

Die belangrikste ontluikende risiko wat in die volgende boekjaar oorweeg moet word, hou verband met die Departement se vermoë om die "Toename in die vraag na die Departement se dienste deur die kwesbaarste burgers in die WK" te hanteer. Hierdie risikofaktor is steeds relevant en moet op die agenda bly aangesien dit direk gekoppel kan word aan 'n aantal van die Departement se strategiese risiko's.

Bestuur van risiko's

Gereelde strategiese en programrisikobeoordelings word uitgevoer om die doeltreffendheid van die Departement se risikobestuurstrategie te bepaal en om nuwe en ontluikende risiko's weens veranderinge in die interne en/of eksterne omgewing te identifiseer. Elke program se risiko's is gedurende die jaar oorweeg en gedebatteer, en by die kwartaallikse ORBKOM-vergaderings voorgelê. Daar is van senior bestuurders verwag om terugvoer te verskaf oor vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid dat risiko's voorkom en/of die impak daarvan, indien dit sou voorkom, te verminder. Die ORBKOM het ook risiko's wat verder ontleed moet word, terugverwys na die onderskeie programme en het bykomende versagtingsmaatreëls of aksies vir die bestuur van risiko's aanbeveel. Die bestuur neem eienaarskap van risiko's en bespreek dikwels aangeleenthede rakende risiko's op verskeie platforms as deel van sy kultuur in 'n poging om risiko's op 'n samewerkende en innoverende manier te beperk. Die Departement se ORB-beleid en -strategie word op 'n jaarlikse grondslag onder alle beampies versprei sodat personeel op alle vlakke op hoogte kan bly van verbeterings wat in werking gestel is en as 'n manier om risikobestuur in die hele Departement te veranker. Pasgemaakte en generiese risikobewusmakingssessies is ook gehou om

normbepalingselemente te deel sodat risikobestuur binne die Departement ryheid kan bereik. Aktiwiteit wat in die implementeringsplan uiteengesit word, word deurlopend gemonitor en van tyd tot tyd oor verslag gedoen, op dieselfde manier as wat lewerbares van die Jaarlikse Prestasieplan (JPP) gemonitor word om potensiële risiko's en afwykings vanaf aanwysers sowel as die bereiking van uitkomste en die nienakoming van wetgewende en beleidsmandate te bespeur.

Die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee het onafhanklike toesig oor die Departement se risikobestuurstelsel voorsien. Die Ouditkomitee is voorsien van kwartaallike ORB-vorderingsverslae en risikoregisters ten einde sy onafhanklike toesighoudingsrol te kan verrig.

Samenvatting

Die Departement het 'n ingebedde risikobestuursproses binne sy bestuursfunksies wat bestaan uit risiko's wat in strategiese en operasionele risikoregisters geïdentifiseer is en daar is oor die algemeen vordering gemaak met die bestuur van risiko's in die Departement. Risiko's waaroor die Departement nie beheer het nie bly hoog, maar word voortdurend met belanghebbendes (bv. OSW's, provinsiale departemente en semistaatsinstellings) hersien ten opsigte van duidelikheid en beter begrip rakende hul verdraagsaamheidsvlakte, versagtende faktore soos koste en die kwaliteit diens wat ontvang word. Verdere toesig word deur die Ouditkomitee verskaf om te verseker dat geïdentifiseerde risiko's op gesikte wyse hanteer word.

3. Bedrog en korruksie

Bedrog en korruksie hou beduidende moontlike risiko's vir die Departement se bates in en kan 'n negatiewe uitwerking hê op doeltreffende dienslewering en die Departement se reputasie.

Die WKR het 'n teenbedrog-en-korruksiestrategie aanvaar wat die Provinse se standpunt van geen verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korruksie bevestig. Rakende hierdie strategie is die Departement verbind tot geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte, bedrieglike of enige ander kriminele aktiwiteit, hetsy intern of eksterne, en enige partye betrokke by sulke praktyke of wat poog om dit te doen, word ingevolge alle beskikbare regsmiddele vervolg.

Die Departement het 'n goedgekeurde Bedrog-en-korruksienvoorkomingsplan en 'n daarmee gepaardgaande implementeringsplan, wat uitvoering gee aan die voorkomingsplan.

Daar is verskeie kanale om beweerde bedrog, diefstal en korruksie aan te meld, wat breedvoerig in die provinsiale Teenbedrog-en-korruksiestrategie, die WKR se Openbaarmakingsbeleid en die departementele Bedrog-en-korruksienvoorkomingsplan beskryf word. Elke aantyging wat deur die Eenheid vir Provinciale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel aangeteken, wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om verslag te doen oor vordering met gevalle rakende die Departement en om statistiek vir die WKR en Departement te genereer.

Werknemers en werkers wat onthullings oor vermoedelike bedrog, korruksie en diefstal doen, word beskerm indien die openbaarmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Bekendmakings, Wet 26 van 2000, bv. indien die openbaarmaking te goeder trou gedoen is). Die WKR se Openbaarmakingsbeleid bied riglyne aan werknemers en werkers wat oor redelike gronde beskik dat misdrywe of ongerymdahede binne die WKR begaan is of begaan word, sodat hulle hul klages onder die aandag van die betrokke lynbestuurders, spesifieke aangewese persone binne die WKR, of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly word aan enige persoon gebied wat gevalle van bedrog, diefstal en korruksie wil aanmeld, en indien hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Indien bedrog, diefstal of korruksie ná 'n ondersoek bevestig word, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het aan 'n tugverhoor onderwerp. Daar word van die WKR-verteenwoordiger wat die tugprosedures geïnisieer het, verwag om die afdanking van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie-bewyse van kriminele optrede gevind word, word 'n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhangig gemaak.

Vir die oorsigbaar het die PFD 'n Gevallevorderingsertifikaat vir die Departement uitgereik wat die volgende aandui:

| Gevalle | Getal |
|--|-------|
| Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2022 | 1 |
| Nuwe gevalle (2022/23) | 0 |
| Afgehandelde gevalle (2022/23) | (1) |
| Onafgehandelde gevalle soos op 31 Maart 2023 | 0 |

Die volgende tabel ontleed verder die afgehandelde gevalle waarna hier bo verwys word:

| |
|--|
| Aard en uitkoms van ondersoek van die afgehandelde geval |
| In 1 geval is die bewerings van onreëlmataighede en nienakoming gestaaf. |

4. Beperking van botsing van belang

'n Hoë standaard van beroepsetiek moet in die staatsdiens bevorder en gehandhaaf word. Met hierdie doel voor oë word daar van alle lede van die SBD verwag om ingevolge hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2016, die besonderhede van al hul regstreerbare belangte identifiseer ten einde billike en regverdigte administratiewe optrede deur beampies in senior poste te bevorder en sodoende die staatsdiens teen optrede te beskerm wat nadelig vir sy funksionering kan wees. Sodanige openbaarmakings vind jaarliks plaas. Indien enige botsing van belang na vore sou kom, sal dit ooreenkomsdig die Staatsdienswet en die Staatsdiensregulasies, 2016, en verwante voorskrifte hanteer word.

Ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet (soos gewysig) kan werknemers ander besoldigde werk buite hul werk in die betrokke staatsdiensdepartement verrig mits hulle geskrewe toestemming van die Uitvoerende Gesag het. Verder bepaal regulasie 13(c) van die Staatsdiensregulasies, 2016, wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, dat "'n werknemer nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in 'n amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is".

Werknemers wat nie die nodige en tydige goedkeuring verkry om vergoedende werk buite die staatsdiens (VWBSD) te verrig nie, sal aan dissiplinêre optrede onderwerp word. Werknemers wat ander VWBSD wil verrig, moet ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet aansoek doen en die regulatoriese raamwerk gebruik wat deur die Minister van Staatsdiens en Administrasie (MSDA) daargestel is, wat 'n gewysigde aansoekvorm insluit, wat by die bepaalde etiekbeampte ingedien moet word om 'n rede(s) te steun en/of aan te dui wanneer die aansoek nie gesteun word nie, voor goedkeuring deur die Uitvoerende Gesag of Gedelegeerde Gesag toegestaan sal word. Met goedkeuring reik die Uitvoerende Gesag of Gedelegeerde Gesag dan 'n Sertifikaat: Goedkeuring van Ander Besoldigde Werk uit, wat die aansoeker in kennis stel dat goedkeuring toegestaan is. Die sertifikaat stipuleer duidelik watter ander VWBSD deur die persoon verrig kan word, insluitende die tydperk. Die sertifikaat spesifieer dat indien daar gevind word dat daar nienakoming van staatsvoorskrifte is wat ander besoldigde werk reguleer, insluitend om nie sake met 'n staatsinstelling te doen nie, toestemming teruggetrek sal word en tugstappe, inlyn met die Dissiplinêre Kode en Procedures vir die Staatsdiens of SBD-handboek, ingestel sal word. Daar word ook genoem dat indien 'n persoon wil voortgaan met ander besoldigde werk ná die verstrekking van die goedgekeurde datum, 'n verdere aansoek ingedien moet word.

Alle aansoeke moet skriftelik ingedien word en moet, onder andere, die aard en omvang aandui van die besoldigde werk wat verrig gaan word, insluitende die werkstye/ure en hoe dit met die normale pligte wat deur die werknemer in die staatsdiens verrig word, verband hou (moontlike botsing van belang of redes tot kommer). Sulke aansoeke is dan onderhewig aan

hersiening. Werknemers moet jaarliks aansoek doen voor die verstryking van die tydperk soos goedgekeur deur die Uitvoerende Gesag of Gedelegeerde Gesag.

Voorts is etiekbeamptes deur die Uitvoerende Gesag aangestel om nakoming ten opsigte van openbaarmakings te monitor. Om botsende belangte in VKB-prosesse te verminder, is VKB-praktisyens en tenderkomiteelede attent gemaak op hul etiese verpligtinge, onder meer deur gedragkodes te onderteken. Wanneer enige tender of aanbod oorweeg, aanvaar of toegegewys word, moet alle lede hulle belang verklaar deur 'n vorm te voltooi en te onderteken waar hulle bevestig dat hulle as lede van die komitee nie doelbewus enigeen in die besluitnemingsproses sal bevoordeel nie.

Om nakoming van die Staatsdienswet (soos gewysig) en die Staatsdiensregulasies, 2016, te verseker, word 'n transversale geskenkebeleid, die Departement se Geskenke- en Donasieregister en geskrewe verklarings toegepas.

Die Navorsingsetiekkomitee wat in 2009 op die been gebring is, verseker die bevordering van navorsing in die Departement wat op etiese beginsels gegrond is. Die ontwikkeling van 'n navorsingsetiekbeleid lei tot die voorsiening van etiese riglyne om navorsing te onderneem.

5. Gedragkode

Die Gedragkode vir die Staatsdiens, soos vervat in hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, reguleer onder meer die gedrag van staatsamptenare en daar word van alle werknemers verwag om daaraan te voldoen. Die Gedragkode skryf norme en standarde voor ter bevordering van integriteit, en doeltreffende en doelmatige dienslewering aan die publiek; is 'n stel standarde wat die gedrag beskryf wat ons van ons werknemers verwag; en lei werknemers in wat eties van hulle verwag word, beide in hul individuele gedrag en hul verhoudings met ander.

Bewusmaking rakende die Gedragkode is bevorder via induksie-opleiding vir nuwe werknemers, interns asook personeellede en is verder versterk deur middel van nuusflitse aan alle personeellede. Virtuele inligtingssessies oor die etiese kode vir maatskaplike dienswerkers is in oorleg met die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Dienspraktisyens (SARMDP), vir maatskaplike diensberoepslei aangebied.

Die Dissiplinêre Kode en Procedures vir die Staatsdiens word gebruik om aanvaarbare gedrag te bevorder en om onaanvaarbare gedrag te vermy en reg te stel. Hierbenewens word oortredings ten opsigte van die etiese kode vir maatskaplike werkers sowel as gevalle van onetiese of onprofessionele gedrag by SARMDP aangemeld.

6. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies

Die gesondheid- en veiligheidsrisiko's in die Departement wissel van kantoor- en fasiliteitsincidente tot meer komplekse beroepsgevare soos fisiese beserings. Derhalwe is daar 'n behoefte om gesondheidsrisikobeoordelings van personeel en fasilitete op 'n jaarlikse grondslag uit te voer.

Die Departement het daarna gestreef om nakoming van alle gesondheid- en veiligheidswetgewing en wetlike voorskrifte te verseker asook deur die aanstelling van artikel 16(2)-afgevaardigdes, gesondheid- en veiligheidsverteenvoerdigers, noodontruimingspersoneel, noodhulppersoneel en deur die daarstelling van veiligheidskomitees en 'n sekuriteitskomitee. Ten einde die kapasiteit van hierdie aangewese beamptes deurlopend te ontwikkel en uit te bou, is vloerbeampte-, veiligheidsverteenvoerdiger-, brandbestryding- en noodhulpopleiding verskaf.

Maandelikse kontrolelyste is ingedien om die nakoming van die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid by elke kantoor of fasiliteit na te gaan. Kwessies wat in die kontrolelyste uitgelig word, word óf via die Departement óf deur die Dvl hanteer. Die Departement het BGV-nakoming van alle geboue/fasilitete ingesluit in sy departemente U-AMP wat aan die Dvl sowel as die PT voorgelê is.

Die departemente Sekuriteitskomitee verseker die verteenwoordiging van senior bestuurders wat verantwoordelik is vir sekuriteitsake by alle DMO-kantore, -dienspunte en -fasilitete. Die

komitee is steeds funksioneel en vergader op 'n kwartaallikse grondslag. Dit het toesig gehou oor die implementering van aanbevelings van die sekuriteitsoudit en inligtingsekuriteitsevaluering wat onderskeidelik deur die Departement van Polisieoorsig en Gemeenskapsveiligheid, die SAPD en die Staatsveiligheidsagentskap (SSA) gedoen is.

Die Departement het ook die behoeftte erken om beleide, programme en procedures te ontwikkel, te implementeer en te handhaaf om bystand te verleen met groot sakeontwrigting; vandaar die ontwikkeling van die Sakekontinuïteitsplan (SKP). Ingesluit by die SKP is die Waterreaksieplan, Brandreaksieplan en Elektrisiteitskontinuïteitsplan sowel as die Bestuur van Pandemies. Die SKP sit die stappe uiteen wat die Departement sal inisieer om stelsels te herstel en die kontinuïteit van kritieke sakefunksies met minimale hulpbronne te verseker.

7. Portefeuiljekomitees

| Datum | Kwessie | Departementele respons | Staande komitee |
|-------------------------------|---|---|---------------------------|
| 5 April 2022 | <input checked="" type="checkbox"/> GGG-implementeringsplan en vordering gemaak met implementering <input type="checkbox"/> GGG-beleid <input type="checkbox"/> Beleid oor Seksuele Teistering | 'n Voorlegging aan die komitee is gedoen. | Maatskaplike Ontwikkeling |
| 3 Mei 2022 | Besoek aan StellCARE in Stellenbosch. | Besoek is gedoen. | Maatskaplike Ontwikkeling |
| 23 Augustus 2022 | Inligtingssessie oor die monitering, evaluering en begrotingstoewysing van NRO's en dienssentrumse in die WK. | 'n Voorlegging aan die komitee is gedoen. | Maatskaplike Ontwikkeling |
| 26 Augustus 2022 | Inligtingssessie oor die programme wat in werking is om die maatskaplike faktore onder die loep te neem wat druk op die gesondheidsorgstelsel uitoefen, spesifiek in die Khayelitsha- en Mitchells Plain-distrikshospitale. | 'n Voorlegging aan die komitee is gedoen. | Gesondheid |
| 6 September 2022 | Inligtingssessie oor die befondsing van ouetehuise in die WK met 'n spesifieke fokus op landelike gebiede. | 'n Voorlegging aan die komitee is gedoen. | Maatskaplike Ontwikkeling |
| 23 September 2022 | Inligtingssessie oor die programme wat in werking is om die maatskaplike faktore onder die loep te neem wat druk op die gesondheidsorgstelsel uitoefen, spesifiek in die Khayelitsha- en Mitchells Plain-distrikshospitale. | 'n Voorlegging aan die komitee is gedoen. | Gesondheid |
| 18 Oktober 2022 | Inligtingssessie oor die jaarverslag van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling vir die 2021/2022-boekjaar. | Die vergadering is deur DMO-beamptes bygewoon. | Maatskaplike Ontwikkeling |
| 10, 13, 19 en 20 Oktober 2022 | Openbare vergaderings oor die Kinderwysigingswetsontwerp. | Die vergaderings is bygewoon en insette is gelewer. | Maatskaplike Ontwikkeling |
| 31 Oktober 2022 | Onderhandeling rakende mandaat oor die Kinderwysigingswetsontwerp. | Die vergadering is deur DMO-verteenwoordigers bygewoon. | Maatskaplike Ontwikkeling |

| Datum | Kwessie | Departementele respons | Staande komitee |
|-------------------|--|---|---------------------------|
| 28 November 2022 | Inligtingssessie oor die Wes-Kaapse Aansuiweringsbegrotingswetsontwerp. | Die vergadering is deur DMO-beamptes bygewoon. | Maatskaplike Ontwikkeling |
| 6 Desember 2022 | Versoek om die komitee van die kriteria en proses te voorsien vir die bepaling ten opsigte van wanneer, hoe en wie in 'n veilige huis geplaas of daarna verwys sal word. | Die inligting is teen die sperdatum aan die komitee voorgelê. | Plaaslike Regering |
| 28 Februarie 2023 | Inligtingssessie oor die kwartaalverslae van die Departement vir die tydperk April-Junie 2022, Julie-September 2022 en Oktober-Desember 2022. | Die inligting is teen die sperdatum aan die komitee voorgelê. | Maatskaplike Ontwikkeling |
| 17 Maart 2023 | Inligtingssessie oor die Wes-Kaapse Begrotingswetsontwerp, 2023. | Die vergadering is deur DMO-beamptes bygewoon. | Maatskaplike Ontwikkeling |

8. Staande Komitee oor Openbare Rekening (SKOOR): Resolusies

Die komitee het kennis geneem van die OGSA se auditmening oor die Departement se finansiële jaarstate vir die 2021/22-boekjaar nadat 'n skoon auditmening bekom is, met geen bevindinge oor voorafbepaalde doelwitte, tekortkominge in interne beheer en nakoming van belangrike wetgewing nie. Hierdie auditmening bly onveranderd soos vanaf die 2020/21-boekjaar.

Ouditmening

Die OGSA het geen bevindinge met die Departement geopper oor nakoming van wette en regulasies, voorafbepaalde doelwitte of tekortkominge in interne beheer nie.

Finansiële bestuur

Die Departement het vir die boekjaar onder oorsig R2.706 miljard van 'n bewilligingsbegroting van R2.726 miljard bestee, wat tot 'n onderbesteding van R20.388 miljoen (99 persent-begrottingsbesteding) gelei het. Gedurende die 2020/21-boekjaar het die Departement R2.679 miljard van 'n bewilligingsbegroting van R2.692 miljard bestee, wat tot 'n onderbesteding van R13.491 miljoen (99 persent-begrottingsbesteding) gelei het.

Die oorhoofse onderbesteding binne die Departement het in die volgende programme plaasgevind:

- Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste (R7.839 miljoen); en
- Program 3: Kinders en gesinne (R12.549 miljoen).

Gedurende die 2021/22-boekjaar het die Departement R1.965 miljoen in departementele ontvangste uit 'n geraamde invordering van R1.192 miljoen ingesamel, wat tot 'n oorinvordering van R773 duisend gelei het.

Die oorinvordering van inkomste het vir die volgende lynitems plaasgevind:

- verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates (R1 duisend); en
- finansiële transaksies in bates en laste (R772 duisend).

Resolusies

| Resolusienommer | Onderwerp | Besonderhede | Reaksie deur die Departement | Opgelos (Ja/Nee) |
|-----------------|---|--|------------------------------|------------------|
| 11.3.1 | Bladsy: 4-6 en van die inligtingsdokument van die Auditkomitee se verslag. Opskrif: "Ontluikende risiko's" Beskrywing: Die komitee neem kennis van die onluikende risiko's wat uitgelig en met die Auditkomitee bespreek is toe dit die komitee ingelig het voordat die inhoud van die Departement se jaarverslag bespreek is. | Dat die Auditkomitee die Komitee oor Openbare Rekening moet inlig oor hoe dit bestuur is, insluitende die status van die onluikende risiko's vir die 2021/22-boekjaar. | Kennis geneem | Ja |
| 11.3.2 | | Dat die Auditkomitee die Komitee oor Openbare Rekening moet inlig oor die 15 risiko's wat nie gedeck is nie en wat 'n gerusstellingsgaping van 50 persent uitmaak. | Kennis geneem | Ja |
| 11.3.3 | | Dat die Auditkomitee die Komitee oor Openbare Rekening moet inlig oor die gedifferensieerde auditmaatreëlstrategie waarna in die vergadering verwys is. | Kennis geneem | Ja |

Lys van inligting versoek

Die komitee het versoek dat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling dit van die volgende voorsien:

- 'n kopie van die hofsaak rakende gestremdheid soos deur die DH in die vergadering genoem en op bladsy 80 van die jaarverslag aangedui;
- 'n vorderingsverslag oor die prosesse rakende organisatoriese ontwerp wat uitgelig is onder kolpunt 4 van die sleutelrisiko's wat gedurende die jaar oorweeg en hanteer is soos op bladsy 89 van die jaarverslag;
- 'n verslag wat 'n gedetailleerde uiteensetting en verdere verduideliking van die voorwaardelike bates verskaf soos uitgelig onder aantekening 16.2 op bladsy 195 van die jaarverslag;
- 'n kopie van die Departement se befondsingsbeleid wat van toepassing is op alle nieregeringsorganisasies wat by die Departement om befondsing aansoek doen;
- 'n kopie van die ouditafwykingslêer soos in die vergadering genoem deur die amptenare van die Departement.

9. Voorafgaande wysiging aan auditverslae

Geen.

10. Eenheid vir Interne Beheer

Tydens die oorsigjaar het hierdie eenheid hoofsaaklik gefokus op goeie staatsbestuur, versekeringsdienste en verliesbeheer.

Goeie staatsbestuur

Die Departement het die volgende funksies ten opsigte van interne beheer verrig:

- Rapporteer maandeliks oor die status van onreëlmotige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwestende besteding (IJM).
- Bestuur gevallenleërs oor onreëlmotige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwestende besteding.
- Doen ondersoeke oor onreëlmotige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwestende besteding.
- Die Departement gebruik die ORACLE-stelsel om onreëlmotige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwestende besteding en verliesbeheer te bestuur.
- Monitor die implementering van interne en eksterne ouditaanbevelings, sowel as dié van die Korporatiewe Bestuursoorsig en Vooruitsig (CGRO).
- Hou 'n register by van geskenke en donasies aan die Departement en rapporteer kwartaalliks vir insluiting in die tussentydse en finansiële jaarstate.
- Koördineer die ORBKOM-vergaderings.
- Rapporteer maandeliks aan die PT oor betalings wat nie binne 30 dae gemaak is nie.
- Doen ondersoeke oor betalings wat nie binne 30 dae gemaak is nie.

Die Departement erken die volgende belanghebbendes, naamlik die Ouditkomitee, Interne Oudit, PT en die OGSA rakende die finalisering van sake.

Gerusstellingsdienste

Gedurende die oorsigjaar is die volgende deur die Departement uitgevoer:

- Betalings is ná verwerking geverifieer om geldigheid, akkuraatheid en auditgereedheid te verseker (+/- 28 990 betalings).
- Alle dokumente is ter wille van veilige bewaring geskandeer, sowel as 'n maatreël om verlegging te voorkom.

Bedrog en verliesbeheer

- Die Departement gebruik die ORACLE-verliesbeheerstelsel om verliese weens diefstal, beskadiging, ens., te bestuur.
- Die Departement erken die volgende belanghebbendes, naamlik die SAPD, KDS: Regsdienste, Staatsmotorvervoer (SMV) en die PT rakende die finalisering van sake.
- Gedurende die verslagtydperk is 68 sake (GG-voertuigongelukke en -skade, bates) gefinaliseer en afgeskryf.

11. Interne Oudit en Ouditkomitees

Interne Oudit voorsien die bestuur van onafhanklike, objektiewe gerusstellings- en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en deurlopend die werksaamhede van die Departement te verbeter. Dit moet die Departement bystaan om sy doelwitte te behaal deur middel van 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van prosesse vir bestuursoorsig, risikobestuur en -beheer. Die volgende belangrike aktiwiteite word in hierdie oopsig uitgevoer:

- evaluering en toepaslike aanbevelings om die bestuurtoesigprosesse te verbeter ter bereiking van die Departement se doelwitte;
- evaluering van die toereikendheid en doeltreffendheid van die risikobestuursproses en om tot die verbetering daarvan by te dra; en
- bystand aan die Rekenpligtige Beampte met die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheermaatreëls deur dié maatreëls te evalueer om hul doeltreffendheid en effektiwiteit te bepaal, en deur aanbevelings vir versterking of verbetering te ontwikkel.

Werksaamhede van Interne Oudit wat gedurende die oorsigjaar vir die Departement voltooï is, het vier gerusstellingsoudits, een konsultasie-interaksie en ses opvolgoudits ingesluit. Die besonderhede van hierdie interaksies is by die Ouditkomitee se verslag ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n oorsigliggaam aangestel en voorsien onafhanklike oorsig rakende prosesse vir bestuursoorsig, risikobestuur en -beheer in die Departement, wat oorsig oor en hersiening van die volgende insluit:

- Interne Oudit-funksie;
- Eksterne Oudit-funksie (OGSA);
- departementele boekhouding en verslagdoening;
- departementele rekeningkundige beleide;
- OGSA se bestuur- en auditverslag;
- departementele in-jaar-monitering;
- departementele risikobestuur;
- Interne Beheer;
- voorafbepaalde doelwitte; en
- etiek, bedrog en korruksie.

Die tabel hier onder verskaf tersaaklike inligting oor lede van die Ouditkomitee:

| Naam | Kwalifikasies | Intern of ekstern | Indien intern, pos in die Departement | Datum aangestel | Datum bedank | Getal vergaderings bygewoon |
|---------------------------------|--|--------------------------|--|--|-------------------------|--|
| Mnr. P. Strauss (Voorsitter) | BCom Rekeningkunde; BCompt (Honneurs); CA (SA) | Ekstern | NVT | 1 Januarie 2022 (2de termyn) | NVT | 8 |
| Mnr. E. Abrahams | BCom Rekeningkunde (Honneurs) | Ekstern | NVT | 1 Januarie 2022 (2de termyn) | NVT | 8 |
| Me. A. Cilliers | BCompt (Honneurs); CA (SA) | Ekstern | NVT | 1 Januarie 2022 (2de termyn) | NVT | 8 |
| Me. F. Mohamed | BCompt (Honneurs); CA (SA) | Ekstern | NVT | 1 Januarie 2022 (1ste termyn) | NVT | 7 |

12. Verslag van die Ouditkomitee

Dit is vir ons 'n voorreg om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2023 voor te lê.

Ouditkomitee: Verantwoordelikheid

Die Ouditkomitee rapporteer dat al sy verantwoordelikhede voortspruitend uit artikel 38 (1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 3.1. nagekom is. Die Ouditkomitee rapporteer verder dat toepaslike, formele opdragte as die Handves van die Ouditkomitee aanvaar is, aangeleenthede ter nakoming van hierdie handves gereguleer is en dat alle verantwoordelikhede daarin vervaat, nagekom is.

Die doeltreffendheid van interne beheer

Daar word van die Departement vereis om stelsels van interne beheer te ontwikkel en te handhaaf wat die waarskynlikheid van die bereiking van sy doelwitte sal verbeter, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin dit werksaam is, om doeltreffendheid en effektiwiteit van werksaamhede te bevorder, en om betroubare verslagdoening en nakoming van wette en regulasies te steun. Die WKR het 'n gekombineerde gerusstellingsraamwerk aanvaar wat gerusstellingsverskaffers identifiseer en integreer. Die eerste vlak van gerusstelling is bestuursgerusstelling, wat van lynbestuur vereis om doeltreffende maatreëls vir interne beheer te handhaaf en daardie procedures op 'n daaglikske basis uit te voer deur middel van toesighoudende beheermaatreëls en remediërende stappe waar nodig. Die tweede vlak van gerusstelling is interne gerusstelling wat verskaf word deur funksies apart van direkte lynbestuur, wat belas is met die beoordeling van die nakoming van beleide, procedures, norme, standarde en raamwerke. Die derde vlak van gerusstelling is onafhanklike gerusstellingsverskaffers, wat geleei word deur professionele standarde wat die hoogste vlakke van onafhanklikheid vereis.

'n Risikogebaseerde gekombineerde gerusstellingsplan is vir die Departement ontwikkel en deur Interne Oudit gefasiliteer, wat ook 'n onafhanklike gerusstellingsverskaffer is. Interne Oudit voorsien die Ouditkomitee en die bestuur van redelike gerusstelling dat maatreëls vir interne beheer voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde plan vir interne audit, assessering deur Interne Oudit van die toereikendheid van beheermaatreëls wat die risiko's mitigeer, en monitering deur die Ouditkomitee van die implementering van korrektiewe optrede.

Die volgende Interne Oudit-aksies is deur die Ouditkomitee goedgekeur en gedurende die oorsigjaar voltooi:

Gerusstellingsaksies:

- Jeugkafees
- OSW-bestuurstelsel
- Assessering van Eenheid vir Interne Beheer
- Program vir Sanitaire Waardigheid

Konsultasieaksie:

- Bestuur van klagtes

Die areas vir verbetering, wat deur Interne Oudit tydens hul werkzaamhede uitgewys is, is deur die bestuur aanvaar. Die Ouditkomitee monitor die implementering van die ooreengekome aksies op 'n kwartaallikse grondslag.

In-jaar-monitering: Maandelikse/kwartaallikse verslae

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse verslae oor bestuur en prestasies gedurende die jaar, soos uitgereik gedurende die oorsigjaar deur die Rekenpligtige Beampete van die Departement ingevolge die Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste.

Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate, vir insluiting by die jaarverslag, hersien en bespreek;
- die OGSA se bestuursverslag en die bestuur se respons daarop hersien;
- veranderinge aan rekeningkundige beleide en praktyke soos gerapporteer in die finansiële jaarstate hersien; en
- wesenlike aanpassings voortspruitend uit die audit van die Departement hersien.

Nakoming

Die Ouditkomitee het die Departement se prosesse in verband met die nakoming van wetlike en regulatoriese bepalings hersien.

Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos gerapporteer in die jaarverslag hersien.

Verslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het op 'n kwartaallikse grondslag die Departement se implementeringsplan vir ouditkwessies soos gerapporteer in die vorige jaar hersien. Ons het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat voortspruit uit die regulatoriese audit nie. Korrektiewe optrede oor die gedetailleerde bevindinge wat deur die OGSA gerapporteer is, word op 'n kwartaallikse grondslag deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening aangaande die finansiële jaarstate en stel voor dat hierdie geouditeerde state aanvaar word en saam met hul verslag gelees word.



Mnr. Pieter Strauss
Voorsitter van die Maatskaplike Kluster se Ouditkomitee
Datum: 11 Augustus 2023

13. Prestasie-inligting oor BBSEB-nakoming

Die volgende tabel is voltooï ingevolge die nakoming van die vereistes van Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) van die BBSEB-wet (2013) en soos bepaal deur die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging.

| Het die Departement/Openbare Entiteit enige toepaslike Kode van Goeie Praktyk (BBSEB-sertifikaatvlak 1-8) met betrekking tot die volgende toegepas: | | |
|--|-----------------------|---|
| Kriteria | Respons Ja/Nee | Bespreking |
| Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die uitreiking van lisensies, koncessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit kragtens enige wet? | NVT | NVT |
| Ontwikkeling en implementering van 'n voorkeurverkrygingsbeleid? | JA | <p>Die Departement het 'n hersiene RBS in 2022 geïmplementeer wat die toepassing van voorkeurverkryging dek. Die RBS word op die VKB-proses toegepas wanneer die verkryging van goedere en dienste afgehandel is.</p> <p>Hierdie beleidsdokument is gebaseer op die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000, en sy gepaardgaande Voorkeurverkrygingsregulasies. Ná die uitreiking van die hersiene Voorkeurverkrygingsregulasies (2022), het die Provinciale Kabinet goedgekeur dat die status quo steeds geld ten opsigte van hoe voorkeure via die BBSEB-telkaart toegepas word, as 'n tussentydse strategie om stabiliteit in die verkrygingstelsel te verseker terwyl 'n tegniese hersiening deur die Provinciale Tesourie onderneem word om 'n haalbare weg vorentoe te bepaal.</p> <p>Die Departement pas in sekere gevalle streeksaanwysers via die e-verkrygingstelsel toe om die plaaslike ekonomie te stimuleer waar die goedere of dienste benodig word.</p> |
| Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit? | NVT | - |
| Ontwikkeling van kriteria om vennootskappe met die privaat sektor aan te gaan? | NVT | - |
| Bepaling van kriteria vir die toekenning van aansporings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van BBSEB? | NVT | - |

Deel D: Menslikehulpbronbestuur

1. Inleiding

Ons bydrae tot die werk van die WKR is as gevolg van die volgehoue en dikwels onbaatsugtige werk van die mense in die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om voortdurend verbeterde dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer is nie sonder sy eie uitdagings nie. Die moderne landskap betreffende mensebestuur het die afgelope paar jaar beduidend verander en vereis komplekse navigasie tussen 'n verskeidenheid mededingende veranderlikes.

Afgesien van die feit dat hierdie veranderlikes interafhanklik is en onderling verband hou, word hulle ook deur streng reëls en regulasies beheer, wat 'n uitdaging kan wees wanneer inisiatiewe rakende personeelbehoud en -aantrekking ondersoek word.

